

Hersiening van omgewingsverwante wetgewing ter verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel

Inge Snyman

21641935

Skripsi voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad *Magister Legum* in Omgewingsreg en -beheer aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: **Dr Anél Gildenhuys** (Fakulteit Regte, NWU)

Mei 2015

Dit begin alles hier™

ERKENNINGS

- My studieleier, Dr Anél Gildenhuys, vir die goeie akademiese voorbeeld wat sy stel, haar deurlopende ondersteuning, geduld, waardvolle insette en onverdeelde belang by my studie.
- Christine Bronkhorst van die Ferdinand Postma-Biblioteek by die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) vir haar vriendelike hulp en navorsingsondersteuning.
- Stefan van Zyl vir die keurige taalversorging van hierdie skripsie.
- Vriende en familie vir hulle deurlopende toegeneentheid, motivering en belangstelling.
- Marilize de Beer vir haar liefde en konstante ondersteuning oor die afstand heen.
- Ek dra hierdie studie op aan my ouers, Jan en Greta Snyman – my sukses is julle sukses.
- My Hemelse Vader, vir oorvloedige geleentheid en guns.

OPSOMMING

Die ontwikkeling van wetgewing vir die progressiewe verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel, word as 'n nasionale en internasionale doelwit bestempel. Artikel 27(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 plaas 'n mandaat op die Suid-Afrikaanse regering om redelike wetgewende en ander maatreëls te tref ten einde, binne sy beskikbare middedele, die reg op toegang tot voldoende voedsel toenemend te verwesenlik. Die Verenigde Nasies se *Food and Agricultural Organization* stel 'n drievlakstrategie vir die implementering van die reg op voedsel op nasionale wetgewende vlak voor, naamlik deur: grondwetlike erkenning, die implementering van 'n voedselraamwerk-wet en die hersiening van relevante sektorale wetgewing. Hierdie studie fokus op die laaste vlak van wetgewende voorsiening, naamlik die hersiening van sektorale wetgewing wat 'n invloed het, of moontlik kan hê, op die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel. Die reg op toegang tot voldoende voedsel beskik oor multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale eienskappe wat gevvolglik verskeie sektore by die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel betrek. Die *Food and Agricultural Organization* is van mening dat die beoogde doelwit is om alle sektorale wetgewing wat moontlik 'n invloed op die beskikbaarheid, stabiliteit, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel kan uitoefen het, te identifiseer en te hersien aan die hand van 'n voorgestelde hersieningsproses. Hierdie voorgestelde hersiening is gevvolglik omvangryk en uiteenlopend en daarom word daar vir die doel van hierdie studie slegs op die hersiening van relevante omgewingsverwante wetgewing gefokus. Die *Food and Agricultural Organization* maak egter nie aanbevelings ten opsigte van die spesifieke aspekte wat in omgewingsverwante wetgewing vervat moet wees ten einde by te dra tot die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel nie (met ander woorde die aspekte waaraan omgewingsverwante wetgewing geëvalueer kan word). Daarom bevat hierdie studie saamgestelde hersieningsriglyne wat gebruik kan word by die hersiening van omgewingsverwante wetgewing. Die geselekteerde Suid-Afrikaanse wetgewing wat aan die *Food and Agricultural Organization* se hersieningsproses, asook die saamgestelde hersieningsriglyne in hierdie studie, onderwerp word, is: die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998; die *Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne* 43 van 1983 en die *National Climate Change Response White Paper* van 2011.

Sleutelwoorde: natuurlike landbouhulpbronne, omgewingsverwante wetgewing, reg op toegang tot voldoende voedsel, sektorale wetgewing, wetgewende hersiening

ABSTRACT

The development of legislation for the progressive realisation of the right to access to sufficient food is labelled as an international and national objective. Section 27(2) of the *Constitution of the Republic of South Africa*, 1996 assigns a compulsory mandate to the South African government to take reasonable legislative and other measures, within its available resources, to achieve the progressive realisation of the right to access to sufficient food. The United Nations' *Food and Agricultural Organization* proposes a three-level strategy for the implementation of the right to food on a national legislative level, namely through: constitutional recognition, the implementation of a food framework law and the reviewing of relevant sectoral legislation. This study focuses on the last level of legislative provisioning, namely the reviewing of relevant sectoral legislation which influences, or possibly can, influence the realisation of the right to access to sufficient food. The right to access to sufficient food has multidimensional, interdisciplinary and cross-sectoral characteristics and consequently various sectors are involved in the realisation of the right to access to sufficient food. The Food and Agricultural Organization determines that the intended purpose will be to identify and review all sectoral legislation that might influence the availability, stability, access and adequacy of food, by means of a proposed reviewing process. The suggested reviewing process of the Food and Agricultural Organization is comprehensive and diverse and therefore the focus of this study is only based on the reviewing of relevant environmentally related legislation. The Food and Agricultural Organization does not make recommendations with regard to the specific aspects that need to be incorporated in environmental-related legislation to contribute to the progressive realisation of the right to access to sufficient food (in other words the aspects against which environmental-related legislation can be evaluated). Therefore this study contains compiled guidelines that can be used to review environmentally related legislation. The selected South African legislation, which will be subjected to the Food and Agricultural Organizations' reviewing process, including the compiled guidelines for the reviewing of environmental-related legislation as contained in this study, includes: the *National Environmental Management Act* 107 of 1998; the *Conservation of Agricultural Resources Act* 43 of 1983 and the *National Climate Change Response White Paper* of 2011.

Key words: environmental-related legislation, legislative review, natural agricultural resources, right to access to sufficient food, sectoral legislation

INHOUDSOPGawe

LYS VAN AFKORTINGS	iii
HOOFSTUK 1	1
1 Inleiding en probleemstelling.....	1
HOOFSTUK 2	6
2 Algemene agtergrond tot sektorale wetgewing.....	6
2.1 Omskrywing en inleidende opmerkings	6
2.2 Voorbeelde van sektorale wetgewing verbandhoudend tot die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel.....	8
2.2.1 <i>Omgewings- en landbou-aangeleenthede</i>	8
2.2.2 <i>Voedselstelsels</i>	11
2.2.3 <i>Die ekonomiese en handel</i>	12
2.2.4 <i>Arbeidsaangeleenthede</i>	12
2.2.5 <i>Maatskaplike aangeleenthede.....</i>	13
2.2.6 <i>Grondhervorming</i>	15
HOOFSTUK 3	16
3 Die FAO se drievlakstrategie vir die daarstelling van wetgewende en ander maatreëls vir die reg op toegang tot voldoende voedsel.....	16
3.1 Inleidende opmerkings	16
3.2 'n Oorsig van die FAO se drievlakstrategie.....	18
3.2.1 <i>Die inkorporasie van die reg op toegang tot voldoende voedsel in lande se grondwette.....</i>	18
3.2.2 <i>Die ontwikkeling en aanneming van raamwerkwetgewing</i>	22
3.2.3 <i>Die hersiening van sektorale wetgewing wat 'n invloed het of selfs kan hê op die reg op toegang tot voldoende voedsel.....</i>	23
HOOFSTUK 4	43
4 Die hersiening van geselekteerde Suid-Afrikaanse omgewingsverwante wetgewing.....	43

4.1	<i>Artikel 24 van die Grondwet.....</i>	44
4.2	<i>NEMA</i>	48
4.2.1	<i>Inleidende opmerkings</i>	48
4.2.2	<i>Die definisie van "omgewing".....</i>	48
4.2.3	<i>Die nasionale omgewingsbestuurbeginsels</i>	50
4.2.4	<i>Sosio-ekonomiese impakstudies.....</i>	55
4.3	<i>CARA.....</i>	57
4.3.1	<i>Toepassing van riglyn 1</i>	58
4.3.2	<i>Toepassing van riglyn 2</i>	60
4.3.3	<i>Toepassing van riglyn 3</i>	61
4.3.4	<i>Toepassing van riglyne 4 en 5</i>	61
4.3.5	<i>Toepassing van riglyn 6</i>	62
4.3.6	<i>Die rol van die Draft Conservation of Agricultural Resources Amendment Bill</i>	62
4.3.7	<i>Gevolgtrekking: die CARA</i>	63
4.4	<i>Toekomstige klimaatsveranderingwetgewing en die National Climate Change Response White Paper van 2011</i>	64
4.5	<i>Gevolgtrekking</i>	66
HOOFSTUK 5		68
5	<i>Gevolgtrekking en aanbevelings</i>	68
5.1	<i>Gevolgtrekking</i>	68
5.2	<i>Aanbevelings.....</i>	72
BIBLIOGRAFIE		74
Tabel 1: Hersieningsriglyne		41

LYS VAN AFKORTINGS

ACHPR	<i>African Commission on Human and Peoples' Rights</i>
CARA	<i>Conservation of Agricultural Resources Act 43 van 1983</i>
ICESCR	<i>International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights (1966)</i>
ESR Review	<i>Economic and Social Rights in South Africa</i>
FAO	<i>Food and Agricultural Organization</i>
HAT	Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal
IPCC	<i>Inter-governmental Panel on Climate Change</i>
KAS	Konrad Adenauer Stiftung
KH	Konstitusionele Hof
NCCRWP	<i>National Climate Change Response White Paper van 2011</i>
NEMA	<i>National Environmental Management Act 107 van 1998</i>
NEM:AQA.	<i>National Environmental Management: Air Quality Act 39 van 2004</i>
NEM:BA	<i>National Environmental Management: Biodiversity Act 10 van 2004</i>
NEM:ICMA	<i>National Environmental Management: Integrated Coastal Management Act 24 van 2008</i>
NEM:PAA	<i>National Environmental Management: Protected Areas Act 57 van 2003</i>
NEM:WA	<i>National Environmental Management: Waste Act 59 van 2008</i>
NWW	<i>Nasionale Water Wet 36 van 1998</i>
PER	<i>Potchefstroomse Elektroniese Regsblad</i>
PULP	<i>Pretoria University Law Press</i>
SAJELP	<i>South African Journal of Environmental Law and Policy</i>
SAJHR	<i>South African Journal on Human Rights</i>
THRHR	Tydskrif vir Hedendaags Romeins-Hollandse Reg

UNCDF	<i>United Nations Capital Development Fund</i>
UNFCCC	<i>United Nations Framework Convention on Climate Change</i>
WAT	Woordeboek van die Afrikaanse Taal

HOOFTUK 1

1 Inleiding en probleemstelling

Die ontwikkeling van effektiewe wetgewing vir die progressiewe verwesenliking van die reg op voedsel,¹ word as 'n internasionale en nasionale doelwit bestempel.² Die Verenigde Nasies se *Food and Agricultural Organization*,³ het ten doel om nasionale en internasionale aksie rakende voedselverwante kwessies (insluitende voedselsekerheid en meer spesifiek die reg op voedsel) te bevorder en te implementeer.⁴ Die FAO⁵ stel 'n drievlakstrategie vir die implementering van die reg op voedsel op nasionale wetgewende vlak voor, naamlik deur:

- (a) inkorporasie van dié reg in lande se grondwette;⁶
- (b) die ontwikkeling en aanneming van raamwerkwetgewing;⁷ en
- (c) hersiening van sektorale wetgewing wat 'n invloed het, of selfs kan hê, op hierdie fundamentele reg.⁸

Wat die eerste vlak betref, moet daar genoem word dat die reg op toegang tot voldoende voedsel reeds in artikel 27(1)(b) van die *Grondwet van die Republiek van*

1 Die reg op voedsel is in a 25 van die *Universal Declaration of Human Rights* van 1948 bevestig en as 'n fundamentele reg erken. Sedertdien is dié reg in 'n variasie van bindende en nie-bindende internasionale instrumente erken, waaronder a 11 van die *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights* van 1976. Die reg op toegang tot voedsel en die reg om vry te wees van honger is bevestig gedurende die 1996 *World Food Summit*, waartydens 'n proses om dié fundamentele reg toenemend te verwesenlik, ondersoek is. Daar bestaan verskeie erkende metodes vir state om die reg op voedsel as 'n fundamentele reg te erken en, hierdie metodes sluit verskeie normatiewe benaderings in. Suid-Afrika erken egter in a 27 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 (hierna die *Grondwet*) 'n reg op toegang tot voldoende voedsel (eie beklemtoning). Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar verwys word na die reg op toegang tot voedsel in oorleg met a 27 van die *Grondwet*. Sien afdeling 3.2.1 van hierdie studie wat handel oor die verskillende wyses waarop lande 'n reg op voedsel in grondwette kan inkorporeer asook vir 'n bespreking aangaande a 27 van die *Grondwet*.

2 Departement van Landbou *Integrated Food Security Strategy for South Africa* 5.

3 Hierna die FAO.

4 Shaw *World Food Security: A History since 1945* 9.

5 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 3.

6 FAO *Right to Food Handbooks: The Right to Food within the International Framework of Human Rights and Country Constitutions* 11. Sien ook FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 31. Sien afdeling 3.2.1 van hierdie studie.

7 Anders gestel: "Framework law". FAO *Right to Food Handbooks: Development of Specific Right to Food Legislation* 2. FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 51. Sien afdeling 3.2.2 van hierdie studie.

8 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 2. FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 183. Die *Food and Agricultural Organization* se hersieningsproses is omvangryk en uiteenlopend en daarom word daar vir die doel van hierdie studie slegs op die hersiening van relevante sektorale omgewingswetgewing gefokus. Sien afdelings 3.2.3 en 4 van hierdie studie.

Suid-Afrika, 1996⁹ verskans word.¹⁰ Artikel 27(2) van die *Grondwet* plaas 'n mandaat op die Suid-Afrikaanse regering om redelike wetgewende en ander maatreëls te tref, ten einde, binne sy beskikbare middele, die reg op toegang tot voldoende voedsel toenemend te verwesenlik.¹¹ Die Suid-Afrikaanse regering gee tans uitvoering aan hierdie mandaat deur verbandhoudende beleide, strategieë en programme te implementeer.¹² Voedselsekerheid word dienooreenkomsdig as 'n uitvloeisel of gevolg van die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel bestempel wat bereik word indien die regering, deur die werking van hierdie wetgewende en ander maatreëls, fisiese, finansiële en sosiale toegang tot voldoende voedsel vir alle individuele in Suid-Afrika teweegbring.¹³

Wat raamwerkwetgewing vir die reg op toegang tot voldoende voedsel betref (vlak twee soos aangedui), was daar in Suid-Afrika gedurende 2002 'n poging tot 'n konsepwetsontwerp, naamlik die *National Food Security Draft Bill*.¹⁴ Dié konsepwetsontwerp sou poog om alle aspekte aangaande die reg op toegang tot voldoende voedsel te integreer en te hanteer.¹⁵ Sedertdien het daar egter niks van hierdie konsepwetsontwerp gekom nie.

In die laaste instansie stel die FAO¹⁶ voor dat sektorale wetgewing wat 'n invloed op die reg op voedsel kan hê, hersien moet word om voorsiening te maak vir die verwesenliking van hiérdisie reg (vlak drie soos aangedui). Vir die doeleindes van hierdie studie verwys sektorale wetgewing na wetgewing wat 'n spesifieke gebied, bedryf of terrein se handelinge reguleer en bestuur.¹⁷ Vanweë die feit dat Suid-Afrika nie tans oor 'n geïntegreerde en oorkoepelende wet (of anders gestel 'n

9 Hierna die *Grondwet*.

10 A 27(1)(b) van die *Grondwet*.

11 A 27(2) van die *Grondwet*.

12 Terblanche en Pienaar 2012 PER 232. Die mees onlangse Suid-Afrikaanse maatreëls is te vind in die *National Policy on Food and Nutrition Security* van 2013.

13 Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 27, 32.

14 Terblanche en Pienaar 2012 PER 232.

15 Khoza 2004 SAJHR 681; Terblanche en Pienaar 2012 PER 232; Coomans en Yakpo 2004 AHRLJ 32.

16 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 2. FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 183.

17 Koch *The Food Security Policy Context in South Africa* 30. Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 309. Hierdie definisie is geformuleer deur die betekenis van "sektor" en "wet" te bestudeer in Odendaal en Gouws *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* 951 en 1359; asook Buro van die WAT *Sinonieme en verwante woorde* 332; 481.

voedselraamwerk) beskik nie, blyk dit dat Suid-Afrika, volgens die FAO¹⁸ se drievlakstrategie, tussentyds op die hersiening van relevante sektorale wetgewing (as wetgewende maatreëls in terme van artikel 27(2) van die *Grondwet*) moet fokus.

Ter wille van kontekstualisering, bevat Hoofstuk 3 van hierdie studie 'n oorhoofse bespreking rakende die FAO se voorgestelde drievlakstrategie in samehang met die huidige Suid-Afrikaanse posisie. Lande word genoodsaak om, ten spyte van grondwetlike voorsiening¹⁹ en raamwerkwetgewing,²⁰ sektorale wetgewing te onderwerp aan 'n hersieningsproses²¹ ten einde te bepaal of 'n spesifieke sektor se wetgewing versoenbaar is met die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel.²²

Die FAO²³ is van mening dat die beoogde doelwit sal wees om alle sektorale wetgewing wat moontlik 'n invloed op die beskikbaarheid,²⁴ stabiliteit,²⁵ toeganklikheid²⁶ en toereikendheid²⁷ van voedsel kan uitoefen, te identifiseer en te hersien aan die hand van 'n voorgestelde hersieningsproses soos vervat in die FAO se *Guide on Legislating for the Right to Food*.²⁸ Dié proses beskik oor multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale eienskappe²⁹ wat voorsiening

18 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 183. FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 2.

19 Sien afdeling 3.2.1 van hierdie studie.

20 Sien afdeling 3.2.2 van hierdie studie.

21 Sien afdeling 3.2.3 van hierdie studie.

22 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 2 en FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 185. Sien afdeling 2.2 van hierdie studie.

23 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 183. FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 2.

24 Die beskikbaarheidselement van voedsel word gemeet aan die beschikbaarheid van voedsel vanuit die ontginding van natuurlike hulpbronne (deur aanplanting of produksie) of deur verkope by markte of winkels. Sien die Office of the United Nations High Commissioner for Human Rights se *Fact Sheet No. 34: The Right to Adequate Food* 2.

25 Die stabiliteit van voedsel sluit aan by die konstante produksie en beschikbaarheid daarvan. Sien die Office of the United Nations High Commissioner for Human Rights *Fact Sheet No. 34: The Right to Adequate Food* 2.

26 Die toeganklikheidselement van voedsel word gemeet aan die ekonomiese en fisiese toegang tot voedsel. Sien onderskeidelik afdelings 2.2.4 en 2.2.5 van hierdie studie. Sien die Office of the United Nations High Commissioner for Human Rights se *Fact Sheet No. 34: The Right to Adequate Food* 2-3.

27 Die toereikendheidselement van voedsel word gemeet aan die dieetbehoeftes van individue wat gevolelik 'n bydrae lewer tot individue se lewenskwaliteit. Sien die Office of the United Nations High Commissioner for Human Rights se *Fact Sheet No. 34: The Right to Adequate Food* 3.

28 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 190.

29 Khoza "The Role of Framework Legislation" 196. Sien verder Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 33. Die proses moet beskik oor multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale eienskappe, omdat die werking van uiteenlopende faktore en sektore in ag

maak vir verskillende wetgewende moontlikhede om die reg op toegang tot voldoende voedsel te verwesenlik.³⁰ In hierdie studie sal verskillende sektore,³¹ tesame met die verbandhoudende wetgewing, kortliks bespreek word met die doel om die multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale aard³² verbonde aan die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel, te beklemtoon. Oplaas is die ware doel van hierdie hersieningsproses om 'n gunstige wetgewende omgewing vir die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel te verseker.³³

Vanweë die belang van omgewingsbewaring en -bestuur in die breë konteks van volhoubare ontwikkeling in Suid-Afrika, en weens die omvang en reikwydte van die FAO se voorgestelde hersieningsproses, sal hierdie studie slegs fokus op die hersiening van geselekteerde sektorale omgewingsverwante wetgewing. Vir die doeleindes van hierdie studie, en weens die invloed wat landboupraktyke op natuurlike ekosisteme uitoefen, sluit omgewingsverwante wetgewing ook sekere landbouwetgewing, soos die *Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne*,³⁴ in.

Die FAO se hersieningsproses maak egter nie aanbevelings ten opsigte van moontlike aspekte wat in omgewingsverwante wetgewing vervat moet wees ten einde hierdie gunstige wetgewende omgewing vir die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel te skep nie. Gevolglik sal daar in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie hersieningsriglyne met betrekking tot die moontlike inhoud van omgewingsverwante wetgewing saamgestel word, ten einde 'n

geneem moet word vir die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel. Sien afdeling 2.2 van hierdie studie waar verskillende sektore, tesame met die verbandhoudende wetgewing, kortliks bespreek word, om die multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale aard van die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel beklemtoon word.

30 FAO *Voluntary Guidelines 2*.

31 Sien afdelings 2.2.1 tot 2.2.6 van hierdie studie.

32 Khoza "The Role of Framework Legislation" 196. Sien verder Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 33. Die riglyne moet beskik oor multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale eienskappe, omdat die werking van uiteenlopende faktore en sektore in ag geneem moet word vir die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel.

33 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 2*.

34 43 van 1983. Hierna die CARA. (CARA dui op die algemeen aanvaarde Engelse afkorting van hierdie wet se naam.) Giliomee "Agriculture" 937. Van der Linde "National Environmental Management Act 107 of 1998 (NEMA)" 198. Sien ook afdeling 2.2.1 van hierdie studie.

gunstige wetgewende omgewing te skep wat 'n bydrae sal lewer tot die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel.

Die navorsingsvraag van hierdie studie is gevolglik: Op watter wyse (en volgens welke riglyne) kan omgewingsverwante wetgewing hersien word ten einde tot die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel by te dra?

Die geselekteerde omgewingsverwante wetgewing³⁵ sal ondersoek word aan die hand van die FAO se hersieningsproses, sowel as hierdie saamgestelde hersieningsriglyne om eerstens te bepaal tot watter mate daar reeds voorsiening vir voedselsekerheid in die geselekteerde omgewingsverwante wetgewing gemaak word;³⁶ tweedens sal die hersieningsmoontlikhede van die omgewingsverwante wetgewing oorweeg word in oorleg met die saamgestelde hersieningsriglyne³⁷ en derdens sal wetgewende moontlikhede in terme van toekomstige omgewingsverwante wetgewing verbandhouend tot klimaatsverandering, en vir die doeleindes van voedselsekerheid, beklemtoon word.³⁸

'n Literatuurstudie van relevante primêre bronne, naamlik Suid-Afrikaanse wetgewing en regspraak, word onderneem. Hierdie bronne word ondersteun deur sekondêre bronne in die vorm van handboeke, bydraes in versamelwerke, tydskrifartikels, konferensiebydraes, proefskrifte en verhandelinge, staatspublikasies, internasionale instrumente en elektroniese materiaal.

35 Hierdie wetgewing sluit in die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur* 107 van 1998 (sien afdeling 4.2 van hierdie studie); die *Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne* 43 van 1983 (sien afdeling 4.3 van hierdie studie) en die *National Climate Change Response White Paper* van 2011 (sien afdeling 4.4 van hierdie studie). Dit word erken dat laasgenoemde nog nie as wetgewing gepromulgeer is nie. Die FAO maak 'n onderskeid tussen *ex post facto*- en *ex ante facto*-evaluasies, waarvan die *National Climate Change Response White Paper* van 2011 kwalifiseer as 'n *ex ante facto*-evaluasie. Sien afdeling 3.2.3.1 van hierdie studie.

36 Sien afdelings 4.1 en 4.2 van hierdie studie.

37 Sien afdeling 4.3 van hierdie studie.

38 Sien afdeling 4.4 van hierdie studie.

HOOFTUK 2

2 Algemene agtergrond tot sektorale wetgewing

2.1 Omskrywing en inleidende opmerkings

Die reg op toegang tot voldoende voedsel is direk aan menswaardigheid verbind en is inherent tersaaklik vir die verwesenliking van ander menseregte.³⁹ Vanweë dié verbintenis, hetsy direk of indirek,⁴⁰ verkry die reg op toegang tot voldoende voedsel multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale eienskappe.⁴¹ Die bestaan van hierdie eienskappe word bevestig deur verskeie faktore wat in ag geneem moet word ter verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel.⁴²

Die FAO⁴³ is, soos voorheen genoem,⁴⁴ van mening dat verbandhoudende faktore gevind kan word binne verskillende sektore wat 'n invloed het op die beskikbaarheid, stabiliteit, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel.⁴⁵ Die FAO⁴⁶ bepaal dat:

-
- 39 Vidar "The Interrelationships Between the Right to Food and Other Human Rights" 141-159. Hierdie regte sluit onder andere in die reg op toegang tot gesondheidsorg ingevolge a 27(1)(a) van die *Grondwet*, die reg op onderwys volgens a 29 van die *Grondwet*, die reg op arbeidsverhoudinge volgens a 23 van die *Grondwet*, die reg op toegang tot maatskaplike sekerheid volgens a 27(1)(c) van die *Grondwet*, die reg op toegang tot voldoende water volgens a 27(1)(c) van die *Grondwet*, die reg op 'n omgewing wat nie, volgens a 24 van die *Grondwet*, skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie; en die reg op eiendom volgens a 25 van die *Grondwet*. Sien Woods *Human Rights and Environmental Sustainability* 3; Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 67 en Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 529.
- 40 Die reg op toegang tot voldoende voedsel is byvoorbeeld direk verbind aan die reg op lewe. Sou die reg op toegang tot voldoende voedsel in die mees fundamentele vorm geïnterpreteer word as 'n basiese menslike behoefte, sal die reg op lewe nie verwesenlik kan word indien individue nie toegang tot voedsel het nie. Sien in hierdie verband Vidar "The Interrelationships Between the Right to Food and Other Human Rights" 141. Die reg op toegang tot voldoende voedsel is verder byvoorbeeld indirek verbind aan die reg op maatskaplike sekerheid. Sien in hierdie verband die saak *Mashava v The President of the Republic of South Africa* 2004 12 BCLR 1243 (KH) (hierna die *Mashava-saak*). Brand "The Right to Food" 170 maak die volgende bevinding rakende die feite van die *Mashava-saak* in samehang met die reg op maatskaplike sekerheid en die reg op toegang tot voldoende voedsel: "In the absence of the possibility of earning an income through employment, the disability grant was their only entitlement with which to acquire food and the administrative inefficiency that bedevilled its payment constituted an obstacle in the way of their exercise of the right to food."
- 41 Khoza "The Role of Framework Legislation" 196. Sien verder Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 33. Die reg op toegang tot voldoende voedsel verkry multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale eienskappe, omdat die invloed van uiteenlopende faktore en sektore in berekening gebring moet word om vir die verwesenliking van hierdie reg voorsiening te maak.
- 42 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 186.
- 43 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 185 en FAO *Voluntary Guidelines* 5.
- 44 Sien Hoofstuk 1 van hierdie studie.

...the evaluation should cover all domestic legislation that interferes or could interfere in people's capacity to feed themselves. In practice, owing to the complexity of the subject and limited resources, this is usually not possible.

Hierdie sektore hou verband met:⁴⁷ (a) omgewings- en landbou aangeleenthede; (b) voedselstelsels; (c) die ekonomie en handel; (d) arbeidsaangeleenthede; (e) maatskaplike aangeleenthede; en (f) grondhervorming. Elkeen van hierdie sektore beskik oor wetgewing wat die spesifieke sektor en die verskillende rolspelers wat die sektor beïnvloed reguleer.⁴⁸

Soos reeds genoem,⁴⁹ word "sektorale wetgewing" gedefinieer as wetgewing wat 'n spesifieke gebied, bedryf of terrein se handelinge reguleer en bestuur.⁵⁰ Anders gestel (vir die doeleindes van hierdie studie) word sektorale wetgewing gedefinieer as wetgewing wat 'n invloed op die voorskriftelike beginsels rakende die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel (in samehang met voedselsekerheid) kan uitoefen.⁵¹

Ten spyte van die feit dat hierdie studie gerig is op geselekteerde omgewingsverwante wetgewing, sal al die voorafgenoemde sektore, tesame met die verbandhoudende wetgewing, kortliks in afdeling 2.2 bespreek word. Die doel van hierdie bespreking is om die invloed van verskillende sektore op die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel te beklemtoon en om die

45 Sien in hierdie verband afdeling 2.2 van hierdie studie waar daar kortliks aan dié elemente konteks gegee word. Die verskillende sektore, asook die verbandhoudende sektorale wetgewing, word kortliks bespreek in ooreenkoms met die beskikbaarheid, stabilitet, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel. Die beskikbaarheid, stabilitet, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel is vir die doeleindes van hierdie studie die elemente waaraan die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel gemeet word.

46 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 4.

47 Departement van Landbou *Integrated Food Security Strategy* 8-9. Sien Terblanche en Pienaar 2012 PER 242-243; FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 183; en Khoza 2004 SAJHR 673. Die verkose sektore is nie beperkend van aard nie – dit word bloot gebruik om die omslagtidigheid van die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel te illustreer.

48 Koch *The Food Security Policy Context in South Africa* 30.

49 Sien Hoofstuk 1 van hierdie studie.

50 Koch *The Food Security Policy Context in South Africa* 30. Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 309. Soos in Hoofstuk 1, is hierdie definisie geformuleer deur die betekenis van "sektor" en "wet" te bestudeer in Odendaal en Gouws *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* 951 en 1359; asook Buro van die WAT *Sinonieme en verwante woorde* 332; 481.

51 Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 309.

multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale aard⁵² van hierdie reg prakties te illustreer aan die hand van die beskikbaarheid, stabiliteit, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel.

2.2 Voorbeelde van sektorale wetgewing verbandhoudend tot die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel

2.2.1 Omgewings- en landbou-aangeleenthede

Omgewingsbestuur behels die uitvoering van die regering se mandaat rakende die regulering van menslike aktiwiteite, produksie en dienste wat moontlik 'n nadelige effek op die omgewing mag hê.⁵³ Currie en De Waal⁵⁴ bepaal dat, volgens die beginsel van interafhanklikheid;⁵⁵ die reg op 'n omgewing wat nie skadelik vir 'n individu se gesondheid en welsyn is nie⁵⁶ in direkte verhouding tot die verwesenliking van ander menseregte staan.⁵⁷

Die reg op toegang tot voldoende voedsel vereis dat individue vrylik toegang tot natuurlike hulpbronne verkry.⁵⁸ Gesonde gereguleerde omgewingstoestande gee aanleiding daartoe dat die kwaliteit van natuurlike hulpbronne van hoë gehalte is, wat weer lei tot die produsering van gehalte voedsel wat voordelig vir individue se gesondheid en welstand is.⁵⁹ Vanweë die noue verband tussen die omgewing, natuurlike hulpbronne en voedsel, beïnvloed die omgewingsbestuursektor die beskikbaarheid, stabiliteit, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel.⁶⁰

52 Khoza "The Role of Framework Legislation" 196. Sien verder Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 33.

53 Nel en Kotzé "Environmental Management: An Introduction" 1.

54 Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 529. Sien ook Khoza 2004 SAJHR 666.

55 Anders gestel: principle of interdependency of rights.

56 Sien a 24 van die Grondwet.

57 Sien aa 26 en 27 van die Grondwet.

58 FAO *The Right to Food and Access to Natural Resources* 21.

59 Winkler *The Human Right to Water* 159-160; Khoza 2004 SAJHR 666 en Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 529. Sien ook die uitspraak van die African Commission on Human and Peoples Rights in die saak *Social and Economic Rights Action Centre and Another v Nigeria* (2001) AHRLR 60 (ACHPR 2001) par. 65 – 66 waar die implisiete verband tussen "the right to a general satisfactory environment" en die reg op toegang tot voedsel beklemtoon word. Sien in hierdie verband a 24 van die *African Charter on Human and Peoples' Rights*.

60 Sien FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 14 ter illustrasie van die wyse waarop die watersektor die beskikbaarheid, stabiliteit toeganklikheid en toereikendheid van voedsel beïnvloed.

Omgewingsbestuur word gereguleer deur 'n wye reeks sektorale wetgewing, naamlik:⁶¹ die *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur*,⁶² die *Nasionale Waterwet*,⁶³ die *National Environmental Management: Air Quality Act*,⁶⁴ die *National Environmental Management: Biodiversity Act*,⁶⁵ die *National Environmental Management: Integrated Coastal Management Act*,⁶⁶ die *National Environmental Management: Protected Areas Act*,⁶⁷ die *CARA*,⁶⁸ en die *National Environmental Management: Waste Act*.⁶⁹

Omgewingsbestuur sluit ook, weens die invloed wat menslike aktiwiteite op natuurlike ekosisteme uitoefen, in.⁷⁰ Die landbousektor vervul 'n belangrike sosio-ekonomiese rol in enige land⁷¹ wat daar toe aanleiding gee dat hierdie sektor 'n invloed op die beskikbaarheid, stabiliteit en toeganklikheid van voedsel uitoefen.⁷² Vanweë die mensdom se afhanklikheid van voedsel word daar van die landbousektor vereis om groter hoeveelhede voedsel binne 'n korter tydperk te produseer en gevvolglik word geneties gemanipuleerde landboupraktyke toenemend vereis.⁷³ Volhoubare landboupraktyke vereis wetgewende regulering ten einde: biologiese produktiwiteit te verbeter; risikovlakke te verlaag; die kwaliteit van natuurlike landbouhulpbronne⁷⁴ te handhaaf; en ekonomiese lewensvatbaarheid te bewerkstellig.⁷⁵

61 Omgewingswetgewing.

62 107 van 1998. Hierna: die NEMA. (NEMA dui op die algemeen aanvaarde Engelse afkorting van hierdie wet se naam.)

63 36 van 1998. Hierna: die NWW.

64 39 van 2004. Wet nie in Afrikaans beskikbaar nie. Hierna: die NEM:AQA.

65 10 van 2004. Wet nie in Afrikaans beskikbaar nie. Hierna: die NEM:BA.

66 24 van 2008. Wet nie in Afrikaans beskikbaar nie. Hierna: die NEM:ICMA.

67 57 van 2003. Wet nie in Afrikaans beskikbaar nie. Hierna: die NEM:PAA.

68 43 van 1983. Hierna: die CARA. (CARA dui op die algemeen aanvaarde Engelse afkorting van hierdie wet se naam.)

69 59 van 2008. Wet nie in Afrikaans beskikbaar nie. Hierna: Die NEM:WA.

70 Giliomee "Agriculture" 937. Van der Linde "National Environmental Management Act 107 of 1998 (NEMA)" 198.

71 Tangermann "Agricultural policy" 83.

72 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 18.

73 Giliomee "Agriculture" 937. Geneties gemanipuleerde organismes word, volgens Lim Tung 2011 *Woord en Daad* 28-32, algemeen gebruik in die Suid-Afrikaanse landbousektor sedert 1999. Die voor- en nadele daarvan word internasionaal beredeneer. Sommige navorsers meen dat geneties gemanipuleerde organismes 'n belangrike hulpmiddel is om voedselproduksie te verhoog en hongersnood te beveg, terwyl ander meen dat geneties gemanipuleerde organismes nie bydra tot die voorkoming van hongersnood in ontwikkelende lande nie, maar eerder bydra tot verdere probleme. Sien Chetty en Viljoen 2007 *South African Journal of Science* 269-270.

74 "Natuurlike landbouhulpbronne" word deur a 1 van die CARA gedefinieer as die grond, die waterbronne en die plantegroei van die omgewing, met uitsluiting van onkruid en indringerplante.

75 Van der Walt 2011 *AgriProbe* 6.

'n Noue verband bestaan tussen die landbousektor en omgewingsbestuur.⁷⁶ Landboupraktyke bestaan uit vele nadelige menslike aktiwiteite wat ongewenste uitwerkings op die omgewing het.⁷⁷ Hierdie nadelige aktiwiteite berus op: die verlies aan biodiversiteit en die toename in groot hoeveelhede kunsmatige gewasse; die gebruik van nie-organiese bemestingstowwe; die opgaar van waterreserwes vir besproeiing; die deurlopende bewerking en ploeg van landbougrond; die gebruik van fossielbrandstowwe vir pompe, implemente en landbouvoertuie; en die gebruik van skadelike plaagdoders.⁷⁸ Giliomee⁷⁹ bepaal vervolgens dat:

...it is evident that modern agriculture is responsible for the degradation of ecosystems in causing, amongst other things, species to disappear, the soil to erode and lose its natural fertility, and the general environment to be contaminated by dangerous chemical substances and other pollutants. It relies heavily on external sources of energy (fuel and electricity), chemicals (fertilisers and pesticides), large machines and capital.

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak word, is dat daar vanweë die mens se deurlopende afhanklikheid van die landbousektor om natuurlike hulpbronne te gebruik vir voedselproduksie, toenemend vereis word dat die natuurlike landbouomgewing bewaar en bestuur moet word ten einde genoegsame voedsel te voorsien. Dit is juis om hierdie rede dat wetgewing soos die CARA as omgewingsverwante wetgewing beskou word (vir die doeleindes van hierdie studie). Dit moet egter beklemtoon word dat alle sektorale landbouwetgewing nie noodwendig omgewingsverwante wetgewing is nie.

Suid-Afrikaanse sektorale wetgewing in hierdie verband sluit in: die *Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels*,⁸⁰ die *Wet op die Onderverdeling van Landbougrond*,⁸¹ die *Wet op Planttelersregte*,⁸² die *Plantverbeteringswet*,⁸³ die CARA,⁸⁴ die *Wet op Reëling van die Uitvoer van*

76 Giliomee "Agriculture" 938.

77 Giliomee "Agriculture" 937; Van der Linde "National Environmental Management Act 107 of 1998 (NEMA)" 198; Olivier, Myakayaka en Richards "Indigenous Plants" 352-353. Sien ook afdeling 2.2.1 van hierdie studie.

78 Giliomee "Agriculture" 938-944.

79 Giliomee "Agriculture" 945.

80 36 van 1947.

81 70 van 1970.

82 15 van 1976.

83 53 van 1976.

Bederfbare Produkte,⁸⁵ die *Wet op Landbouplae*,⁸⁶ die *Wet op Dieresiektes*,⁸⁷ die *Wet op Landbouprodukstandaarde*,⁸⁸ en die *Wet op Veiligheid van Vleis*.⁸⁹

Doeltreffende omgewingsbestuur, binne die breë konteks van volhoubare ontwikkeling,⁹⁰ beskik dus oor die potensiaal om by te dra tot die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel en gevvolglik sal hierdie studie slegs fokus op die hersiening van geselekteerde omgewingsverwante wetgewing ter verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel⁹¹ welke hersiening en toepassing in Hoofstuk 4 van hierdie studie aandag sal geniet.

2.2.2 Voedselstelsels

Voedselveiligheid word bewerkstellig deur die implementering van nasionale voedselveiligheidstandaarde⁹² en wetgewing rakende die produksie, prosessering, etikettering, bemarking en verbruik van voedsel.⁹³ Verder moet voedselkontaminasie voorkom word deur die berging, vervoer, distribusie en hantering daarvan te reguleer.⁹⁴ Vanweë die vele faktore wat deur hierdie sektor gereguleer word, is die FAO⁹⁵ van mening dat die voedselstelselsektor 'n direkte invloed op die toeganklikheid en die toereikendheid van voedsel uitoefen. Suid-Afrikaanse

84 43 van 1983. Hierdie wet word ook beskou as omgewingswetgewing aangesien dit handel oor die bewaring van landbouhulpbronne.

85 9 van 1983.

86 36 van 1983.

87 35 van 1984.

88 119 van 1990.

89 40 van 2000.

90 Sien *Fuel Retailers Association of SA (Pty) Ltd v Director-General Environmental Management Mpumalanga and Others* 2007 (6) SA 4 (KH) (hierna die *Fuel Retailers-saak*) waar die hof die internasionale beginsel van volhoubare ontwikkeling binne 'n Suid-Afrikaanse perspektief geïnterpreteer het. Kotzé et al *South African Environmental Law through the Cases* 194-198; Van der Linde "National Environmental Management Act 107 of 1998 (NEMA)" 198 en Kidd *Environmental Law* 25.

91 Hierdie wetgewing sluit in: die *NEMA* (sien afdeling 4.2 van hierdie studie); die *CARA* (sien afdeling 4.3 van hierdie studie) en die *National Climate Change Response White Paper* van 2011 (sien afdeling 4.4 van hierdie studie). Soos reeds genoem, word erken dat die laasgenoemde nog nie as wetgewing gepromulgeer is nie.

92 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 257. Sien Codex Alimentarius Commission 2014 <http://bit.ly/1E04YxN>. Die *Codex Alimentarius Commission* en die Wêreldhandelsorganisasie se verdrae is die bekendste internasionale instrumente met betrekking tot voedselstandaarde waarop nasionale standaarde gebaseer word.

93 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 191.

94 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 13.

95 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 256-257 en FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 19.

sektorale wetgewing in hierdie verband sluit in: die *Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels*⁹⁶ tesame met die *Food Labelling Regulations*,⁹⁷ die *Suikerwet*,⁹⁸ die *Wet op Bemarking van Landbouprodukte*,⁹⁹ die *Wet op Geneties Gemanipuleerde Organismes*,¹⁰⁰ die *Standards Act*,¹⁰¹ die *National Regulator for Compulsory Specifications Act*,¹⁰² die *Consumer Protection Act*,¹⁰³ en die *National Land Transport Act*.¹⁰⁴

2.2.3 Die ekonomie en handel

Stabiele en voldoende voedselvoorraade moet teweeggebring word deur 'n kombinasie van plaaslike produksie en internasionale handel.¹⁰⁵ Hierby word ingesluit die regulering van voedselpryse asook fiskale en monetêre beleid.¹⁰⁶ Suid-Afrikaanse sektorale wetgewing in hierdie verband sluit in: die *Wet op die Verkryging van Landsvoorraade*,¹⁰⁷ die *Wet op Mededinging*,¹⁰⁸ die *Wet op Openbare Finansiële Bestuur*,¹⁰⁹ die *Wet op Internasionale Handelsadministrasie*,¹¹⁰ die *Merchant Shipping (Safe Containers Convention) Act*,¹¹¹ en die *National Credit Act*.¹¹²

2.2.4 Arbeidsaangeleenthede

Werksgeleenthede, wat 'n standvastige inkomste aan burgers bied, moet deur die regering geskep, bevorder en gereguleer word.¹¹³ Gevolglik sal burgers oor 'n beter lewenstandaard beskik waar families bemagtig word om te voldoen aan hul eie basiese behoeftes en sodoende die reg op toegang tot voldoende voedsel

96 54 van 1972.

97 GK R146 in SK 32975 van 1 Maart 2010. Regulasies nie in Afrikaans beskikbaar nie.

98 9 van 1978.

99 47 van 1996.

100 15 van 1997.

101 8 van 2008. Wet nie in Afrikaans beskikbaar nie.

102 5 van 2008. Wet nie in Afrikaans beskikbaar nie.

103 68 van 2008. Wet nie in Afrikaans beskikbaar nie.

104 5 van 2009. Wet nie in Afrikaans beskikbaar nie.

105 FAO Voluntary Guidelines 10.

106 Departement van Landbou *Integrated Food Security Strategy* 8-9. Sien ook Terblanche en Pienaar 2012 PER 242.

107 89 van 1970

108 89 van 1998.

109 1 van 1999.

110 71 van 2002.

111 10 van 2011. Wet nie in Afrikaans beskikbaar nie.

112 34 van 2005. Wet nie in Afrikaans beskikbaar nie.

113 Koch *The Food Security Policy Context in South Africa* 17.

verwesenlik.¹¹⁴ *General Comment 12: The Right to Adequate Food*¹¹⁵ bepaal in hierdie verband soos volg:

Economic accessibility applies to any acquisition pattern or entitlement through which people procure their food and is a measure of the extent to which it is satisfactory for the enjoyment of the right to adequate food.

Die arbeidsektor bied aan individue die medium om, by wyse van finansiële toegang,¹¹⁶ fisiese toegang tot voldoende voedsel te verkry.¹¹⁷ Anders gestel plaas werkgeleenthede burgers in die posisie om ekonomiese toegang tot voedsel te verkry.¹¹⁸

Suid-Afrikaanse sektorale wetgewing in hierdie verband sluit in: die *Wet op Basiese Dienstvoorraad*,¹¹⁹ die *Employment Equity Act*,¹²⁰ en die *Skills Development Act*.¹²¹

2.2.5 Maatskaplike aangeleenthede

Maatskaplike aangeleenthede hou verband met die verwesenliking van enige sosio-ekonomiese regte soos, onder ander, behuising, gesondheidsorg, onderwys, voedsel, water en maatskaplike sekerheid.¹²² Maatskaplike bystand, sluit in alle vorme van regeringstoelae wat burgers in die posisie plaas om deel te neem aan die land se ekonomiese aktiwiteit asook om hulle basiese behoeftes te bevredig.¹²³

Artikels 26(2) en 27(2) van die *Grondwet* bepaal dat die staat redelike wetgewende en ander maatreëls moet tref om, binne sy beskikbare middelle, dié regte¹²⁴ in

114 FAO *Voluntary Guidelines* 17.

115 CESCR *General Comment 12: The Right to Adequate Food* par 13.

116 Finansiële toegang verwys na inkomstegenererende aktiwiteite wat persone in staat stel om beskikbare voedsel aan te koop (of self te produseer).

117 FAO *Voluntary Guidelines* 17.

118 Bonfiglioli *Food and the Poor* 31.

119 75 van 1997.

120 55 van 1998. Wet nie in Afrikaans beskikbaar nie.

121 97 van 1998. Wet nie in Afrikaans beskikbaar nie.

122 Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 567.

123 Sien aanhef van *Wet op Maatskaplike Bystand* 13 van 2004. Sien *Mashava*-saak waar die Konstitusionele Hof uitspraak oor die onderlinge verhouding tussen staatspligte, maatskaplike sekerheid en die reg op toegang tot voldoende voedsel gelewer het. Anders gestel, plaas maatskaplike bystand, soos verskaf deur die staat, burgers in die posisie om toegang tot voedsel te verkry, hetsy finansieel of fisies. FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 254.

124 Sosio-ekonomiese regte, soos vervat in aa 26, 27 en 29 van die *Grondwet*, sluit onder ander behuising, gesondheidsorg, onderwys, voedsel, water en maatskaplike sekerheid in.

toenemende mate te verwesenlik.¹²⁵ Die staatsplig ter verwesenliking van hierdie regte is tweeledig, naamlik: die staatsplig om te faciliteer en die staatsplig om te voorsien.¹²⁶ Liebenberg¹²⁷ duif die verskil tussen die plig om te faciliteer en die plig om te voorsien soos volg aan:

The duty 'to facilitate' is understood in terms of providing a framework of laws and policies that assist individuals and groups to enjoy the rights. The duty 'to provide' arises when individuals or a group are unable to realise the right themselves by the means at their disposal.

Die staatsplig om te faciliteer verwys na die plig van die staat om by wyse van wetgewing, beleide, strategieë, programme en ander maatreëls 'n omgewing daar te stel wat persone in die posisie te plaas om toegang tot voldoende voedsel te verkry.¹²⁸ Die staatsplig om te voorsien verwys na die plig van die staat om toegang tot voldoende voedsel aan individue of groepe te bied indien hulle nie in staat is, weens redes buite hul beheer, om op hul eie en met die middele tot hul beskikking, toegang tot voldoende voedsel te verkry nie.¹²⁹

Suid-Afrikaanse sektorale wetgewing in hierdie verband sluit in: die *Wet op Maatskaplike Bystand*,¹³⁰ die *Children's Act*,¹³¹ die *Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk*,¹³² die *Suid-Afrikaanse Skolewet*,¹³³ die *Wet op Korrektiewe Dienste*,¹³⁴ die *National Health Act*,¹³⁵ die *Wet op die Internasionale Gesondheidsregulasies*,¹³⁶ en die *Wet op Rampbestuur*.¹³⁷

125 A 27(2) van die Grondwet.

126 Liebenberg *Socio-Economic Rights* 85. Sien ook Terblanche en Pienaar 2012 *PER* 241.

127 Liebenberg *Socio-Economic Rights* 85.

128 Terblanche en Pienaar 2012 *PER* 242. Sien 2.2.1–2.2.4 en 2.2.6 van hierdie studie vir verdere voorbeeld van hoe die staat hierdie plig vervul.

129 Terblanche en Pienaar 2012 *PER* 242.

130 13 van 2004.

131 38 van 2005. Wet nie in Afrikaans beskikbaar nie.

132 71 van 1997.

133 84 van 1996.

134 111 van 1998.

135 61 van 2003. Wet nie in Afrikaans beskikbaar nie.

136 28 van 1974.

137 57 van 2002.

2.2.6 Grondhervorming

Grond en grondhervorming maak deel uit van 'n lang emosionele diskouers in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.¹³⁸ Die wetgewende en uitvoerende verantwoordelikhede rakende grondhervorming word in verskeie wetgewing en beleidsbepalings uiteengesit.¹³⁹ Volhoubare ontwikkeling word as die rasional agter grondhervorming beskou, dus moet faktore soos die optimale gebruik van grond, die handhawing van die kwantiteit en kwaliteit van natuurlike hulpbronne; die instandhouding van infrastruktuur; ekonomiese vooruitgang; en die neem van omgewingsvriendelike besluite in ag geneem word.¹⁴⁰ Individue wat grond tot hul besikking het, kan natuurlike hulpbronne verbou en vee aanhou, ten einde voedsel te verkry, werksgeleenthede te skep, bates te akkumuleer en herstel ná natuurlike of mensgemaakte rampe te bewerkstellig.¹⁴¹ Dit is huis as gevolg van dié voorgenoemde feit dat grondhervorming beskik oor die potensiaal om die beskikbaarheid, stabilitet, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel te beïnvloed.¹⁴²

Suid-Afrikaanse sektorale wetgewing in hierdie verband sluit in: die *Wet op Grondhervorming: Beskikbaarstelling van Grond en Bystand*,¹⁴³ die *Wysigingswet op Herstel van Grondregte*,¹⁴⁴ die *Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg*,¹⁴⁵ die *Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond*,¹⁴⁶ en die *Wysigingswet op Herstel van Grondregte*.¹⁴⁷

138 Van Wyk *Planning Law* 17, 135. Sien ook Van der Walt en Pienaar *Inleiding tot die Sakereg* 323 en Badenhorst, Pienaar en Mostert *Silberberg and Schoeman's The Law of Property* 585.

139 Van der Elst 2012 *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 572.

140 Van der Elst 2012 *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 572.

141 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 198.

142 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 15-16.

143 126 van 1993.

144 22 van 1994.

145 62 van 1997.

146 19 van 1998.

147 15 van 2014.

HOOFSTUK 3

3 Die FAO se drievlakstrategie vir die daarstelling van wetgewende en ander maatreëls vir die reg op toegang tot voldoende voedsel

3.1 Inleidende opmerkings

Die FAO het ten doel om nasionale en internasionale aksie rakende voedselverwante kwessies (insluitende voedselsekerheid en meer spesifiek die reg op voedsel) te bevorder en te implementeer.¹⁴⁸ Gedurende die 1996 *World Food Summit*¹⁴⁹ is die belangrikheid van die reg op toegang tot voldoende voedsel,¹⁵⁰ tesame met die reg om vry van hongersnood te wees,¹⁵¹ beklemtoon.¹⁵² In die 2002 *Declaration of the World Food Summit: Five Years Later* is 'n uitnodiging aan die FAO gerig om 'n interregeringswerkgroep¹⁵³ byeen te roep.¹⁵⁴ Hierdie interregeringswerkgroep se mandaat was om 'n stel vrywillige riglyne saam te stel om lande leiding te gee ten opsigte van die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel (in die breër konteks van nasionale voedselsekerheid).

Gedurende 2004 is die *Voluntary Guidelines to Support the Progressive Realization of the Right to Adequate Food in the Context of National Food Security*¹⁵⁵ deur die FAO aangeneem.¹⁵⁶ Gesien as die beginpunt vir die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel, voorsien die *Voluntary Guidelines* die nodige riglyne waarvolgens lande wetgewende voorsiening kan maak vir die reg op toegang tot voldoende voedsel.¹⁵⁷ Die FAO se *Voluntary Guidelines* poog om, met

148 Shaw *World Food Security: A History Since 1945* 9.

149 FAO 2005 <http://bit.ly/1IXeK0C>. Gedurende 1996 het 180 lande byeengekom vir die *World Food Summit* om 'n bespreking te hou oor die wyses waarop hongersnood bekamp kan word. Voedselsekerheid is ook as die eerste ontwikkelingsdoelwit van die *Millennium Development Goals* van die Verenigde Nasies gelys. Sien Verenigde Nasies Datum onbekend <http://bit.ly/1xllqVN>. Die lande het onderneem om die aantal ondervoede individue teen 2015 te halveer. Die vordering van die lande is nagegaan gedurende 2002 tydens die *World Food Summit: Five Years Later*.

150 Sien a 11(1) van die *ICESCR*.

151 Sien a 11(2) van die *ICESCR*.

152 FAO 2005 <http://bit.ly/1IXeK0C>.

153 Anders gestel: Intergovernmental Working Group.

154 Sien die *Declaration of the World Food Summit: Five Years Later* par 10.

155 Hierna die *Voluntary Guidelines*.

156 FAO *Voluntary Guidelines* 2.

157 FAO *Voluntary Guidelines* 2.

die implementering daarvan, die beskikbaarheid¹⁵⁸ en ekonomiese en fisiese toegang daartoe vir alle individue te verseker.¹⁵⁹ Dié riglyne beskik oor multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale eienskappe¹⁶⁰ wat voorsiening maak vir verskillende wetgewende moontlikhede om die reg op toegang tot voldoende voedsel te verwesenlik.¹⁶¹ Aangesien hierdie studie daarop gemik is om te bepaal op watter wyse (en volgens welke riglyne) omgewingsverwante wetgewing hersien kan word ten einde tot die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel by te dra, sal die *Voluntary Guidelines* wat verband hou met omgewingsbestuur, in oorleg met geselekteerde Suid-Afrikaanse omgewingsverwante wetgewing, in Hoofstuk 4 van hierdie studie beklemtoon word.

Die *Voluntary Guidelines* is gevolg deur die publikasie van die *Guide on Legislating for the Right to Food*. In die *Guide on Legislating for the Right to Food* stel die FAO 'n drievlakstrategie voor vir die inkorporasie van die reg op voedsel in lande se grondwette¹⁶² deur die ontwikkeling van 'n voedselraamwerk¹⁶³ en deur sektorale wetgewing te hersien.¹⁶⁴

Die FAO¹⁶⁵ erken dat elkeen van die bovenoemde wetgewende moontlikhede selfstandig aangewend kan word deur 'n land – afhangende van die land se spesifieke situasie en wetgewende behoeftes. Die doel van hierdie afdeling is egter nie om 'n breedvoerige bespreking aangaande die strekking, omvang en werking van hierdie drievlakstrategie binne 'n Suid-Afrikaanse perspektief aan te voer nie. Hierdie afdeling sal, ter wille van kontekstualisering, die eerste twee vlakke se riglyne

158 Beskikbaarheid van voedsel verwys na beide die kwaliteit en kwantiteit daarvan om die behoeftes van individue te bevredig.

159 FAO *Voluntary Guidelines* 6.

160 Khoza "The Role of Framework Legislation" 196. Sien verder Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 33. Die riglyne moet beskik oor multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale eienskappe, omdat die werking van uiteenlopende faktore en sektore in ag geneem moet word vir die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel.

161 FAO *Voluntary Guidelines* 2.

162 FAO *Right to Food Handbooks: The Right to Food within the International Framework of Human Rights and Country Constitutions* 11. Sien ook FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 31.

163 Anders gestel: "Framework law". FAO *Right to Food Handbooks: Development of Specific Right to Food Legislation* 2. FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 51.

164 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 2. FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 183. Soos reeds genoem, sal hierdie studie slegs fokus op die hersiening van geselekteerde omgewingsverwante wetgewing ter verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel, welke hersiening en toepassing in Hoofstuk 4 van hierdie studie aandag sal geniet.

165 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 6.

(afdelings 3.2.1 en 3.2.2) kortliks in samehang met die huidige Suid-Afrikaanse posisie beklemtoon, waarna die hersiening van sektorale wetgewing wat 'n invloed het, of selfs kan hê, op die reg op toegang tot voldoende voedsel (die derde vlak) in afdeling 3.2.3 meer volledig toegelig word. Soos reeds genoem,¹⁶⁶ maak die FAO se hersieningsproses egter nie aanbevelings ten opsigte van moontlike aspekte wat in omgewingsverwante wetgewing vervat moet word om 'n bydrae te lewer tot die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel nie. Afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie bevat dus saamgestelde hersieningsriglyne om hierdie leemte te vul. Die FAO se hersieningsproses, sowel as hierdie saamgestelde hersieningsriglyne, sal aangewend word in Hoofstuk 4 van hierdie studie om te bepaal watter voorsiening daar reeds in omgewingsverwante wetgewing gemaak word en ook hoe omgewingsverwante wetgewing hersien kan word ten einde voorsiening te maak vir die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel.

3.2 'n Oorsig van die FAO se drievlakstrategie

3.2.1 Die inkorporasie van die reg op toegang tot voldoende voedsel in lande se grondwette

Die *Grondwet* word as die wetgewende oppergesag van Suid-Afrika beskou, wat tot gevolg het dat enige regsvoorskrif of handeling in stryd daarmee, as ongeldig beskou word.¹⁶⁷ Die beskerming van fundamentele regte, of anders gestel menseregte, in die grondwet van 'n land is sekerlik die mees effektiewe wyse om wetgewende beskerming aan burgers te bied.¹⁶⁸ 'n Grondwet voorsien 'n raamwerk waarby wigte, teenwigte¹⁶⁹ en beperkings deur regeringsouoriteite vasgestel word.¹⁷⁰

¹⁶⁶ Sien Hoofstuk 1 van hierdie studie.

¹⁶⁷ Sien a 2 van die *Grondwet*. Sien Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 8. Sien ook FAO *Right to Food Handbooks: The Right to Food within the International Framework of Human Rights and Country Constitutions* 11.

¹⁶⁸ FAO *Right to Food Handbooks: The Right to Food within the International Framework of Human Rights and Country Constitutions* 11, 13. Sien ook FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 33. Sien verder Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 136 en Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 567.

¹⁶⁹ Anders gestel: "Checks and balances".

¹⁷⁰ Brand "Introduction to Socio-Economic Rights in the South African Constitution" 2. FAO *Constitutional and Legal Protection of the Right to Food Around the World* 13.

Die FAO¹⁷¹ dui aan dat grondwetlike erkenning van die reg op toegang tot voldoende voedsel op een van die volgende wyses kan geskied:¹⁷²

- (a) uitdruklike erkenning as 'n afsonderlike fundamentele reg of as deel van 'n breër groep regte;¹⁷³
- (b) uitdruklike erkenning deur staatsbeleid by wyse van direktiewe beginsels;¹⁷⁴
- (c) implisiële erkenning deur die inhoud van ander erkende fundamentele regte;¹⁷⁵ of
- (d) indirekte erkenning deur die interpretasie van ander fundamentele regte deur die regsprekende gesag.¹⁷⁶

Wat hierdie eerste vlak van wetgewende voorsiening betref, moet daar weereens genoem word dat die reg op toegang tot voldoende voedsel reeds in artikel 27(1)(b) van die *Grondwet* verskans word. Die *Grondwet*¹⁷⁷ bepaal dat:

171 FAO *Constitutional and Legal Protection of the Right to Food Around the World* 14 en 33-36. Sien ook FAO *Right to Food Handbooks: The Right to Food within the International Framework of Human Rights and Country Constitutions* 11-13. Sien verder FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 34.

172 Sien ook in hierdie verband Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 136-137.

173 Indien erkenning op hierdie wyse geskied, word die reg toegeken aan individue, alle mense of 'n spesifieke groep mense. Suid-Afrika se *Grondwet* erken die reg op toegang tot voldoende voedsel individueel deur die reg aan "elkeen" toe te ken (a 27(1)(b)); 'n reg op voeding word aan gearresteerde, angehoue en beskuldigde persone toegeken (a 35(2)(e)); en 'n reg op basiese voeding word aan kinders toegeken (a 28(1)(c)). Ander voorbeeld van lande wat erkenning op hierdie wyse bewerkstellig sluit onder andere Bolivia, Ecuador, Colombia en Nicaragua in. Sien FAO *Constitutional and Legal Protection of the Right to Food around the World* 11, 33-36.

174 Die grondwette van sommige lande gee nie uitdruklike erkenning aan die reg op voedsel nie. In hierdie gevalle maak lande gebruik van direktiewe beginsels om die hoofdoelwitte of beginsels van fundamentele regte te weerspieël. Direktiewe beginsels verteenwoordig die waardes van die spesifieke gemeenskap en reguleer dienooreenkomsdig regeringsoptrede. Sien FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 40. Voorbeeld van lande wat van hierdie wyse gebruik maak sluit onder andere Nigérië, Sri Lanka en Ghana in. Sien in hierdie verband FAO *Right to Food Handbooks: The Right to Food within the International Framework of Human Rights and Country Constitutions* 12. Sien FAO *Constitutional and Legal Protection of the Right to Food around the World* 18 en 33-36.

175 FAO *Constitutional and Legal Protection of the Right to Food Around the World* 16-17. Sommige lande erken nie uitdruklik die reg op voedsel of voeding nie. In hierdie gevalle word ander menseregte gewaarborg waarby die reg op voedsel implisiet inbegrepe is. Hierdie regte sluit in: die reg op lewe; die reg op voldoende lewensstandaard; die reg op welstand; die reg op 'n waardige bestaan; die reg op ontwikkeling; die reg op menswaardigheid; en regte wat bystand vir kwesbare groepe bewerkstellig, soos moeders, kinders en bejaardes. Voorbeeld van lande wat van hierdie wyse gebruik maak sluit onder andere Ethiopië en Iran in. Sien FAO *Constitutional and Legal Protection of the Right to Food Around the World* 18 en 33-36. Sien verder FAO *Right to Food Handbooks: The Right to Food within the International Framework of Human Rights and Country Constitutions* 12. Asook FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 44.

176 FAO *Right to Food Handbooks: The Right to Food within the International Framework of Human Rights and Country Constitutions* 12. Hierdie vorm van erkenning stem grootliks ooreen met die implisiële erkenning van die reg op voedsel deur die inhoud van ander erkende fundamentele regte. Sien verder FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 44-46.

- (1) Elkeen het die reg op toegang tot –
 - (a) gesondheidsorgdienste, met inbegrip van reproduktiewe gesondheidsorg.
 - (b) voldoende voedsel en water.
 - (c) maatskaplike sekerheid, met inbegrip van gepaste maatskaplike bystand indien hulle nie in staat is om hulself en hul afhanklikes te onderhou nie.
- (2) Die staat moet redelike wetgewende en ander maatreëls tref om binne sy beskikbare middelle elke van hierdie regte in toenemende mate te verwesenlik.

Suid-Afrika beskik oor duidelike grondwetlike waarborgs wat die reg op toegang tot voldoende voedsel betrek.¹⁷⁸ Artikel 27(1)(b)¹⁷⁹ word beskou as die sentrale grondwetlike bepaling wat betrek die reg op toegang tot voldoende voedsel,¹⁸⁰ terwyl die reg op basiese voeding spesifiek vir kinders in artikel 28(1)(c) verseker word.¹⁸¹ Verder word 'n reg op voeding deur die staat, op staatsonkoste, aan gearresteerde, aangehoue en beskuldigde persone ingevolge artikel 35(2)(c)¹⁸² van die *Grondwet*¹⁸³ toegeken.

Die FAO¹⁸⁴ bepaal dat die impak en gevolge van grondwetlike erkenning van die reg op voedsel sal afhang van 'n aantal faktore, naamlik: die wyse waarop die erkenning verleen word;¹⁸⁵ die wyse waarop die reg beskryf word;¹⁸⁶ die kennis en praktiese ervaring rakende hierdie reg waaroer die regspreekende gesag beskik;¹⁸⁷ die wil van

177 A 27 van die *Grondwet*.

178 Fukuda-Parr 2012 *ESR Review* 6.

179 A 27(1)(b) van die *Grondwet*. Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 591.

180 Brand "The Right to Food" 161. Sien verder De Vos "The Right to Housing" 88.

181 A 28(1)(c) van die *Grondwet*. Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 611.

182 A 35(2)(c) van die *Grondwet*. Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 773.

183 FAO *The Right to Food Guidelines: Information Papers and Case Studies* 124. Sien ook Khoza "The Role of Framework Legislation" 188.

184 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 48. Sien ook FAO *Right to Food Handbooks: The Right to Food within the International Framework of Human Rights and Country Constitutions* 13.

185 Suid-Afrika verleen uitdruklike erkenning in terme van artikel 27(1)(b) van die *Grondwet*.

186 Suid-Afrika erken die reg op *toegang tot voldoende voedsel*. Die implikasie hiervan is dat hierdie reg nie ongekwalificeerd of direk afgedwing kan word nie – dit beteken bloot dat lede van die gemeenskap deur die staat in 'n posisie geplaas moet word waar hulle (die gemeenskap) self hierdie reg kan verwesenlik. Sien Kleyn en Viljoen *Beginnersgids vir Regstudente* 252 en Brand *The Right to Food* 169. Sien *Mashava v The President of the Republic of South Africa* 2004 12 BCLR 1243 (KH) waar die Konstitusionele Hof uitspraak lewer oor die staatsplig aangaande die verwydering van struikelblokke wat verhoed dat die gemeenskap of individu toegang tot voldoende voedsel het. Sien par 2.2.5 van hierdie studie.

187 Tot op hede het die Suid-Afrikaanse Konstitusionele Hof nog nie die geleentheid gehad om die reg op toegang tot voldoende voedsel (soos vervat in a 27(1)(b) van die *Grondwet*) as selfstaande reg te interpreteer nie. Sien Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 134. Sien Khoza 2004 SAJHR 665. Sien Khoza "The Role of Framework Legislation" 190. Sien Brand *The Right to Food* 154. Die Konstitusionele Hof het onlangs a 27(1)(b) geïnterpreteer in terme van die reg op toegang tot voldoende water in *Mazibuko and Others v The City of Johannesburg and Others (Centre on Housing Rights and Evictions as amicus curiae)* 2010 4 SA 1 (KH).

die staat om die reg toe te pas;¹⁸⁸ die regstelsel van die staat;¹⁸⁹ en die gemeenskap se kennis aangaande die regte waарoor hulle beskik.

Soos reeds genoem erken die FAO¹⁹⁰ dat elkeen van die nasionale wetgewende moontlikhede¹⁹¹ selfstandig aangewend kan word deur 'n land (afhangende van die land se spesifieke situasie en wetgewende behoeftes). Vanweë artikel 27(2) rus daar 'n verpligting op die Suid-Afrikaanse regering om redelike wetgewende en ander maatreëls binne die land se beskikbare middele, in te stel ten einde hierdie reg in toenemende mate te verwesenlik.¹⁹²

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat Suid-Afrika vanweë die aard en inhoud van artikel 27(2) nie kan volstaan by die FAO se aanbeveling dat die wetgewende moontlikhede¹⁹³ alleenstaande of selfstandig geïmplementeer kan word nie.¹⁹⁴ Khoza¹⁹⁵ beklemtoon dat Suid-Afrika, bo en behalwe vir die grondwetlike erkenning van die reg op toegang tot voldoende voedsel,¹⁹⁶ ander gekoördineerde en omvattende wetgewende maatreëls en programme moet aanneem wat volhoubaar toegepas kan word om grondwetlike nakoming te bewerkstellig.¹⁹⁷ Wanneer 'n reg geskep word, bestaan daar dienooreenkomsdig sekere pligte wat nagekom moet word¹⁹⁸ wat aanleiding daartoe gee dat Suid-Afrika die volgende twee vlakke van

188 Die huidige benadering ten opsigte van die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel in Suid-Afrika behels die implementering van beleide, strategieë en programme. Hierdie benadering word beskryf as gefragmenteerd en ongekoördineerd. Sien Brand "The Right to Food" 181; Khoza 2004 SAJHR 664 asook Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 5.

189 Suid-Afrika maak gebruik van die presidentestelsel. Kleyn en Viljoen *Beginnersgids vir Regstudente* 60-62.

190 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 6.

191 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 3. Die wetgewende moontlikhede sluit in: (a) inkorporasie van dié reg in lande se grondwette; (b) die ontwikkeling en aanneming van raamwerkwetgewing; (c) hersiening van sektorale wetgewing wat 'n invloed het, of selfs kan hê, op hierdie fundamentele reg. Sien par 3.2.1 tot 3.2.3 van hierdie studie.

192 A 27(2) van die Grondwet. Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 587. Brand *The Right to Food* 162 en 170.

193 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 3.

194 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 6.

195 Khoza 2004 SAJHR 667.

196 A 27(1)(c) van die Grondwet.

197 Sien in hierdie verband Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 145.

198 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 96.

wetgewende voorsiening,¹⁹⁹ soos voorgeskryf deur die FAO, ook in oorweging moet bring.²⁰⁰

3.2.2 Die ontwikkeling en aanneming van raamwerkwetgewing

Soos vooraf bespreek, bied grondwetlike bepalings 'n breë beskrywing van die aard en strekking van die reg op toegang tot voldoende voedsel, terwyl raamwerkwetgewing die praktiese implementering en operasionele vereistes van dié reg kan bewerkstellig.²⁰¹

Ingevolge artikel 27(2)²⁰² rus daar 'n verpligting op die staat om redelike wetgewende en ander maatreëls binne die staat se beskikbare middele, in te stel om die reg op toegang tot voldoende voedsel in 'n toenemende mate te verwesenlik.²⁰³ Wat raamwerkwetgewing vir die reg op toegang tot voldoende voedsel in Suid-Afrika betref, was daar, soos in Hoofstuk 1 genoem, gedurende 2002 'n poging tot 'n konsepwetsontwerp, naamlik die *National Food Security Draft Bill*. Die konsepwetsontwerp sou poog om alle aspekte aangaande die reg op toegang tot voldoende voedsel te integreer en te hanteer. Sedertdien het daar egter niks van die *National Food Security Draft Bill* gekom nie. Die Suid-Afrikaanse regering gee tans uitvoering aan welke mandaat deur verbandhoudende beleide, strategieë en programme te implementeer.²⁰⁴ Die *Integrated Food Security Strategy for South Africa, 2002*²⁰⁵ is deur die staat aangeneem met die volgende doel voor oë:²⁰⁶

...to attain universal physical, social and economic access to sufficient, safe and nutritious food by all South African at all times to meet their dietary and food preferences for an active and healthy life.

199 Naamlik die ontwikkeling en aanneming van raamwerkwetgewing en die hersiening van sektorale wetgewing wat 'n invloed het of selfs kan hê op hierdie fundamentele reg.

200 FAO Guide on Legislating for the Right to Food 49. FAO Right to Food Handbooks: *The Right to Food within the International Framework of Human Rights and Country Constitutions* 13. Sien ook in hierdie verband Terblanche Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit 182.

201 FAO Constitutional and Legal Protection of the Right to Food Around the World 30. Khoza "The Role of Framework Legislation" 195.

202 A 27(2) van die Grondwet.

203 A 27(2) van die Grondwet. Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 587. Brand *The Right to Food* 162 en 170.

204 Terblanche en Pienaar 2012 PER 232.

205 Hierna die IFSS.

206 Departement Landbou *Integrated Food Security Strategy for South Africa* 13.

Khoza²⁰⁷ meen dat die problematiek met die IFSS daarin geleë is dat daar nie die nodige regulerende meganisms in plek gestel word om uitvoering daaraan te gee nie. Khoza²⁰⁸ gaan verder deur te bepaal dat die IFSS nie daarin slaag om Suid-Afrika se gefragmenteerde benadering tot wetgewende voorsiening vir die reg op toegang tot voldoende voedsel, te hanteer nie.

Die *National Policy on Food and Nutrition Security* van 2013 wys daarop dat Suid-Afrika in die proses is om wetgewing, inlyn met die aanbevelings van die FAO, te ontwikkel om die reg op toegang tot voldoende voedsel te verwesenlik:²⁰⁹

In line with its international obligations, South Africa has to consider the recommendation of the Food and Agriculture Organisation of the United Nations (FAO) that Member States should consider the enactment of legislation on the right to access to food. The approval of this National Food and Nutrition Security policy could be an initial step towards a Food and Nutrition Security Act for South Africa, which would give statutory force to such structures. A Green and White Paper process is envisaged to prepare for this.

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat die implementering van beleide en strategieë deel uitmaak van die oorkoepelende proses om wetgewend te voorsien in die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel, soos vereis word deur artikel 27(2) van die *Grondwet*.

3.2.3 *Die hersiening van sektorale wetgewing wat 'n invloed het of selfs kan hê op die reg op toegang tot voldoende voedsel*

Lande kan wetgewende verpligtinge²¹⁰ ten opsigte van die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel, op verskeie wyses nakom.²¹¹ Khoza²¹² stel dit soos volg:

...access to food is multi-dimensional and cross-sectoral in nature requiring legislative and other measures in many sectors pertaining to the right.

207 Khoza 2004 SAJHR 681.

208 Khoza 2004 SAJHR 681-682.

209 Departement Landbou, Bosbou en Visserye *National Policy on Food and Nutrition Security* 18.

210 A27(2) van die *Grondwet*.

211 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 2. Sien par 0 van hierdie studie rakende die FAO se drievlakstrategie. Hierdie wyses sluit in: die ratifisering van die ICESCR; inkorporasie van dié reg in lande se grondwette; die ontwikkeling en aanneming van raamwerkwetgewing; en laastens die hersiening van sektorale wetgewing wat 'n invloed het, of selfs kan hê, op hierdie fundamentele reg.

212 Khoza "The Role of Framework Legislation" 196.

Soos reeds genoem,²¹³ verkry hierdie reg multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale eienskappe,²¹⁴ vanweë die uiteenlopendheid van die verskillende faktore wat die reg op toegang tot voldoende voedsel beïnvloed.²¹⁵ As gevolg van hierdie multisektorale aard, word lande genoodsaak om, ten spyte van grondwetlike voorsiening²¹⁶ en raamwerkwetgewing,²¹⁷ sektorale wetgewing te onderwerp aan 'n hersieningsproses om te bepaal of 'n spesifieke sektor se wetgewing versoenbaar is met die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel.²¹⁸ Terblanche²¹⁹ bepaal dat die voorgestelde hersieningsproses nie willekeurig moet geskied nie, maar eerder deeglik beplan moet word ten einde 'n betroubare evaluering van die verskillende sektorale wetgewing te bewerkstellig.

Die FAO stel 'n hersieningsmetode vir die hersiening van sektorale wetgewing, wat 'n invloed het, of selfs kan hê, op die reg op toegang tot voldoende voedsel, voor. Hierdie hersieningsproses bevat aanbevelings rakende die stappe wat gevolg moet word om die proses binne enige sektor te implementeer.²²⁰

Die hersieningsproses is eerstens daarop gemik om die versoenbaarheid²²¹ tussen verskillende sektorale wetgewing en die reg op toegang tot voldoende voedsel vas te stel.²²² Die versoenbaarheid tussen die sektorale wetgewing en die reg op toegang tot voldoende voedsel, is te vind in die invloed wat die sektorale wetgewing

213 Sien Hoofstukke 1 en 2 van hierdie studie.

214 Sien Hoofstukke 1 en 2 van hierdie studie. Khoza "The Role of Framework Legislation" 196. Sien ook FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 2*.

215 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 186.

216 Sien afdeling 3.2.1 van hierdie studie.

217 Sien afdeling 3.2.2 van hierdie studie.

218 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 2*. Die invloed van hierdie sektorale wetgewing mag positief of negatief van aard wees. Die FAO bepaal dat negatiewe invloede vermy moet word huis omdat die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel kompleks van aard is. Sien FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 185. Verskillende sektore, tesame met verbandhoudende sektorale wetgewing beïnvloed die beskikbaarheid, stabiliteit, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel – sien afdeling 2.2 van hierdie studie.

219 Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 311.

220 Hierdie word as 'n generiese proses beskou wat in alle sektore (soos die sektore in afdelings 2.2.1 tot 2.2.6) toegepas kan word.

221 Anders gestel: die bestaanbaarheid.

222 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 185. Sien ook FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 2*. Weens die omvang en reikwydte van dié voorgestelde hersieningsproses, sal hierdie studie slegs fokus op die hersiening van relevante sektorale omgewingswetgewing.

uitoefen, of moontlik kan uitoefen, op die beskikbaarheid, stabiliteit, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel.²²³ Ná afhandeling van die evaluasie, moet enige teenstrydige bepalings deur 'n institusionele liggaam herroep of hersien word om die reg op toegang tot voldoende voedsel optimaal te verwesenlik.²²⁴ Die uiteindelike doel van die hersieningsproses sal wees om 'n gunstige wetgewende omgewing vir die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel te verseker.²²⁵

Soos in hierdie studie beklemtoon is,²²⁶ maak die FAO se hersieningsproses egter geen aanbevelings ten opsigte van die moontlike aspekte wat omgewingsverwante wetgewing moet bevat om 'n bydrae te lewer tot die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel nie. As gevolg van hierdie leemte word daar in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie hersieningsriglyne saamgestel²²⁷ wat ingespan kan word vir die hersiening van omgewingsverwante wetgewing om 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van 'n gunstige wetgewende omgewing vir die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel.

3.2.3.1 Die versoenbaarheidsevaluasie

Die FAO onderskei tussen twee verskillende evalueringsmetodes om die versoenbaarheid tussen sektorale wetgewing en die reg op toegang tot voldoende voedsel te bepaal.²²⁸

Ex post facto-evaluasies⁻²²⁹ is van toepassing op wetgewing wat reeds in werking gestel is²³⁰ en is daarop gemik om te bepaal of sektorale wetgewing die

223 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 193. Sien ook FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 10. Sien afdeling 2.2 van hierdie studie.

224 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 185.

225 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 2.

226 Sien Hoofstuk 1 van hierdie studie.

227 Dié saamgestelde hersieningsriglyne is vanuit verskeie internasionale en nasionale instrumente en beleide saamgestel. Vanweë die omslagtigheid en uiteenlopenheid van faktore en invloede wat op omgewings- en landbou-aangeleenthede 'n uitwerking het, is hierdie hersieningsriglyne egter nie beperkend van aard nie en kan derhalwe in verdere studies uitgebrei word.

228 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 3. Sien ook FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 186.

229 Anders gestel: van agterna beskou.

230 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 3. Sien ook FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 186.

verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel vergemaklik of dwarsboom.²³¹ Tydens 'n *ex post facto*-evaluasie word tegniese aspekte van die bepaalde sektorale wetgewing, sowel as die praktiese uitvoerbaarheid daarvan, ondersoek.²³²

Ex ante facto-evaluasies²³³ is op toekomstige sektorale wetgewing van toepassing.²³⁴ 'n *Ex ante facto*-evaluasie verseker dat toekomstige wetgewing nie die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel sal teenwerk nie.²³⁵ Lande maak gebruik van *ex ante facto*-evaluasies om te bepaal of sektorale wetgewing met die aard en inhoud van menseregte sal ooreenstem.²³⁶

Tydens beide evalueringsprosesse kan 'n evaluering onafhanklik geloods, of in samehang met bestaande ondersoeke, geloods word.²³⁷ Hierdie evaluasies is egter onderhewig aan die bepalings van internasionale verdrae wat deur 'n land onderteken is.²³⁸ Die evaluasie, hetsy dit *ex post facto* of *ex ante facto* geskied, moet deurgaans die uitwerking van die sektorale wetgewing op die reg op toegang tot voldoende voedsel meet aan die invloed wat dit het, of moontlik kan hê, op die beskikbaarheid, stabiliteit, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel.²³⁹

Weens die multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale aard²⁴⁰ van die reg op toegang tot voldoende voedsel, sal 'n versoenbaarheidsevaluasie potensieel groot

231 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 3*.

232 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 3*.

233 Anders gestel: vooraf beskou.

234 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 3*. Sien ook FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 186.

235 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 3*.

236 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 3*. Sien ook FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 187.

237 Naamlik 'n evaluering aangaande die versoenbaarheid tussen sektorale wetgewing en die reg op toegang tot voldoende voedsel.

238 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 3*. In Dugard *International Law* 341 word die universele aard van menseregte beklemtoon en dienooreenkomsdig bepaal dat internasionale verdrae ten alle tye voorkeur sal geniet.

239 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 193. Sien ook FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 10*. Sien afdeling 2.2 van hierdie studie.

240 Khoza "The Role of Framework Legislation" 196. Sien verder Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 33. Soos reeds genoem, verkry die reg op toegang tot voldoende voedsel multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale eienskappe, omdat die invloed van uiteenlopende faktore en sektore in berekening gebring moet word om op suksesvol wyse

uitdagings aan 'n land se regering bied.²⁴¹ Hierdie uitdagings is gesetel in die land se verkrygbare middele en hulpbronne;²⁴² beskikbare kennis en ervaring;²⁴³ mate van gemeenskapsdeelname²⁴⁴ en vlak van ontwikkeling.²⁴⁵ Ten spyte van die potensiële uitdagings wat verbonde is aan hierdie evaluasie, moet lande nie die waarde daarvan misken nie.²⁴⁶ Bloot deur die afhandeling van hierdie teoretiesgebaseerde evaluasie²⁴⁷ sal die multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale aard²⁴⁸ van die reg op toegang tot voldoende voedsel ten volle begryp en hanteer kan word.²⁴⁹

'n *Ex post facto*-evaluasie van die NEMA en die CARA en 'n *ex ante facto*-evaluasie van die *National Climate Change Response White Paper* van 2011 word in Hoofstuk 4 van hierdie studie, in samehang met die saamgestelde hersieningsriglyne soos vervat in afdeling 3.2.3.5, onderneem.

3.2.3.2 Die hersieningsproses

Die hersieningsproses moet volgens die FAO²⁵⁰ op twee vlakke geskied. Eerstens word tegniese vaardighede, regskennis en menseregte-insig vereis om 'n betroubare evaluering van die sektorale wetgewing te bewerkstellig.²⁵¹ Dus word daar verlang dat 'n spesialisinstansie of tegniese span aangestel moet word om die hersieningsproses te onderneem.²⁵² Tweedens word die insette en kundigheid van

wetgewende voorsiening te maak vir die verwesenliking van hiérdie reg. Sien ook FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 2*.

241 FAO Guide on Legislating for the Right to Food 186.

242 FAO Guide on Legislating for the Right to Food 186.

243 FAO Guide on Legislating for the Right to Food 189.

244 FAO Guide on Legislating for the Right to Food 189.

245 FAO Guide on Legislating for the Right to Food 191.

246 FAO Guide on Legislating for the Right to Food 186.

247 Anders gestel: "a paper-based evaluation". Sien FAO Guide on Legislating for the Right to Food 186.

248 Khoza "The Role of Framework Legislation" 196. Sien verder Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 33. Sien ook FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 2*.

249 FAO Guide on Legislating for the Right to Food 186. Sien afdeling 2.2.1–2.2.6 van hierdie studie waar die versoenbaarheid tussen die reg op toegang tot voldoende voedsel en verskillende sektore (saam met verbandhoudende wetgewing) geïllustreer word.

250 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 3*.

251 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 3*.

252 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 3*. Weens die uiteenlopendheid van die verskillende faktore wat die reg op toegang tot voldoende voedsel beïnvloed, verkry hierdie reg multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale eienskappe, wat die kennis van 'n verskeidenheid spesialiste benodig.

die staatsowerheid benodig om die bevindinge van die hersieningsproses te implementeer en om die aanbevelings te verwerk.²⁵³

Die Parlement, 'n hoëvlak politieke liggaaam of 'n onafhanklike taakspan,²⁵⁴ kan aangestel word om die hersieningsproses se toesighoudende verantwoordelikhede te behartig; beleidsriglyne te verskaf; prioriteite te lys; en skedules vas te stel.²⁵⁵

Die aktiewe samewerking van die gemeenskap en alle belanghebbendes²⁵⁶ is noodsaaklik tydens hierdie proses.²⁵⁷ Die FAO²⁵⁸ bepaal dat:

The contributions and comments of those individuals, groups or communities, whose right to food is affected or could be affected by specific sectoral legislation, is essential in determining how the law impacts their ability to feed themselves.

Maatreëls moet in plek gestel word sodat die gemeenskap kan deelneem aan die hersieningsproses deur kommentaar en besware te opper ten opsigte van beoogde hersienings.²⁵⁹ Indien die gemeenskap kennis dra van die wetgewende bepalings wat in plek gestel is om die reg op toegang tot voldoende voedsel te verwesenlik, sal die gemeenskap kan bepaal hoe die wetgewing 'n invloed uitoeft op die wyse hoe hulle (die gemeenskap) self voedsel kan verkry.²⁶⁰

Die hersieningsproses vereis die inkorporasie van internasionaal aanvaarde menseregtebeginsels. Die FAO²⁶¹ stel dit soos volg:

...assessing legislation from the right to food perspective should also include the assessment of legal provisions against general principles of human rights. More specifically, the review process should evaluate whether these principles are expressed in the selected sectoral legislation, and to what extent. Sectoral

253 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 3.

254 Bv. 'n menseregtekommisie; 'n navorsingsinstituut; of 'n universiteit.

255 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 4.

256 Bv. nieregeringsorganisasies.

257 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 4.

258 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 4.

259 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 189.

260 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 4.

261 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 193.

legislation, where it conforms with human rights principles, empowers people to assert their right to food and hold their governments to account for their acts or omissions.

Die menseregtebeginsels waarteen die sektorale wetgewing gemeet moet word, sluit in:²⁶² die beginsel van deelnemendheid;²⁶³ die beginsel van toerekeningsvatbaarheid;²⁶⁴ die beginsel van nie-diskriminasie;²⁶⁵ die beginsel van deursigtigheid;²⁶⁶ die beginsel van menswaardigheid;²⁶⁷ die beginsel van bemagtiging²⁶⁸ en die *rule of law*.²⁶⁹

3.2.3.3 Monitering van die hersieningsproses

Ná afhandeling van die hersieningsproses word daar vereis dat die taakspan 'n geskrewe verslag saamstel wat rapporteer oor die problematiek rondom die gekose sektorale wetgewing asook hoe die wetgewing hersien kan word.²⁷⁰ Die verslag moet dienooreenkomsdig motiveer wat die rede vir die aanbevole veranderinge is.

Die FAO²⁷¹ bepaal dat die verslag volgende aanbevelings moet bevat:

- (1) Watter bepalings van die sektorale wetgewing hersien of herroep moet word om die reg op toegang tot voldoende voedsel te verwesenlik.
- (2) Moontlike veranderinge aan die mandaat wat toegeken is aan die departement wat verantwoordelik is vir die implementering van hierdie proses.
- (3) Watter daadwerklike aksie van die land se regering benodig word.
- (4) Spesifieke sektorale areas wat verdere regulering benodig.

262 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 5.

263 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 194.

264 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 194.

265 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 194. Sien a 9(3) van die Grondwet.

266 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 195. Sien a 32 van die Grondwet.

267 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 195. Sien a 10 van die Grondwet.

268 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 195. Sien par 2.2.5 van hierdie studie rakende 'n bespreking van maatskaplike aangeleenthede.

269 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 195. Sien aa 33-34 van die Grondwet.

270 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 197.

271 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 197.

3.2.3.4 Samevatting van die FAO se versoenbaarheidsevaluasie en hersieningsproses

Vanuit die voorgaande bespreking van die FAO se proses om sektorale wetgewing te hersien vir die doeleindes van die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel, blyk dit dat, ten spyte van die onderskeid wat getref word tussen die versoenbaarheidsevaluasie²⁷² en die hersieningsproses,²⁷³ die prosesse inderdaad vervleg is met mekaar en dat die sukses van die hersiening nie in die afsonderlike vervulling van die versoenbaarheidsevaluasie en die hersieningsproses se vereistes gesetel is nie.

Afdeling 3.2.3 van hierdie studie onderskei tussen die versoenbaarheidsevaluasie en die hersieningsproses met die doel om duidelike mikpunte van die proses te beklemtoon sodat die uiteindelike doel, naamlik om 'n gunstige wetgewende omgewing vir die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel te bewerkstellig, bereik kan word.²⁷⁴

Die FAO se voorgeskrewe versoenbaarheidsevaluasie²⁷⁵ en hersieningsproses sal in ag geneem word in samehang met die saamgestelde hersieningsriglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie, wanneer daar in Hoofstuk 4 bepaal word tot watter mate die geselecteerde Suid-Afrikaanse omgewingsverwante wetgewing²⁷⁶ reeds vir die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel voorsiening maak, asook hoe huidige omgewingsverwante wetgewing hersien en toekomstige omgewingsverwante wetgewing ontwikkel kan word om vir die verwesenliking van dié reg voorsiening te maak.

272 Sien afdeling 3.2.3.1 van hierdie studie.

273 Sien afdeling 3.2.3.2 van hierdie studie.

274 Sien FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 2*.

275 Sien afdeling 3.2.3.1 van hierdie studie.

276 Hierdie wetgewing sluit in: die NEMA (sien afdeling 4.2 van hierdie studie); die CARA (sien afdeling 4.3 van hierdie studie) en die *National Climate Change Response White Paper* van 2011 (sien afdeling 4.4 van hierdie studie).

3.2.3.5 Saamgestelde hersieningsriglyne gerig op die hersiening van omgewingsverwante wetgewing

Aangesien die FAO se hersieningsproses nie aanbevelings maak ten opsigte van moontlike aspekte wat in omgewingsverwante wetgewing vervat moet wees om 'n bydrae te lewer tot die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel nie, het die navorsers verskeie internasionale en nasionale instrumente geraadpleeg ten einde 'n versameling hersieningsriglyne vir hierdie doeleindes saam te stel.²⁷⁷

Hierdie internasionale en nasionale instrumente sluit onder ander in: *General Comment 12: The Right to Adequate Food; Rome Declaration on World Food Security; World Food Summit Plan of Action; Declaration of the World Food Summit: Five Years Later; Stockholm Declaration of the United Nations Conference on the Human Environment;*²⁷⁸ *Rio Declaration on Environment and Development;*²⁷⁹ die *Millennium Development Goals; Copenhagen Declaration on Social Development;*²⁸⁰ *Conference on Environment & Development,*²⁸¹ die FAO se *Voluntary Guidelines* asook die *Guide on Legislating for the Right to Food;* en die *Global Plan of Action for the Conservation and Sustainable Utilisation of Plant Genetic Resources for Food and Agriculture.*

Die saamgestelde hersieningsriglyne sal bepaal waarvolgens omgewingsverwante wetgewing,²⁸² wat omgewings- en landbou-aangeleenthede reguleer, hersien kan word, met die doel om daardeur 'n bydrae te lewer om die reg op toegang tot voldoende voedsel toenemend te verwesenlik. Die riglyne kan elkeen afsonderlik gebruik word om omgewingsverwante wetgewing te hersien, afhangende van die aard en omvang van die spesifieke wet, asook van wat die wetgewende behoeftes van die spesifieke land is. Vanweë die omslagtigheid en uiteenlopenheid van faktore en invloede wat op omgewings- en landbou-aangeleenthede 'n uitwerking het, is

277 Sien riglyne 1-6 van die saamgestelde riglyne.

278 Hierna: die *Stockholm Declaration.*

279 Hierna: die *Rio Declaration.*

280 Hierna: die *Copenhagen Declaration.*

281 Hierna: *Agenda 21.*

282 Sien afdeling 2.2.1 van hierdie studie vir 'n verduideliking van waarom sekere landbouwetgewing, soos die CARA, as omgewingsverwante wetgewing beskou word.

hierdie hersieningsriglyne egter nie beperkend van aard nie en kan derhalwe in verdere studies uitgeberei word.

Riglyn 1: Die identifisering van aktiwiteite

Omgewingsverwante wetgewing moet voorsiening maak vir die identifisering van aktiwiteite wat verband hou met omgewings- en landbou-aangeleenthede wat die beskikbaarheid, toeganklikheid, stabiliteit en toereikendheid van voedsel beïnvloed.²⁸³ Gevolglik, ná afloop van dié identifisering, sal die aktiwiteite, tesame met sekere beheermaatreëls, in omgewingsverwante wetgewing vervat moet word. Die resultaat van die identifisering en bestuur van hierdie aktiwiteite, moet gesetel wees in die toenemende produksie van voedsel ten einde 'n voldoende hoeveelheid daarvan te verseker op nasionale, regionale, plaaslike en huishoudelike vlak.²⁸⁴ 'n Holistiese benadering moet duidelik blyk vanuit hierdie wetgewing wat die aandeel van verskeie partye, onder ander die staat, privaat ondernemings, nieregeringsorganisasies, landboukundiges en omgewing-spesialiste, erken.²⁸⁵

Hierdie aktiwiteite sal grotendeels moet verband hou met die volhoubare bestuur en gebruik van natuurlike landbouhulpbronne.²⁸⁶ Lande word aangemoedig om goeie bestuurspraktyke²⁸⁷ in omgewingsverwante wetgewing te handhaaf wat tot voordeel sal wees vir ekonomiese groei, sosiale vooruitgang, omgewingsbewaring en die toenemende verwesenliking van menseregte – meer spesifiek, die reg op toegang tot voldoende voedsel.²⁸⁸

Aansluitend hierby word lande genoodsaak om mechanismes in plek te stel om toegang tot en gepaste gebruik van landbougrond te bewerkstellig en te reguleer.²⁸⁹ Anders gestel moet ekologiese volhoubaarheid in die landbousektor bereik word deur middel van die bewaring van die vrugbaarheid van landbougrond sodat

283 CESCR General Comment 12: *The Right to Adequate Food* par 22.

284 *Rome Declaration on World Food Security* 1.

285 FAO Global Plan of Action for the Conservation and Sustainable Utilisation of Plant Genetic Resources for Food and Agriculture par 220.

286 CESCR General Comment 12: *The Right to Adequate Food* par 25.

287 Anders gestel: *good governance*.

288 FAO Voluntary Guidelines 9.

289 FAO Voluntary Guidelines 17.

maksimum voedselproduksie vir huidige en toekomstige generasies verseker word.²⁹⁰

Die invloed van grondhervorming op voedselsekerheid moet nie onderskat word nie en lande moet, soos voorheen genoem,²⁹¹ faktore soos die optimale gebruik van grond; handhawing van die kwantiteit en kwaliteit van natuurlike hulpbronne; die instandhouding van infrastruktuur; ekonomiese vooruitgang; asook die neem van omgewingsvriendelike besluite, in ag neem,²⁹² én die erkentlikheid daarvan te weerspieël in omgewingsverwante wetgewing wat handel oor die bewaring van natuurlike landbouhulpbronne.²⁹³

Daar moet wetgewende maatreëls getref word vir enige seisoenale invloede, natuurlike rampe en natuuruiterstes wat natuurlike landbouhulpbronne onder stremming kan plaas en gevvolglik sal lei tot voedseltekorte.²⁹⁴ Die potensiaal, asook die beperkinge, van natuurlike landbouhulpbronne kan hierdeur na vore kom en vroegtydig bevorder of beredder word.²⁹⁵

Die ekologiese, ekonomiese, sosiale en estetiese waarde van natuurlike landbouhulpbronne moet vir voedselsekerheidsdoeleindes erken word.²⁹⁶ Vanweë die belangrikheid van biodiversiteit en spaarsamige watergebruik, word daar van lande vereis om nasionale beleide en wetgewing in plek te stel om voorkomend teenoor gronderosie en watergebruik op te tree in die landbousektor.²⁹⁷ Beide gronderosie en watertekorte kan noodlottige nagevolge inhoud vir 'n land se pogings om die reg op toegang tot voldoende voedsel vir sy burgers toenemend te verwesenlik. In hierdie verband is sektorale integrasie van kardinale belang en gevvolglik sal sektorale wetgewende voorsiening gemaak moet word om gronderosie en watergebruik doeltreffend te hanteer.²⁹⁸

290 FAO *Voluntary Guidelines* 19.

291 Sien afdeling 2.2.6 van hierdie studie.

292 Van der Elst 2012 *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 572.

293 FAO *Voluntary Guidelines* 18.

294 *World Food Summit Plan of Action* par 6.

295 *World Food Summit Plan of Action* par 27.

296 FAO *Global Plan of Action for the Conservation and Sustainable Utilisation of Plant Genetic Resources for Food and Agriculture* par 227.

297 FAO *Voluntary Guidelines* 18.

298 FAO *Global Plan of Action for the Conservation and Sustainable Utilisation of Plant Genetic Resources for Food and Agriculture* par 225.

Riglyn 2: Die inkorporasie van beheermaatreëls vir die geïdentifiseerde aktiwiteite

Beheermaatreëls moet ontwikkel en by omgewingsverwante wetgewing ingesluit word om hierdie aktiwiteite te kontroleer en te bestuur na gelang van die moontlike impak wat die aktiwiteite op die omgewing, sowel as voedselsekerheid, kan hê.²⁹⁹ Die verskillende regeringsverantwoordelikhede, in terme van hierdie geïdentifiseerde aktiwiteite, moet toegeken word aan 'n regeringsfeer waarna 'n spesifieke tydsraamwerk en doelwitte gestel moet word om die aktiwiteite en verantwoordelikhede se uitkomstes te orden.³⁰⁰ Die faktore wat die implementering van hierdie riglyne kan belemmer moet ook geïdentifiseer en hanteer word met die nodige moniteringsmeganismes.³⁰¹

Sou die regering nie gesik is of bevoeg wees om hierdie hersieningsproses, en die werk wat spruit vanuit die hersiening, te behartig nie, moet meganismes in plek gestel word om 'n onafhanklike nasionale koördinerende liggaam³⁰² saam te stel wat hierdie taak kan behartig.³⁰³

Riglyn 3: Inisiëring van deurlopende navorsing

Breedvoerige en deurlopende navorsing oor omgewings- en landbou-aangeleenthede moet deur omgewingsverwante wetgewing vereis word – eerstens om nuwe moontlikhede vir volhoubare voedselproduksie te ontdek en tweedens om die implementering van nuwe tegnologieë en metodes vir voedselsekerheidsdoeleindes te maksimaliseer.³⁰⁴ Wetgewing moet bepaal dat beide die navorsing en die implementering van die nuwe tegnologieë en metodes, binne die finansiële middelle, vermoë en hulpbronne van die spesifieke land moet geskied.³⁰⁵ Dit mag raadsaam wees dat 'n onafhanklike navorsingskomitee, wat toegespits is op navorsing rakende vooruitgang in die omgewings- en landbousektor; beraadslag en saamgestel moet

299 *World Food Summit Plan of Action* par 1.

300 CESCR General Comment 12: *The Right to Adequate Food* par 22.

301 CESCR General Comment 12: *The Right to Adequate Food* par 31. FAO Guide on Legislating for the Right to Food 197. Sien ook afdeling 3.2.3.3 van hierdie studie.

302 Bv. 'n menseregtekommissie; 'n navorsingsinstituut; of 'n universiteit.

303 FAO Right to Food Handbooks: *Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 4.

304 229.

305 CESCR General Comment 12: *The Right to Adequate Food* par 21.

word vir hierdie taak.³⁰⁶ Die belang van hierdie navorsing is geleë in die toekomstige moontlikhede wat dit bied om meer voedsel te produseer op nuwe volhoubare wyses.³⁰⁷

Deurlopende navorsing oor geneties gemanipuleerde organismes moet deur omgewingsverwante wetgewing of deur 'n verbandhoudende beleid vereis word, aangesien akademici en landboukenners verdeeld is oor die algehele omgewingsimpak wat hierdie organismes het, asook oor die werklike voor- of nadele wat hierdie landboutendens aan lande bied.³⁰⁸ Die rede hiervoor is dat vooruitgang en die verhoogde produksie van voedsel, deur middel van die verbouing van geneties gemanipuleerde organismes, nie op verslegtende omgewingstoestande gebaseer kan word nie.³⁰⁹

Riglyn 4: Die formulering van wetgewende bepalings in oorleg met menseregtebeginsels

Die formulering van wetgewende bepalings rakende aktiwiteite in verband met die besikbaarheid, toeganklikheid, stabiliteit en toereikendheid van voedsel moet in oorleg met menseregtebeginsels wees. Soos reeds genoem,³¹⁰ sluit hierdie beginsels in:³¹¹ (a) die beginsel van deelnemendheid; (b) die beginsel van toerekeningsvatbaarheid; (c) die beginsel van nie-diskriminasie; (d) die beginsel van deursigtigheid; (e) die beginsel van menswaardigheid; (f) die beginsel van bemagtiging en (g) die *rule of law*.

Die beginsel van deelnemendheid behels dat die gemeenskap die geleentheid gegun word om deel te neem aan prosesse en besluite wat hul reg op toegang tot voedsel reeds affekteer of moontlik kan affekteer in die toekoms.³¹² Vrye, aktiewe en betekenisvolle deelname deur die gemeenskap word vereis.³¹³

306 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 3.

307 *Declaration of the World Food Summit: Five Years Later* par 25.

308 Giliomee "Agriculture" 937; Lim Tung 2011 *Woord en Daad* 28-32 en Chetty en Viljoen 2007 *South African Journal of Science* 269-270. Sien afdeling 2.2.1 van hierdie studie.

309 Fuel Retailers-saak par 44

310 Sien afdeling 3.2.3.2 van hierdie studie.

311 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 79-83.

312 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 79-80.

313 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 79-80.

Die beginsel van toerekeningsvatbaarheid behels dat staatsamptenare toerekeningsvatbaar moet omgaan tydens die uitvoering van toegewysde pligte en verantwoordelikhede aangaande die toepassing van wetgewing wat 'n bydrae lewer tot die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel.³¹⁴ Toerekeningsvatbaarheid word verseker deur die implementering van wigte en teenwigte van 'n administratiewe, politieke, juridiese en sosiale aard.³¹⁵

Die beginsel van nie-diskriminasie vereis dat daar teen geen individu of groep persone gediskrimineer mag word op grond van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, godsdienst, gewete, oortuiging, kultuur, taal of geboorte nie.³¹⁶ Hierdie beginsel, binne die perspektief van die verwesenliking van die reg op toegang tot voedsel, moet veral tot voordeel van individue of groepe, wat nie oor die middele beskik om daagliks die gelyke voordeel van voldoende voedsel te geniet nie, aangewend word.³¹⁷

Die beginsel van deursigtigheid vereis dat individue oor toegang tot inligting moet beskik wat betref die regering se besluitnemingsprosesse en die verdeling van magte wat moontlik die beskikbaarheid, stabiliteit, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel kan affekteer.³¹⁸

Menswaardigheid is absoluut en staan sentraal tot die ingebore waarde van 'n individu se bestaan – sonder enige verwysing na sosiale statuur of ekonomiese waarde.³¹⁹ Soos voorheen aangedui,³²⁰ is die reg op toegang tot voldoende voedsel direk aan menswaardigheid verbind en is dit inherent tersaaklik vir die verwesenliking van ander menseregte.³²¹

314 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 80.

315 Hoexter *Administrative Law* 52-53.

316 Sien a 9(3) van die Grondwet. FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 81.

317 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 81.

318 Sien a 32 van die Grondwet. FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 81.

319 Sien a 10 van die Grondwet. FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 82.

320 Sien afdeling 2 van hierdie studie.

321 Vidar "The Interrelationships Between the Right to Food and Other Human Rights" 141-159; Woods *Human Rights and Environmental Sustainability* 3; Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 67 en Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 529.

Die beginsel van bemagtiging behels dat individue oor die middele, vermoë en bekwaamheid moet beskik om hulle eie lewenstandaard te verhoog.³²² Hierdie beginsel sluit die vermoë van individue in om die staat aanspreeklik te hou vir enige vorm van inbreukmaking op menseregte, onder anderneanneer individue nie oor die nodige toegang tot voldoende voedsel beskik nie.³²³ Lande moet onderneem om duidelike staatsbeleid met betrekking tot landbou, visserye, bosbou en grondhervorming aan te neem wat ekonomiese toegang³²⁴ tot voedsel sal omskakel tot fisiese toegang daar toe.³²⁵

Die *rule of law* bepaal dat die regsreëls van 'n land ten alle tye gehoorsaam moet word.³²⁶ Regsreëls moet ten alle tye duidelik en ondubbel sinnig geformuleer wees en regverdig toegepas word.³²⁷ Individue moet oor die geleentheid beskik om 'n geskil te bring voor 'n onafhanklike hof, aan regverdig administratiewe optrede onderwerp te word en genoegsame vergoeding te eis. Sektorale wetgewende bepalings aangaande voedselaangeleenthede moet duidelik, regverdig en toeganklik geformuleer wees ten einde toenemend die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel te verseker.³²⁸

Riglyn 5: Die gebruik van internasionale omgewingsregbeginsels

Die gebruik van internasionale omgewingsregbeginsels in wetgewing moet nie misken word om die beskikbaarheid, toeganklikheid, stabiliteit en toereikendheid van voedsel, deur middel van die bestuur en beskerming van natuurlike landbouhulpbronne, te bevorder en verwesenlik nie. Staatoptrede word nie deur hierdie beginsels voorgeskryf nie – hierdie beginsels poog eerder om staatsbesluite te beïnvloed aangesien die interpretasie van hierdie beginsels van die omstandighede waarin dit toegepas word afhang.³²⁹

322 FAO Guide on Legislating for the Right to Food 82.

323 Sien par 2.2.5 van hierdie studie rakende 'n bespreking oor maatskaplike aangeleenthede.

324 Anders gestel: Finansiële toegang. Finansiële toegang verwys na inkomstegenererende aktiwiteite wat persone in staat stel om beskikbare voedsel aan te koop (of self te produseer).

325 FAO Voluntary Guidelines 10. Sien afdeling 2.2.4 van hierdie studie asook CESCR General Comment 12: The Right to Adequate Food par 13.

326 Sien aa 33-34 van die Grondwet.

327 Botha Wetsuitleg 184.

328 FAO Guide on Legislating for the Right to Food 83.

329 Beyerlin en Marauhn International Environmental Law 37.

Die beginsel van volhoubare ontwikkeling word sekerlik as een van die mees ingewikkeld internasionale beginsels beskou. Hierdie beginsel behels dat 'n balans tussen maatskaplike ontwikkeling, ekonomiese ontwikkeling en omgewingsbewaring gehandhaaf moet word.³³⁰ Voedselproduksie vanuit die landbousektor moet op 'n volhoubare wyse toeneem ten einde voedselsekerheid te bewerkstellig sodat individue se aanspraak op voedsel toenemend verwesenlik mag word.³³¹

Die beginsel van inter- en intragenerasionele gelykheid vind aansluiting by die beginsel van volhoubare ontwikkeling deur te bepaal dat natuurlike hulpbronne, in hierdie geval natuurlike landbouhulpbronne, op 'n volhoubare en verantwoordelike wyse aangewend en bestuur moet word om die gebruik en voordeel daarvan vir huidige en toekomstige geslagte te verseker.³³²

Die voorkomingsbeginsel³³³ behels dat omgewingsbedreigings vroegtydig hanteer moet word in gevalle waar die gevolge van hierdie bedreigings wetenskaplik onseker is.³³⁴ Voorbeeld van hierdie bedreigings in die omgewings- en landbousektor sluit onder andere gronderosie, verwering, klimaatsverandering, geneties gemanipuleerde organismes, watertekorte en plaagdoders in.³³⁵ Hierdie wetenskaplik-onsekere bedreigings moet dus so ver moontlik voorkom word as gevolg van die potensieel verwoestende gevolge wat dit inhoud vir natuurlike landbouhulpbronne wat aangewend word vir voedselproduksie.

Die besoedelaar-betaal-beginsel³³⁶ kan gebruik word om partye, insluitende die staat, verantwoordelik te hou vir enige besoedeling of skade wat veroorsaak is met betrekking tot natuurlike landbouhulpbronne. Die besoedelaar-betaal-beginsel integreer ekonomiese aktiwiteite met die bewaring van die omgewing – met ander woorde word skade teenoor en besoedeling van die omgewing omgesit in

330 Rio Declaration beginsel 4 en 25; Kidd *Environmental Law* 17. Volhoubare ontwikkeling is as die sewende ontwikkelingsdoelwit van die Millennium Development Goals van die Verenigde Nasies gelys. Sien Verenigde Nasies 2014 <http://bit.ly/1HDV5L0>.

331 Verenigde Nasies *Agenda 21* par 14.6.

332 Copenhagen Declaration par 26(b) en die Rio Declaration beginsel 3.

333 Anders gestel: die precautionary principle.

334 Beyerlin en Marauhn *International Environmental Law* 47; Hunter, Salzman en Zaelke *International Environmental Law and Policy* 510. Sien ook die Rio Declaration beginsel 15.

335 Giliomee "Agriculture" 937; Van der Linde "National Environmental Management Act 107 of 1998 (NEMA)" 198; Olivier, Myakayaka en Richards "Indigenous Plants" 352-353. Sien ook afdeling 2.2.1 van hierdie studie.

336 Anders gestel: die "polluter pays principle".

ekonomiese onkostes wat deur die besoedelaar vereffen moet word.³³⁷ Meganismes om hierdie beginsel te implementeer, sluit in: belastinginisiatiewe; standarde vir atmosferiese vrylatings; “groen”-ontwikkelingsmeganismes asook boetes vir besoedeling.³³⁸

Riglyn 6: Die inkorporasie van verpligte sosio-ekonomiese impakstudies in omgewingsverwante wetgewing

Die mens, en die vervulling van sy basiese behoeftes, word beskou as die sentrale punt waarom enige hedendaagse ontwikkeling moet wentel.³³⁹ Alle individue is geregtig daarop om goeie lewenskwaliteit, in harmonie met die omgewing, te geniet.³⁴⁰ Vanweë hierdie sentrale rol van die mens word daar vereis dat sosio-ekonomiese impakstudies, deur omgewingsverwante wetgewing, as vereiste gestel word tydens die implementering van enige aktiwiteit, ontwikkeling of projek wat 'n invloed kan uitoefen op die mens se omgewing en gevoglik sy daagliks bestaan.³⁴¹

'n Sosio-ekonomiese impakstudie kan gedefinieer word as die identifisering van enige sosio-ekonomiese gevolge op die mens wat spruit vanuit 'n menslike aktiwiteit of projek se aanvang en ontwikkeling.³⁴² Hierdie sosio-ekonomiese gevolge sluit enige gevolge in wat die wyse beïnvloed waarop individue en gemeenskappe 'n daagliks bestaan voer en basiese behoeftes bevredig.³⁴³ Die primêre doel van so 'n impakstudie is om 'n regverdige en volhoubare biofisiiese omgewing vir mense te skep te midde van dreigende ontwikkelinge.³⁴⁴

Die onderskeie menseregtebeginsels van deelnemendheid en bemagtiging is by die uitvoering van hierdie impakstudie van kardinale belang.³⁴⁵ Wetgewende bepalings

337 Sien die *Rio Declaration* beginsel 16.

338 Hunter, Salzman en Zaelke *International Environmental Law and Policy* 517.

339 *Rio Declaration* beginsel 1.

340 *Rio Declaration* beginsel 1.

341 Vanclay 2003 *Impact Assessment and Project Appraisal* 9-10. Vanweë die komplekse aard en omvang van sosio-ekonomiese impakstudies, sal hierdie studie nie in diepte die proses en tegniese aspekte daarvan hanteer nie. Hierdie studie identifiseer slegs die wetgewende voordeel wat daaruit geput kan word vir die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel.

342 Burdge en Vanclay 1996 *Impact Assessment* 59.

343 Burdge en Vanclay 1996 *Impact Assessment* 59. Voedsel word as 'n basiese behoeftes van die mens beskou. Sien Khoza 2004 SAJHR 666 in hierdie verband.

344 Vanclay 2003 *Impact Assessment and Project Appraisal* 5.

345 Departement van Omgewingsake en Toerisme *Integrated Environmental Management Information Series* 22: *Socio-Economic Impact Assessment* 5.

moet aan gemeenskappe die geleentheid bied om insae te lewer by besluitnemingsprosesse en terselfdertyd gemeenskappe bemagtig om besluite rakende sake wat hulle daaglikse bestaan gaan beïnvloed te neem.³⁴⁶

Omgewingsaktiwiteite of -projekte se implementering of ontwikkeling se impak op die mens is geleë binne die volgende faktore:³⁴⁷ gesondheid en maatskaplike welstand;³⁴⁸ lewenskwaliteit en -omstandighede;³⁴⁹ ekonomiese welstand;³⁵⁰ kulturele oorwegings;³⁵¹ gesinslewe en gemeenskapsaangeleenthede.³⁵²

Vir die doeleindes van hierdie studie, is die impak van 'n omgewingsaktiwiteit of -projek op die gesondheid en maatskaplike welstand, asook die lewenskwaliteit en omstandighede, van individue en gemeenskappe van belang. Die impak van enige omgewingsaktiwiteit of -projek se implementering of ontwikkeling op die gesondheid en maatskaplike welstand van die mens, is direk verbind aan 'n individu of 'n gemeenskap se vermoë om voedsel en drinkwater te verkry.³⁵³ Van Schooten, Vanclay en Slootweg³⁵⁴ bepaal dat die impak op 'n individu of 'n gemeenskap se vermoë om voedsel te verkry gemeet word aan die toereikendheid, stabiliteit en kwaliteit van voedsel. Die lewenskwaliteit en -omstandighede van individue en gemeenskappe staan in 'n direkte verband tot die bevrediging van basiese behoeftes, wat die toegang tot voldoende voedsel insluit.³⁵⁵

Samevatting van die saamgestelde hersieningsriglyne

346 Departement van Omgewingsake en Toerisme *Integrated Environmental Management Information Series 22: Socio-Economic Impact Assessment 5*.

347 Die faktore is nie beperkend van aard nie – dit word bloot gebruik om die moontlike omvang van so 'n impakstudie te illustreer.

348 Gesondheid en maatskaplike welstand sluit in: fisiese en emosionele gesondheid en toegang tot voedsel en drinkwater.

349 Lewenskwaliteit en -omstandighede sluit in: toegang tot behuising; kwaliteit van behuising; voldoende infrastruktuur; natuurskoon; blootstelling aan geraas, reuke, gevaar en besoedeling; misdaad en rekreasiefasilitete.

350 Ekonomiese welstand sluit in: werkgeleenthede; verdien van inkomste; eiendomswaarde en ekonomiese onafhanklikheid.

351 Kulturele oorwegings sluit in: veranderinge aan 'n gemeenskap se norme, waardes en geloof.

352 Gemeenskapsaangeleenthede sluit in: gemeenskapsamehorigheid, en 'n vreedsame gesamentlike bestaan. Van Schooten, Vanclay en Slootweg "Conceptualizing Social Change Processes and Social Impacts" 85-90. Sien ook Departement van Omgewingsake en Toerisme *Integrated Environmental Management Information Series 22: Socio-Economic Impact Assessment 9*.

353 Van Schooten, Vanclay en Slootweg "Conceptualizing Social Change Processes and Social Impacts" 85. Sien ook Departement van Omgewingsake en Toerisme *Integrated Environmental Management Information Series 22: Socio-Economic Impact Assessment 9*.

354 Van Schooten, Vanclay en Slootweg "Conceptualizing Social Change Processes and Social Impacts" 85.

355 Møller en Schlemmer 1983 *Social Indicators Research* 229.

Vervolgens die hersieningsriglyne, spesifiek vir die omgewingsektor insluitende natuurlike landbouhulpbronne, vir sekerheidsdoeleindes:

Tabel 1: Hersieningsriglyne

<i>Riglyn 1: Identifiseer aktiwiteite in die omgewings- en landbousektor wat verband hou met die elemente van voedsel:</i>	→	<ul style="list-style-type: none"> • Gepaste gebruik van landbougrond en natuurlike hulpbronne • Grondhervorming • Seisoenale invloede, natuurlike rampe en natuuruiterstes • Biodiversiteit • Erosie • Watergebruik en -tekorte
<i>Riglyn 2: Inkorporeer beheermaatreëls vir aktiwiteite:</i>	→	<ul style="list-style-type: none"> • Skryf verantwoordelikhede toe aan 'n spesifieke staatsorgaan of 'n onafhanklike liggaam • Stel doelwitte in terme van die geïdentifiseerde aktiwiteite • Verbind die doelwitte aan 'n tydsraamwerk • Identifiseer faktore wat die implementering van die wetgewende bepalings belemmer • Weerspieël goeie bestuurspraktyke • Erken die invloed van verskeie rolspelers
<i>Riglyn 3: Inisiëring van deurlopende navorsing:</i>	→	<ul style="list-style-type: none"> • Maak gebruik van 'n onafhanklike navorsingskomitee • Baseer navorsing op: <ul style="list-style-type: none"> - Volhoubare landboupraktyke - Volhoubare metodes vir voedselproduksie - Implementering van nuwe tegnologieë en metodes - Die invloed van geneties gemanipuleerde organismes

<p><i>Riglyn 4: Formuleer sektorale wetgewende bepalings in oorleg met die aard en inhoud van die erkende menseregte-beginsels:</i></p>		<ul style="list-style-type: none"> • Beginsel van deelnemendheid • Beginsel van toerekeningsvatbaarheid • Beginsel van nie-diskriminasie • Beginsel van deursigtigheid • Beginsel van menswaardigheid • Beginsel van bemagtiging • Die <i>rule of law</i>
<p><i>Riglyn 5: Sluit internasionale omgewingsregbeginsels in om die bestuur en beskerming van die omgewing en natuurlike landbouhulpbronne te bevorder en verwesenlik:</i></p>		<ul style="list-style-type: none"> • Beginsel van volhoubare ontwikkeling • Beginsel van inter- en intragenerasionele gelykheid • Voorkomingsbeginsel • Besoedelaar-betaal-beginsel
<p><i>Riglyn 6: Die inkorporasie van verpligte sosio-ekonomiese impakstudies in omgewingsverwante wetgewing</i></p>		<ul style="list-style-type: none"> • Vereis dat 'n sosio-ekonomiese impakstudie afgelê moet word • Bied hierdeur die geleentheid aan die gemeenskap om deel te neem aan die proses en besluitneming

Hierdie saamgestelde hersieningsriglyne, spesifiek vir die hersiening van omgewingsverwante wetgewing, word vervolgens in Hoofstuk 4 van hierdie studie gebruik om eerstens te bepaal tot watter mate daar reeds voorsiening vir voedselsekerheidaangeleenthede in die omgewingsektor gemaak word;³⁵⁶ om tweedens die hersieningsmoontlikhede van omgewingsverwante wetgewing te oorweeg aan die hand van hierdie riglyne;³⁵⁷ en om derdens die wetgewende moontlikhede van toekomstige sektorale omgewingswetgewing verbandhoudend tot klimaatsverandering, vir doeleindes van voedselsekerheid, te beklemtoon.³⁵⁸

356 Sien afdeling 4.1 en 4.2 van hierdie studie.

357 Sien afdeling 4.3 van hierdie studie.

358 Sien afdeling 4.4 van hierdie studie.

HOOFTUK 4

4 Die hersiening van geselekteerde Suid-Afrikaanse omgewingsverwante wetgewing

Omgewingswetgewing kan beskryf word as 'n kombinasie van beginsels wat nie saam gegroepeer word weens die gemeenskaplike karakter daarvan nie, maar eerder weens die saak wat daardeur gereguleer word, naamlik die omgewing.³⁵⁹ Die vrae wat hieruit ontstaan is eerstens watter aangeleenthede deur omgewingswetgewing gereguleer word; en tweedens aan watter vereistes aangeleenthede moet voldoen om onder die vaandel van omgewingsreg te funksioneer.³⁶⁰ Rabie³⁶¹ verskaf 'n eenvoudige antwoord op hierdie vrae deur te bepaal dat enige wetgewende norm wat verband hou met die omgewing, beskou word as omgewingsverwante wetgewing.

Hierdie afdeling van die studie fokus eerstens daarop om die versoenbaarheid tussen Suid-Afrikaanse omgewingsverwante wetgewing en die reg op toegang tot voldoende voedsel vas te stel,³⁶² en tweedens word daar aan die hand van hierdie saamgestelde hersieningsriglyne (soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie) bepaal tot watter mate daar reeds voorsiening vir voedselsekerheidsaspekte in die geselekteerde omgewingsverwante wetgewing gemaak word,³⁶³ wat die hersieningsmoontlikhede van die omgewingsverwante wetgewing insluit³⁶⁴ en kortliks watter toekomstige wetgewende moontlikhede in terme van toekomstige omgewingsverwante wetgewing, verbandhoudend tot klimaatsverandering, bewerkstellig kan word.³⁶⁵

359 Cowen 1989 *THRHR* 3; Van der Linde "National Environmental Management Act 107 of 1998 (NEMA)" 193 en Kidd *Environmental Law* 4-5.

360 Rabie "Nature and Scope of Environmental Law" 92-95. Kidd *Environmental Law* 4.

361 Rabie "Nature and Scope of Environmental Law" 92.

362 Sien afdeling 3.2.3.1 van hierdie studie.

363 Sien afdelings 4.1 en 4.2 van hierdie studie.

364 Sien afdeling 4.3 van hierdie studie.

365 Sien afdeling 4.4 van hierdie studie.

4.1 Artikel 24 van die Grondwet

Artikel 24 van die *Grondwet* is die beginpunt om die versoenbaarheid tussen omgewingsverwante wetgewing en die reg op toegang tot voldoende voedsel te bevestig.³⁶⁶ Artikel 24 bepaal soos volg:³⁶⁷

Elkeen het die reg -

- (a) op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie; en
- (b) op die beskerming van die omgewing, ter wille van huidige en toekomstige geslagte, deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat-
 - (i) besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom;
 - (ii) bewaring bevorder; en
 - (iii) die ekologies volhoubare ontwikkeling en aanwending van natuurlike hulpbronne verseker terwyl dit regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder.

Soos voorheen in hierdie studie bepaal,³⁶⁸ is die versoenbaarheid tussen omgewingsverwante wetgewing en die reg op toegang tot voldoende voedsel, gesetel in die invloed wat hierdie wetgewing uitoefen, of moontlik kan uitoefen, op die beskikbaarheid, stabilitet, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel.³⁶⁹

Die inhoud van artikel 24 van die *Grondwet* dui reeds op die intrinsieke verhouding tussen 'n omgewing wat nie skadelik vir 'n individu se gesondheid of welsyn is nie en sosio-ekonomiese regte, onder andere die reg op toegang tot voldoende voedsel.³⁷⁰ Die begrippe "gesondheid",³⁷¹ "welsyn"³⁷² en "volhoubare ontwikkeling"³⁷³ is vir die doeleindes van hierdie bespreking die sentrale punte in artikel 24 van die *Grondwet* wat ondersoek word ten einde die versoenbaarheid tussen die reg op toegang tot voldoende voedsel en omgewingsverwante wetgewing te bepaal.

366 Sien afdeling 3.2.3.1 van hierdie studie rakende die bespreking oor die versoenbaarheidsevaluasie.

367 Sien a 24 van die *Grondwet*.

368 Sien afdelings 2.2 en 3.2.3 van hierdie studie.

369 FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 193. Sien ook FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 10.

370 Feris "Environmental Rights and Locus Standi" 134 en Feris 2008 SAJHR 30. Sosio-ekonomiese regte soos vervat in aa 26, 27 en 29 van die *Grondwet*, sluit onder andere behuising, gesondheidsorg, onderwys, voedsel, water en maatskaplike sekerheid in.

371 A 24(a) van die *Grondwet*.

372 A 24(a) van die *Grondwet*.

373 A 24(b)(iii) van die *Grondwet*.

Die verwysing na "gesondheid" in artikel 24 duい op menslike gesondheid wat geestes-en fisiese gesondheid insluit.³⁷⁴ Eenvoudig gestel is 'n omgewing wat nie skadelik vir menslike gesondheid is nie, van belang vir die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel, aangesien individue van die natuurlike omgewing afhanklik is om in basiese behoeftes soos voedsel en drinkwater te voorsien.³⁷⁵

Indien hulpbronne wat uit die omgewing ontgin word nie van genoegsame kwaliteit is nie, word die beskikbaarheid en toereikendheid van voedsel beïnvloed. Indien voedsel nie beskikbaar en toereikend is nie, kan mense se gesondheid nie gehandhaaf word nie. Gevolglik word die toeganklikheid van voedsel ook deur swak omgewingstoestande beïnvloed, aangesien individue daardeur nie toegang kan verkry tot natuurlike hulpbronne om hul basiese behoeftes aan voedsel te bevredig nie.

Dit blyk dat die algehele versoenbaarheid tussen die reg op toegang tot voldoende voedsel en omgewingsverwante wetgewing op 'n antroposentriese benadering duい.³⁷⁶ 'n Antroposentriese benadering behels dat die omgewing bewaar en bestuur moet word op so 'n wyse dat die mens se belang daarby voorrang geniet.³⁷⁷ Daar word verder deur Kidd³⁷⁸ bepaal dat die omgewing in stand gehou moet word sodat die mens vrylik toegang kan verkry tot natuurlike hulpbronne ten einde hul basiese behoeftes aan, onder andere, voedsel en drinkwater, te bevredig.

"Welsyn"³⁷⁹ se betekenis is meer betwisbaar as dié van "gesondheid".³⁸⁰ Feris³⁸¹ bepaal dat welsyn verband hou met die geestelike en psigologiese behoeftes van die mens om as een met die natuur te funksioneer. Hierdeur word omgewingsbewaring ten gunste van die menslike welsyn bewerkstellig.³⁸² In *HTF Developers (Pty) Ltd v The Minister of Environmental Affairs and Tourism*³⁸³ bepaal die hof:

374 Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 526; Kidd *Environmental Law* 22; en Feris "Environmental Rights and Locus Standi" 135.

375 Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 526.

376 Anders gestel: "anthropocentric approach". Feris 2008 SAJHR 32.

377 Feris 2008 SAJHR 30.

378 Kidd *Environmental Law* 14.

379 "Welsyn" word gebruik in a 24 van die Grondwet. Anders gestel kan dit ook bekend staan as die "welstand" van die mens.

380 Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 526. Kidd *Environmental Law* 22.

381 Feris "Environmental Rights and Locus Standi" 135–136.

382 Feris "Environmental Rights and Locus Standi" 136.

383 2006 5 SA 512 (T) par 18.

The term "wellbeing" is open-ended and manifestly is incapable of precise definition. Nevertheless it is critically important in that it defines for the environmental authorities the constitutional objectives of their task.

Vanweë die feit dat "welsyn" nie aan 'n duidelike definisie gebonde is nie, blyk dit dat die algehele welsyn van die gemeenskap as 'n doelwit vir die regering geïdentifiseer word om in die uitvoering van hulle pligte na te streef.³⁸⁴

Die algehele bevordering van menslike welsyn vereis dat 'n balans gevind moet word tussen sosio-ekonomiese behoeftes³⁸⁵ en die beskerming van natuurlike hulpbronne.³⁸⁶ Hierdie balans tussen sosiale, ekonomiese en omgewingsbelange kan gesamentlik beskryf word as volhoubare ontwikkeling.³⁸⁷

Die beginsel van volhoubare ontwikkeling³⁸⁸ word in artikel 24(b)(iii) van die *Grondwet* hanteer. 'n Kritiese ontleiding van die beginsel van volhoubare ontwikkeling is in die *Fuel Retailers*-saak te vind.³⁸⁹ Die hof slaan ag op die ooglopende verwysing na sosio-ekonomiese ontwikkeling in artikel 24(b)(iii) van die *Grondwet* en bepaal dat die verwesenliking van sosio-ekonomiese regte (soos die reg op toegang tot voldoende voedsel) noodsaaklik is vir die vooruitgang van die mens, maar dat hierdie verwesenliking nie op die agteruitgang van die omgewing gebaseer kan word nie.³⁹⁰

Vanuit die voorgaande bespreking is dit duidelik dat die versoenbaarheid tussen omgewingsverwante wetgewing en die reg op toegang tot voldoende voedsel reeds deur artikel 24 van die *Grondwet* bewerkstellig word. Hierdie versoenbaarheid is bewys deur artikel 24(a) en 24(b)(iii) van die *Grondwet* te ontleed. Die reg op 'n omgewing wat nie skadelik vir 'n individu se gesondheid of welsyn is nie, beïnvloed die beskikbaarheid, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel,³⁹¹ aangesien die

384 Du Plessis en Du Plessis "Striking the sustainability balance in South Africa" 428.

385 Soos reeds genoem word voedsel as 'n sosio-ekonomiese behoeftte beskou.

386 Du Plessis en Du Plessis "Striking the sustainability balance in South Africa" 429.

387 Kidd *Environmental Law* 17-18.

388 Sien ook riglyn 5 van die saamgestede riglyne vir 'n bespreking aangaande die beginsel van volhoubare ontwikkeling, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

389 2007 6 SA 4 (KH). Sien ook afdeling 2.2.1 van hierdie studie.

390 *Fuel Retailers*-saak par 44. Sien afdeling 4.2 van hierdie studie vir 'n verdere bespreking aangaande die beginsel van volhoubare ontwikkeling in terme van *NEMA*.

391 FAO *Voluntary Guidelines* 5; FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* 185; en FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 10.

gesondheid en welsyn van die mens verbind is aan die bevrediging van basiese behoeftes, soos toegang tot voldoende voedsel.³⁹² Khoza³⁹³ stel dit soos volg:

Food plays a significant role in a person's physical and mental growth and development as well as survival. It generates the necessary strength and ability for a human body to think, to move, and to work. Lack of access to adequate food limits people's potential and could lead to loss of lives. Malnutrition causes underdevelopment of brain cells, growth retardation and vulnerability to infectious diseases.

Die gevolgtrekking wat hieruit vir die doeleindes van hierdie studie gemaak word, is dat die omgewing volgens 'n volhoubare proses bestuur en bewaar moet word,³⁹⁴ sodat natuurlike hulpbronne, vir doeleindes van voedselproduksie, deurlopend daaruit ontgin kan word om die gesondheid en welsyn van individue te bevorder.

Die wetgewende mandaat wat in artikel 24(b) van die *Grondwet* vervat is plaas 'n verpligting op die staat om wetgewende en ander maatreëls aan te neem³⁹⁵ ten einde die reg op 'n omgewing wat nie skadelik vir individue se gesondheid of welsyn is nie³⁹⁶ te verwesenlik.³⁹⁷ Die *NEMA*, as 'n raamwerk wet wat aangeleenthede ten opsigte van omgewingsbestuur reguleer, gee effek aan die bepalings van artikel 24 van die *Grondwet*, in samehang met verskeie omgewingsverwante wetgewing wat tot op hede deur die staat aangeneem is.³⁹⁸ Hierdie wetgewing poog om natuurlike hulpbronne te bewaar en aangeleenthede wat bedreigings vir die omgewing inhoud te beheer.³⁹⁹

In afdeling 4.2 van hierdie studie sal die *NEMA*, aan die hand van die FAO se hersieningsproses, asook aan die saamgestelde hersieningsriglyne (soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie), ondersoek word om te bepaal tot watter mate daar reeds voorsiening vir die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel in die omgewingsektor gemaak word.

392 Kidd *Environmental Law* 22-23.

393 Khoza 2004 SAJHR 666.

394 Deur beide sosio-ekonomiese en omgewingsfakore in berekening te bring.

395 A 24(b) van die *Grondwet*.

396 A 24(a) van die *Grondwet*.

397 Feris "Environmental Rights and Locus Standi" 132.

398 MEC, *Department of Agriculture, Conservation and Environment v HTF Developers (Pty) Ltd* 2008 (2) SA 319 (KH) par 24.

399 Feris "Environmental Rights and Locus Standi" 133. Sien afdeling 2.2.1 van hierdie studie. Hierdie wetgewing sluit in: die *NWW*; die *NEM:AQA*; die *NEM:BA*; die *NEM:ICMA*; die *NEM:PAA*; die *CARA* en die *NEM:WA*.

4.2 NEMA

4.2.1 Inleidende opmerkings

Die *NEMA* is 'n raamwerk wet wat vir die bewaring en bestuur van die omgewing voorsiening maak.⁴⁰⁰ Die *NEMA* gee effek aan die bepalings van artikel 24 van die *Grondwet*,⁴⁰¹ soos dit in afdeling 4.1 van hierdie studie bespreek is. 'n *Ex post facto*-evaluasie van die *NEMA* is daarop gemik om te bepaal hoe hierdie wetgewing in die toekoms tot die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel kan bydra of reeds daartoe bydra.⁴⁰² 'n *Ex post facto*-evaluasie⁴⁰³ van die *NEMA* bring verskeie areas in dié wetgewing na vore wat reeds vir die verwesenliking van sosio-ekonomiese regte voorsiening maak.⁴⁰⁴ Die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel maak nie deel van die *NEMA* se mandaat nie en gevvolglik sal nie al die saamgestelde hersieningsriglyne (soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie) noodwendig toepassing in hierdie bespreking vind nie.⁴⁰⁵

4.2.2 Die definisie van "omgewing"

Volgens artikel 1 van die *NEMA* word "omgewing" gedefinieer as:

- die omgewing waarbinne mense bestaan en wat saamgestel is uit -
- (i) die grond, water en atmosfeer van die aarde;
 - (ii) mikro-organismes, plante en dierelewé;
 - (iii) enige deel of kombinasie van (i) en (ii) en die verwantskappe onder en tussen hulle; en
 - (iv) die fisiese, chemiese, estetiese en kulturele eienskappe en toestande van die voorgaande wat menslike gesondheid en welsyn beïnvloed.

400 Nel en Du Plessis 2001 SAJELP 19; Van der Linde "National Environmental Management Act 107 of 1998 (NEMA)" 194 en Kidd *Environmental Law* 35.

401 Kidd *Environmental Law* 35.

402 Sien afdeling 3.2.3.1 van hierdie studie. FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 3.

403 Sien afdeling 3.2.3.1 van hierdie studie.

404 A 2(1)(a) van die *NEMA*. Van der Linde "National Environmental Management Act 107 of 1998 (NEMA)" 198. Sosio-ekonomiese regte soos vervat in aa 26, 27 en 29 van die *Grondwet*, sluit, soos reeds genoem in afdeling 2.2.5 van hierdie studie, onder andere behuising, gesondheidsorg, onderwys, voedsel, water en maatskaplike sekerheid in.

405 Sien afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie waar daar bepaal word dat die saamgestelde hersieningsriglyne elkeen afsonderlik aangewend kan word om omgewingsverwante wetgewing te hersien, afhangende van die aard en omvang van die spesifieke wet, asook van wat die wetgewende behoeftes van die spesifieke land is.

Nel en Kotzé⁴⁰⁶ bepaal dat die definisie van omgewing 'n wye interpretasie vereis wat, vir konstitusionele waardes, 'n veranderende natuurlike omgewing; die verwesenliking van sosio-ekonomiese regte; en volhoubare ontwikkeling voorsiening maak. Die voorgaande definisie van "omgewing" weerspieël 'n sogenaamde "groen"-perspektief⁴⁰⁷ sowel as 'n "bruin"-perspektief.⁴⁰⁸

'n "Groen"-perspektief op die definisie van "omgewing" erken slegs die bestaan van natuurlike lewende en nielewende elemente⁴⁰⁹ van die omgewing in samehang met die bewaring daarvan.⁴¹⁰ 'n "Bruin"-perspektief op die definisie van "omgewing", wat van belang is vir die bydrae tot die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel, bepaal, soortgelyk aan die antroposentriese benadering,⁴¹¹ dat die mens nie van die natuurlike omgewing geskei kan word nie; en dat die sosio-ekonomiese behoeftes, gesondheid en welsyn van die mens met die behoud van natuurlike omgewingselemente vervleg is.⁴¹² Die "bruin"-perspektief kan egter baie kompleks van aard te wees, aangesien komponente van volhoubare ontwikkeling daarby ingesluit is.⁴¹³

Dit blyk of die definisie van "omgewing", volgens artikel 1 van *NEMA*, indirek vir die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel voorsiening maak deur die fisiese, chemiese, estetiese en kulturele eienskappe en toestande van die omgewing, wat menslike gesondheid en welsyn⁴¹⁴ beïnvloed, te erken.⁴¹⁵ 'n Breë interpretasie van hierdie definisie strek in die algemeen tot voordeel van die verwesenliking van sosio-ekonomiese regte –⁴¹⁶ in besonder vir die reg op toegang tot voldoende voedselaangesien *NEMA* eerstens effek gee aan die bepalings van

406 Nel en Kotzé "Environmental Management: An Introduction" 5, 7.

407 Nel en Kotzé "Environmental Management: An Introduction" 2. Sien ook Kidd *Environmental Law* 21.

408 Nel en Kotzé "Environmental Management: An Introduction" 3.

409 Sien punt (i) en (ii) van die definisie van "omgewing" vanuit a 1 van die *NEMA*. Lewende elemente sluit in: mense, diere, plante en mikro organismes. Nie-lewende elemente sluit in: grond, water en die atmosfeer van die aarde.

410 Nel en Kotzé "Environmental Management: An Introduction" 2 Sien ook Kidd *Environmental Law* 21.

411 Sien afdeling 4.1 van hierdie studie.

412 Sien punt (iv) van die definisie van "omgewing" vanuit a 1 van die *NEMA*. Nel en Kotzé "Environmental Management: An Introduction" 3.

413 Nel en Kotzé "Environmental Management: An Introduction" 3.

414 Sien afdeling 4.1 van hierdie studie vir 'n bespreking aangaande "gesondheid" en "welsyn".

415 Sien punt (iv) van die definisie van 'omgewing' vanuit a 1 van die *NEMA*.

416 Nel en Kotzé "Environmental Management: An Introduction" 5, 7.

artikel 24 van die *Grondwet*⁴¹⁷ en tweedens aangesien die intrinsieke verhouding tussen 'n omgewing, wat nie skadelik vir 'n individu se gesondheid of welsyn is nie, en die verwesenliking van sosio-ekonomiese regte reeds deur artikel 24 van die *Grondwet* bewerkstellig word.

4.2.3 *Die nasionale omgewingsbestuurbeginsels*

Die nasionale omgewingsbestuurbeginsels, soos vervat in artikel 2 van *NEMA*, is afdwingbaar op die doen en late van alle staatsorgane dwarsoor Suid-Afrika wat, deur hul handelinge, die natuurlike stand van die omgewing kan beïnvloed.⁴¹⁸ 'n Belangrike verbintenis word deur die nasionale omgewings-bestuurbeginsels geskep tussen die behoud en beskerming van die omgewing en die verwesenliking van sosio-ekonomiese regte, wat die reg op toegang tot voldoende voedsel insluit (alhoewel daar nie direk na dié reg verwys word nie).⁴¹⁹ Die aard en inhoud van die nasionale omgewingsregbeginsels is in ooreenstemming met dié van internasionale omgewingsregbeginsels.⁴²⁰

Die *NEMA* inkorporeer beide omgewingsbestuurbeginsels⁴²¹ en menseregtebeginsels⁴²² in artikel 2 van dié wet. Die omgewingsbestuurbeginsels⁴²³ asook die menseregtebeginsels,⁴²⁴ vanuit artikel 2 van *NEMA*, wat as relevant vir hierdie studie geag word, sal in hierdie afdeling beklemtoon word ten opsigte van die bydrae wat dit kan lewer tot die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel. Ten spyte van die feit dat die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel nie direk in artikel 2 van *NEMA* hanteer word nie, word wesenlike potensiaal

417 Kidd *Environmental Law* 35.

418 A 2(1) van die *NEMA*. Van der Linde "National Environmental Management Act 107 of 1998 (*NEMA*)" 198 beskryf die afdwingbaarheid van die nasionale omgewingsbestuurbeginsels soos volg: sou die Departement van Landbou 'n besluit neem of handeling verrig wat die omgewing beïnvloed, sal die departement verplig word om die nasionale omgewingsbestuurbeginsels, soos vervat in a 2 van die *NEMA*, in ag te neem; andersins sal die voorgenooemde besluit of handeling onderhewig wees aan administratiewe hersiening. Sien verder Kidd *Environmental Law* 36.

419 A2(1)(a) van die *NEMA*.

420 Sien riglyn 5 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

421 Sien riglyn 5 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

422 Sien riglyn 4 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

423 Sien riglyn 5 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

424 Sien riglyn 4 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

in die nasionale omgewingsbestuurbeginsels raakgesien om tot die toenemende verwesenliking daarvan by te dra.⁴²⁵

4.2.3.1 Menseregtebeginsels

Wat die inkorporasie van die beginsel van nie-diskriminasie aanbetrif, moedig die *NEMA* reeds die gebruik daarvan, tesame met die beginsel van omgewingsgeregtigheid, deurlopend aan om te verseker dat geen individu, veral kwesbare en voorheenbenadeelde persone, benadeel word deur ongewenste omgewingsinwerkings nie.⁴²⁶ "Omgewingsinwerkings" word nie gedefinieer deur *NEMA* nie, maar indien hierdie omgewingsinwerkings kwesbare en voorheen benadeelde persone benadeel ten opsigte van hul vermoë om gelyke toegang tot natuurlike hulpbronne vir doeleinades van voedsel te geniet, sal hierdie bepaling in die *NEMA* tot voordeel van die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel strek.⁴²⁷

Die *NEMA* erken indirek die beginsel van menswaardigheid deur te bepaal dat individue oor billike toegang tot omgewingshulpbronne, -voordele en -dienste moet besik ten einde basiese menslike behoeftes te bevredig en om gesonde menslike welsyn te handhaaf.⁴²⁸ Soos voorheen bepaal,⁴²⁹ is die reg op toegang tot voldoende voedsel direk aan menswaardigheid verbind en is dit inherent tersaaklik vir die verwesenliking van ander menseregte.⁴³⁰ Weereens in hierdie geval maak die *NEMA* reeds indirekte voorsiening vir die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel deur te stel dat individue toegang tot omgewingshulpbronne, -voordele en -dienste moet geniet ten einde hul basiese menslike behoeftes, soos onder andere, die menslike behoeftes aan voedsel, te bevredig.⁴³¹

Die aktiewe deelname van belanghebbende en geaffekteerde individue aan omgewingsbestuur word bevorder deur die *NEMA* deur te bepaal dat geleenthede

425 Sien a 2 van die *NEMA*. Van der Linde "National Environmental Management Act 107 of 1998 (*NEMA*)" 198.

426 A 2(4)(c) van die *NEMA*. Sien ook a 9(3) van die *Grondwet*.

427 Sien riglyn 4 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

428 A 2(4)(d) van die *NEMA*. Sien ook a 10 van die *Grondwet*.

429 Sien afdeling 2 van hierdie studie.

430 Vidar "The Interrelationships Between the Right to Food and Other Human Rights" 141-159; Woods *Human Rights and Environmental Sustainability* 3; Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit* 67 en Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 529.

431 Sien riglyn 4 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

geskep moet word om diegene se begrip, vaardighede en vermoë, wat nodig is vir die bereiking van billike en effektiewe deelname, te ontwikkel.⁴³² Hierdeur word individue en gemeenskappe in die posisie geplaas om aktief deel te neem aan prosesse en besluite aangaande die bestuur van die omgewing waaruit die natuurlike hulpbronne vir voedsel geput word.⁴³³

Die *NEMA* moedig die beginsel van gemeenskapsbemagtiging aan deur te bepaal dat gemeenskapsonderrig, omgewingsbewustheid en die deel van kennis en ondervinding tot die gemeenskap se beskikking gestel moet word.⁴³⁴ Indirek kan hierdie gemeenskapsonderrig, omgewingsbewustheid en die deel van kennis mense in die posisie plaas om kennis op te doen om natuurlike hulpbronne vanuit die natuur te versamel ten einde self toegang tot voldoende voedsel te verkry en daardeur hulle lewensstandaard te verhoog.⁴³⁵

Die beginsel van deursigtigheid word in die *NEMA* ingesluit deur openlike en deursigtige besluitneming te vereis ten einde die reg op toegang tot inligting, ooreenkomsdig met die bepalings van die *Grondwet*, te verseker.⁴³⁶ Hierdeur word geïmpliseer dat die regering openlike toegang tot besluite wat geneem word aangaande die bestuur van die omgewing wat moontlik 'n invloed kan uitoefen op die beskikbaarheid, stabiliteit, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel, aan individue moet bied.⁴³⁷

Die beginsel van toerekeningsvatbaarheid is eerstens te vinde in artikel 2(1) van die *NEMA* wat bepaal dat die nasionale omgewingsbestuurbeginsels afdwingbaar is op die doen en late van alle staatsorgane dwarsoor Suid-Afrika, wat deur enige van handelinge die natuurlike stand van die omgewing kan beïnvloed.⁴³⁸ Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, vanuit 'n voedsel-perspektief is dat, aangesien die *NEMA* die verantwoordelikhede van die staat erken om die sosio-ekonomiese regte in hoofstuk 2 van die *Grondwet* te respekteer, te beskerm, te

432 A 2(4)(f) van die *NEMA*.

433 Sien riglyn 4 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

434 A 2(4)(h) van die *NEMA*. Sien ook par 2.2.5 van hierdie studie rakende 'n bespreking oor maatskaplike aangeleenthede.

435 Sien riglyn 4 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

436 A 2(4)(k) van die *NEMA*. Sien ook a 32 van die *Grondwet*.

437 Sien riglyn 4 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

438 A 2(1) van die *NEMA*.

bevorder en te vervul, alle staatsdepartemente daaraan gebonde gehou word om eerstens die omgewing te beskerm en te bewaar teen negatiewe omgewingsinwerkings en tweedens om natuurlike hulpbronne te beskerm wat gebruik word deur individue vir voedseldoelende.⁴³⁹ Die beginsel van toerekeningsvatbaarheid kom ook voor in artikel 2(4)(p) van die *NEMA* wat vereis dat die uitgawes wat aan die regstelling van besoedeling; omgewingsagteruitgang; gesondheidsnadeel en die voorkoming, beheer of vermindering van toekomstige besoedeling, omgewingskade of nadelige gesondheidsgevolge verbonde is, deur diegene wat vir die besoedeling van die omgewing verantwoordelik is, betaal moet word.⁴⁴⁰ Indien die gevolge van die besoedeling of omgewingsagteruitgang dus in die verlies aan natuurlike hulpbronne wat gebruik word vir voedsel gesetel is, sal hierdie agteruitgang of verlies deur die skuldige partye geremedieer moet word.

4.2.3.2 Internasionale omgewingsbestuurbeginsels

Nieteenstaande die menseregtebeginsels, beskik die *NEMA* oor internasional aanvaarde omgewingsregbeginsels⁴⁴¹ wat ook tot voordeel van die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel aangewend kan word.

Eerstens bepaal die *NEMA* dat die sosiale, ekonomiese en omgewingsinwerkings van enige aktiwiteit deeglik oorweeg, vasgestel en geëvalueer moet word om volhoubare besluite te neem waarby die gesondheid en welsyn van beide die omgewing en die gemeenskap sal baat vind⁴⁴² In die breër konteks van die beginsel van volhoubare ontwikkeling bepaal die *NEMA* dat natuurlike hulpbronne,⁴⁴³ tesame met die ekosisteme waarvan hulle deel uitmaak, se ontwikkeling, gebruik en ontginning nie bo 'n vlak, waarvan die integriteit bedreig word, styg nie.⁴⁴⁴ So moet byvoorbeeld die ontginning van natuurlike landbouhulpbronne op 'n volhoubare wyse geskied sodat voedsel in voldoende hoeveelhede vrylik beskikbaar is om individue se basiese behoefté daaraan te vervul, maar die hoeveelheid wat ontgin word moet

439 Sien riglyn 4 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

440 A 2(4)(p) van die *NEMA*. Hierdie beginsel staan in die omgewingsreg bekend as die '*polluter pays principle*'.

441 Kidd *Environmental Law* 7.

442 A 2(4)(i) van die *NEMA*. Sien afdeling 4.1 van hierdie studie waar die begrippe 'gesondheid' en 'welsyn' ontleed word aan die hand van die reg op toegang tot voldoende voedsel.

443 Herwinbare hulpbronne sluit landbouhulpbronne, wat vir voedselproduksie gebruik word, in. Sien Giliomee "Agriculture" 937.

444 A 2(4)(a)(vi) van die *NEMA*.

nie die integriteit en toestand van die omgewing tot so 'n mate in gevaar stel dat daar nie vir toekomstige tydperke genoeg voedsel geproduseer kan word nie.⁴⁴⁵

Die *NEMA* bepaal verder dat 'n risiko-negatiewe en versigtigheidsbenadering⁴⁴⁶ gevolg moet word in omstandighede waar die gevolge van sekere omgewingsaangeleenthede nie tans wetenskaplik bepaalbaar is nie en waar hierdie aangeleenthede 'n negatiewe effek op die natuurlike omgewing kan uitoefen.⁴⁴⁷ Aangeleenthede wat wetenskaplik-onsekere bedreigings vir die omgewings- en landbousektore inhoud, sluit onder ander gronderosie, verwering, klimaatsverandering, geneties gemanipuleerde organismes, watertekorte en plaagdoders in.⁴⁴⁸ Dus moet daar met die nodige versigtigheid met hierdie wetenskaplik-onsekere bedreigings gehandel word om so ver moontlik dit te voorkom – juis vanweë die potensieel verwoestende gevolge wat dit kan inhoud vir natuurlike landbouhulpbronne wat aangewend word vir voedselproduksie.⁴⁴⁹

Die openbare trust-doktrine word ook in *NEMA* vervat en bepaal dat die omgewing deel uitmaak van 'n openbare trust ten gunste van die nasie ten einde die voordelige gebruik van omgewingshulpbronne en die beskerming van dié gemeenskaplike erfenis te bevorder en te beskerm.⁴⁵⁰ Hierdie beginsel sluit aan by die beginsel van volhoubare ontwikkeling asook die beginsel van inter- en intragenerasionele gelykheid.⁴⁵¹ Binne 'n voedselsekerheid perspektief moet huidige geslagte die omgewing en natuurlike hulpbronne binne 'n sogenaamde "openbare trust" bewaar deur die volhoubare bestuur daarvan, sodat toekomstige geslagte oor gelyke voordele beskik wat die beskikbaarheid, stabiliteit, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel betref.⁴⁵²

445 Sien riglyn 5 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

446 Anders gestel: *precautionary principle*. Riglyn 5 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie, verwys in hierdie konteks na die inkorporasie van die voorkomingsbeginsel. Ten spyte daarvan dat die benamings van hierdie beginsel kan verskil, bly die aard en die inhoud daarvan dieselfde.

447 A 2(4)(a)(vii) van die *NEMA*. Sien ook Kidd *Environmental Law* 37.

448 Giliomee "Agriculture" 937; Van der Linde "National Environmental Management Act 107 of 1998 (NEMA)" 198; Olivier, Myakayaka en Richards "Indigenous Plants" 352-353. Sien ook afdelings 2.2.1 en 3.2.3.5 van hierdie studie.

449 Sien riglyn 5 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

450 A 2(4)(o) van die *NEMA*. Sien ook Kidd *Environmental Law* 11.

451 Sien riglyn 5 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

452 Sien riglyn 5 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

Weens die algemene karakter van die nasionale omgewingsbestuurbeginsels⁴⁵³ en die aard en doel van die *NEMA* as oorkoepelende raamwerkwet wat uitsluitlik vir die algemene bewaring en bestuur van die omgewing voorsiening maak,⁴⁵⁴ blyk dit dat die *NEMA* deurgaans die rol van goeie omgewingsbestuur in die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel indirek erken. Hierdie indirekte erkenning geskied deur die belang van die verwesenliking van sosio-ekonomiese regte⁴⁵⁵ en volhoubare ontwikkeling⁴⁵⁶ uit te wys. Daar moet egter beklemtoon word dat die eksklusieve erkenning van die reg op toegang tot voldoende voedsel, nie deel uitmaak van *NEMA* se oorkoepelende doel en mandaat nie. Gevolglik is daar, na aanleiding van die FAO se hersieningsproses, asook die saamgestelde riglyne, bevind dat *NEMA*, binne die grense van dié wet se mandaat, voldoende voorsiening maak vir 'n bydrae tot die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel.

4.2.4 Sosio-ekonomiese impakstudies

Artikel 24 van die *NEMA* maak vir omgewingsmagtigings⁴⁵⁷ voorsiening.⁴⁵⁸ Omgewingsmagtigings behels, in belang van geïntegreerde omgewingsbestuur, dat gelyste aktiwiteite⁴⁵⁹ se potensiële invloed op die omgewing oorweeg, ondersoek en bepaal moet word ten einde 'n verslag daaroor aan die bevoegde owerheid voor te lê, tensy die betrokke aktiwiteite sonder omgewingsmagtiging aanvang kan neem.⁴⁶⁰ Die aard van die aktiwiteit sal bepaal of 'n basiese omgewingsmagtiging of 'n volledige omgewingsmagtiging vereis word.⁴⁶¹

453 A 2(1)(b) van die *NEMA*.

454 Nel en Du Plessis 2001 *SAJELP* 19; Van der Linde "National Environmental Management Act 107 of 1998 (NEMA)" 194 en Kidd *Environmental Law* 35.

455 A 2(1)(a) van die *NEMA*.

456 A 2(4)(a) van die *NEMA*.

457 Anders gestel: environmental authorisations.

458 A 24 van die *NEMA*.

459 Hierdie gelyste aktiwiteite is te vinde in: GK R543 in SK 33306 van 18 Junie 2010; GK R544 in SK 33306 van 18 Junie 2010; en GK R545 in SK 33306 van 18 Junie 2010. Hierdie gelyste aktiwiteite hou elk spesifieke gevolge vir die omgewing in. Afhangende van die aard van die aktiwiteit sal daar van die persoon wat die aktiwiteit wil onderneem vereis word om óf 'n basiese assessering óf 'n volledige omgewingsimpakstudie te onderneem ten opsigte van die gevolge wat hierdie aktiwiteite binne die spesifieke geval inhoud.

460 A 24(1) van die *NEMA*

461 Sien GK R543 in SK 33306 van 18 Junie 2010; GK R544 in SK 33306 van 18 Junie 2010; en GK R545 in SK 33306 van 18 Junie 2010.

Soos reeds genoem⁴⁶² is die mens, en die vervulling van sy basiese behoeftes, die sentrale punt waarom enige hedendaagse ontwikkeling moet wentel. Vanweë hierdie sleutelrol wat die mens vervul, en in die belang van volhoubare ontwikkeling, behoort daar 'n sosio-ekonomiese impakstudie tesame met 'n omgewingsimpakstudie uitgevoer word aangesien 'n omgewingsimpakstudie alleenlik nie voldoende is om die kompleksiteit van sosio-ekonomiese uitdagings te hanteer nie.⁴⁶³ 'n Sosio-ekonomiese impakstudie is 'n verdere wyse, volgens riglyn 6 van die saamgestelde hersieningsriglyne, waarop die *NEMA* tot die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel kan bydra.⁴⁶⁴ Die basis van hierdie stelling is te vinde in artikel 2(2) van die *NEMA* wat bepaal dat die fisiese, sielkundige, ontwikkelings-, kulturele en maatskaplike belang en behoeftes van individue deur omgewingsbestuur⁴⁶⁵ en die interpretasie van artikel 24 van die *Grondwet* bevorder moet word, soos aangedui.⁴⁶⁶

Ingevolge riglyn 6 van die saamgestelde hersieningsriglyne,⁴⁶⁷ word die aanbeveling gemaak dat die *NEMA* die aflê van 'n sosio-ekonomiese impakstudie as 'n vereiste moet stel tesame met die afhandeling van omgewingsmagtigings.⁴⁶⁸ Gevolglik sal die definisies van die *NEMA* uitgebrei moet word om vir 'n definisie van sosio-ekonomiese impakstudie voorsiening te maak. Die gelyste aktiwiteite,⁴⁶⁹ wat aan omgewingsmagtigings verbonde is, sal uitgebrei moet word om vir gelyste aktiwiteite voorsiening te maak wat nadelinge sosio-ekonomiese gevolge inhou.⁴⁷⁰

In terme van die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel sal 'n sosio-ekonomiese impakstudie, in samehang met die bestaande omgewingsmagtigings, moet bepaal watter invloed die implementering of ontwikkeling van omgewingsaktiwiteite of -projekte op die beskikbaarheid, stabiliteit,

462 Sien riglyn 6 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

463 Momtaz en Kabir *Evaluating Environmental and Social Impact Assessment in Developing Countries* 85-86. Departement van Omgewingsake en Toerisme *Integrated Environmental Management Information Series 22: Socio-Economic Impact Assessment* 7.

464 Sien afdelings 3.2.3.5 en 4.2.1 van hierdie studie.

465 A 2(2) van die *NEMA*.

466 Sien afdeling 4.1 van hierdie studie.

467 Sien afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

468 Aucamp *The Role and the Place of Social Impact Assessment in the Project Life Cycle* 55.

469 Hierdie gelyste aktiwiteite is te vinde in: GK R543 in SK 33306 van 18 Junie 2010; GK R544 in SK 33306 van 18 Junie 2010; en GK R545 in SK 33306 van 18 Junie 2010.

470 A 24A van die *NEMA* maak voorsiening vir die prosedure die lys van 'n aktiwiteit of 'n gebied. Sien Du Pisani *Social Impact Assessment: The Status of Practice in the North West Province of South Africa* 40.

toeganklikheid en toereikendheid van voedsel sal uitoefen.⁴⁷¹ Duidelike riglyne en minimum voorwaardes vir die aflegging van so 'n sosio-ekonomiese impakstudie moet deur die bevoegde owerheid bekend gemaak word, hetsy in die vorm van 'n aparte proses, of as 'n geïntegreerde proses met dié van omgewingsimpakstudies.⁴⁷² Reeds met die aanvang van 'n sosio-ekonomiese impakstudie moet meganisme in plek gestel word om 'n betrokkenheidsprogram vir die gemeenskap te loods ter erkenning van die beginsels van deelnemendheid en bemagtiging sodat individue aktief kan deelneem aan besluite wat moontlik die verwesenliking van die reg op toegang tot voedsel kan belemmer of self bevorder.⁴⁷³ Sou die *NEMA* hersien word om uitdruklike voorsiening te maak vir die implementering en aflegging van sosio-ekonomiese impakstudies, sal konkrete implikasies gelys moet word indien 'n party versuim om só impakstudie voortydig af te lê.⁴⁷⁴

4.3 CARA

Soos aangedui in afdeling 2.2.1 van hierdie studie, word die CARA beskou as omgewingsverwante wetgewing vanweë die vele nadelige landbouaktiwiteite wat ongewenste uitwerkings op die omgewing het.⁴⁷⁵

Die belang van die landbousektor vir die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel is reeds in 2.2.1 van hierdie studie kortliks bespreek.⁴⁷⁶ Die doel van die CARA is om wetgewende beheer oor die benutting en bewaring van die natuurlike landbouhulpbronne van Suid-Afrika uit te oefen.⁴⁷⁷ Die oogmerke van die CARA sluit in: om die bewaring van grond, waterhulpbronne en plantegroei te bewerkstellig; om produksievermoë van grond te handhaaf; om gronderosie te

471 Sien riglyn 6 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

472 Aucamp *The Role and the Place of Social Impact Assessment in the Project Life Cycle* 58.

473 Departement van Omgewingsake en Toerisme *Integrated Environmental Management Information Series 22: Socio-Economic Impact Assessment 5. FAO Guide on Legislating for the Right to Food* 194-195. Sien verder Aucamp *The Role and the Place of Social Impact Assessment in the Project Life Cycle* 58; Du Pisani *Social Impact Assessment: The Status of Practice in the North West Province of South Africa* 40. Sien riglyne 4 en 6 van die saamgestelde riglyne, soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

474 Hierdie implikasies sal soortgelyk wees aan dié in a 24G van die *NEMA* wat handel oor die gevolge van die onwettige aanvang van aktiwiteite.

475 Giliomee "Agriculture" 937; Van der Linde "National Environmental Management Act 107 of 1998 (NEMA)" 198; Olivier, Myakayaka en Richards "Indigenous Plants" 352-353. Sien ook afdeling 2.2.1 van hierdie studie.

476 Sien afdeling 2.2.1 van hierdie studie.

477 A 3 van die CARA.

voorkom en te bestry; om die verswakking of vernietiging van waterhulpbronne te verhinder; om onkruid te bestry en om plantegroei teen indringerplante se invloed te beskerm.⁴⁷⁸

Kidd⁴⁷⁹ bepaal dat natuurlike landbouhulpbronne deurlopend deur gronderosie; bogronddegradasie, verdigting, aansuring, versouting en onkruidvervuiling bedreig word. Vanuit die doel van die CARA blyk dit dat hierdie wet die bekamping van sommige bedreigings vir die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel hanteer, sonder om direk na voedsel te verwys. Hierdie afdeling sal dus die hersieningsmoontlikhede van die CARA oorweeg in oorleg met die FAO se hersieningsproses en die saamgestelde hersieningsriglyne ten einde te bepaal hoe hierdie omgewingsverwante wet kan bydra tot die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel en voedselsekerheid in Suid-Afrika.

4.3.1 *Toepassing van riglyn 1*

Riglyn 1⁴⁸⁰ van die saamgestelde hersieningsriglyne bepaal dat omgewingsverwante wetgewing, soos die CARA, voorsiening moet maak vir die identifisering van sekere aktiwiteite wat verband hou met omgewings- en landbou-aangeleenthede wat die beskikbaarheid, toeganklikheid, stabiliteit en toereikendheid van voedsel kan beïnvloed.⁴⁸¹ Die invloede sluit onder meer in: die gebruik van landbougrond, grondhervorming, seisoenale invloede, natuurlike rampe, natuur uiterstes, erosie, watergebruik en -tekorte⁴⁸² asook biodiversiteitsaangeleenthede.⁴⁸³ Ná afloop van dié identifisering sal die aktiwiteite, tesame met sekere beheermaatreëls, in omgewingsverwante wetgewing of regulasies vervat moet word.⁴⁸⁴ Die resultaat van die identifisering en bestuur van hierdie aktiwiteite wat verband hou met die beskikbaarheid, toeganklikheid, stabiliteit en toereikendheid van voedsel, moet gesetel wees in die toenemende produksie van voedsel ten einde 'n voldoende

478 A 3 van die CARA.

479 Kidd *Environmental Law* 132.

480 Sien afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

481 CESCR General Comment 12: *The Right to Adequate Food* par 22.

482 Alle wateraspekte word volledig deur die NWW gereguleer en vanweë die aard en die omvang van die bespreking sal dit nie in diepte in hierdie studie bespreek word nie.

483 Sien Tabel 1 soos in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

484 Sien riglyn 1 soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

hoeveelheid daarvan te verseker op nasionale, regionale, plaaslike en huishoudelike vlak.⁴⁸⁵

Die CARA maak in artikel 6, soortgelyk aan riglyn 1,⁴⁸⁶ voorsiening daarvoor aangesien daar bepaal word dat die betrokke minister sekere beheermaatreëls⁴⁸⁷ moet voorskryf wat deur grondgebruikers nagekom moet word.⁴⁸⁸ Dié beheermaatreëls hou verband met die tipe aktiwiteite wat deur riglyn 1⁴⁸⁹ voorgestel word, naamlik: die bewerking, benutting, beskerming en besproeiing van grond;⁴⁹⁰ die voorkoming, beheer en herstel van versuiping, verbrakking en erosie van grond;⁴⁹¹ die algemene benutting en beskerming van waterbronne en plantegroei;⁴⁹² en die beskerming van waterbronne teen besoedeling deur boerderypraktyke.⁴⁹³ Hierdie beheermaatreëls, soos vervat in artikel 6 van die CARA word egter nie tans voorgeskryf om die beskikbaarheid, toeganklikheid, stabilitet en toereikendheid van voedsel te bevorder nie,⁴⁹⁴ maar eerder om die handelinge van grondgebruikers te reguleer.⁴⁹⁵ Verder, soos riglyn 1⁴⁹⁶ bepaal, moet die ekologiese, ekonomiese, sosiale en estetiese waarde van natuurlike landbouhulpbronne vir voedselsekerheidsdoel-eindes erken word en dit moet weerspieël word in die identifisering van hierdie aktiwiteite.⁴⁹⁷

Riglyn 1⁴⁹⁸ van die saamgestelde riglyne bepaal dat die invloed van grondhervorming op voedselsekerheid nie geminag moet word nie; sou grondhervorming 'n wesenlike nadelige effek op voedselsekerheid uitoefen moet meganismes en beleide ten gunste van die reg op toegang tot voldoende voedsel se verwesenliking, in die breë konteks van omgewingsbestuur, in plek gestel word.⁴⁹⁹ Die CARA maak tot 'n mate

485 *Rome Declaration on World Food Security* 1.

486 Sien afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

487 Die gebruik van die term beheermaatreëls in artikel 6 van die CARA moet nie verwarring word met die tweede riglyn van die saamgestelde hersieningsriglyne nie.

488 A 6(1) van die CARA.

489 Sien afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

490 Aa 6(2)(a)-(c) van die CARA.

491 Aa 6(2)(d), 6(2)(m) van die CARA.

492 Aa 6(2)(e), 6(2)(g) van die CARA.

493 A 6(2)(n) van die CARA.

494 Sien riglyn 1 soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

495 A 6(1) van die CARA. Verster et al "Soil" 320.

496 Sien afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

497 FAO *Global Plan of Action for the Conservation and Sustainable Utilisation of Plant Genetic Resources for Food and Agriculture* par 227.

498 Sien afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

499 Sien riglyn 1 soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

hiervoor voorsiening in artikel 14, wat handel oor die onteiening van grond vir die doeleindes van die herstel of herwinning van landbouhulpbronne, maar verwys na die bepalings van die *Onteieningswet*.⁵⁰⁰

Die CARA maak tans nie voorsiening vir maatreëls om seisoenale invloede, natuurlike rampe en natuuruiterstes te hanteer en te remedieer nie.⁵⁰¹ Hierdie word bestempel as onbekende elemente waarvan die gevolge vir voedselsekerheid nie maklik bepaalbaar is nie en dus bepaal die saamgestelde hersieningsriglyne dat omgewingsverwante wetgewing soos die CARA vroegtydige voorsiening moet maak ten einde hierdie elemente se gevolge te beredder.

4.3.2 *Toepassing van riglyn 2*

Riglyn 2⁵⁰² van die saamgestelde hersieningsriglyne bepaal dat beheermaatreëls in wetgewing geïnkorporeer moet word ten einde die geïdentifiseerde aktiwiteite (soos geïdentifiseer in terme van riglyn 1)⁵⁰³ te reguleer.⁵⁰⁴ Artikel 7(1) van die CARA dien tans so 'n doel deur te bepaal dat die uitvoerende beampete 'n grondgebruiker kan verplig om die vereistes van 'n spesifieke aktiwiteit na te kom ten einde die oogmerke van die CARA te bereik.⁵⁰⁵ Die beheermaatreëls moet egter op so wyse ontwikkel dat hierdie aktiwiteite gekontroleer en bestuur kan word na gelang van die moontlike impak wat die aktiwiteite op die omgewing, sowel as voedselsekerheid, kan hê.⁵⁰⁶ Dus sal die CARA die beheermaatreëls wat die aktiwiteite (wat die beskikbaarheid, toeganklikheid, stabiliteit en toereikendheid van voedsel beïnvloed) reguleer in oorleg met die aard van die aktiwiteit moet ontwikkel en die verantwoordelikhede van die uitvoerende beampete daardeur bepaal.⁵⁰⁷

500 63 van 1975. Sien a 14 van die CARA. Vir die doeleindes van hierdie studies al daar nie verdere aandag geskenk word aan grondhervorming en grondontteiening nie.

501 Sien riglyn 1 soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

502 Sien afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

503 Sien afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

504 Sien riglyn 2 soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

505 A 7(1) van die CARA.

506 *World Food Summit Plan of Action* par 1.

507 Sien afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

4.3.3 Toepassing van riglyn 3

Riglyn 3⁵⁰⁸ impliseer dat omgewingsverwante wetgewing, soos die CARA, 'n navorsingsmandaat moet toeken aan onafhanklike navorsingskomitees⁵⁰⁹ om deurlopende navorsing te inisieer ten opsigte van volhoubare landboupraktyke, volhoubare metodes vir voedselproduksie, die implementering van nuwe landboutegnologie en -metodes sowel as die invloed van geneties gemanipuleerde organismes op voedselsekerheid en ander natuurlike landbouhulpbronne.⁵¹⁰ Daar word aanbeveel dat hierdie navorsing eerstens ten gunste van die doel en oogmerke van die CARA onderneem moet word⁵¹¹ en daardeur moet die beskikbaarheid, stabiliteit, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel hanteer word ten einde 'n bydrae te lewer tot die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel. Die kontrole oor geneties gemanipuleerde organismes word tans deur die *Wet op Geneties Gemanipuleerde Organismes*,⁵¹² asook artikel 78 van *NEM:BA* hanteer, maar aangesien die gevolge wat hierdie organismes vir die omgewing inhoud betwis word deur akademici, word verdere navorsing vanuit beide landbou- en omgewingsperspektiewe aangemoedig.⁵¹³

4.3.4 Toepassing van riglyne 4 en 5

Riglyne 4 en 5⁵¹⁴ van die saamgestelde riglyne vereis dat die hersiene sektorale wetgewende bepalings in oorleg met die aard en inhoud van die erkende menseregtebeginsels geformuleer moet word; asook dat internasionale omgewingsregbeginsels van hierdie wetgewing moet deel vorm om sodoende by te dra tot die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel. Wat riglyne 4 en 5 van die saamgestelde riglyne in terme van die CARA betref, is daar reeds in afdeling 4.2.3 van hierdie studie bepaal dat die nasionale omgewingsbestuurbeginsels, soos vervat in artikel 2 van *NEMA*, afdwingbaar is op

508 Sien afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

509 Onder andere die Suid-Afrikaanse Landbounavorsingsraad.

510 Sien riglyn 2 soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

511 Soos reeds genoem (sien afdeling 4.3 van hierdie studie) is die doel van die CARA om wetgewende beheer oor die benutting en bewaring van natuurlike landbouhulpbronne van Suid-Afrika uit te oefen.

512 15 van 1997.

513 Giliomee "Agriculture" 937; Lim Tung 2011 *Woord en Daad* 28-32 en Chetty en Viljoen 2007 *South African Journal of Science* 269-270. Sien ook afdeling 2.2.1 van hierdie studie.

514 Sien afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

die doen en late van alle staatsorgane dwarsoor Suid-Afrika wat, deur hul handelinge, die natuurlike stand van die omgewing kan beïnvloed.⁵¹⁵ Die nasionale omgewingsbestuurbeginsels sal dus afdwingbaar op die Departement van Landbou wees ten opsigte enige handeling of verpligting wat daar uitgevoer word in terme van die CARA, aangesien die CARA tans nie uitdruklik oor dié beginsels in riglyne 4 en 5 beskik nie.⁵¹⁶

4.3.5 *Toepassing van riglyn 6*

Riglyn 6 van die saamgestelde hersieningsriglyne vereis dat die aflê van 'n sosio-ekonomiese impakstudie deur omgewingsverwante wetgewing as verpligting gestel word voordat enige omgewingsontwikkeling plaasvind.⁵¹⁷ Daar is egter in afdeling 4.2.4 van hierdie studie bepaal dat 'n sosio-ekonomiese impakstudie tuis hoort onder die vaandel van omgewingsimpakstudies en dienooreenkomsdig deur artikel 24 van die *NEMA* hanteer, omskryf en geïmplementeer moet word.⁵¹⁸

4.3.6 *Die rol van die Draft Conservation of Agricultural Resources Amendment Bill*

Die *Draft Conservation of Agricultural Resources Amendment Bill*⁵¹⁹ van 2013 beoog om artikel 1A(1) in die CARA by te voeg, wat bepaal dat die nasionale regering, deur middel van die minister wat vir landbou verantwoordelik is, die openbare trustee vir Suid-Afrika se landbouhulpbronne is en dat die regering aktief te werk moet gaan om te verseker dat hierdie hulpbronne op 'n volhoubare wyse ontwikkel, gebruik, beskerm, en bestuur word.⁵²⁰

515 A 2(1) van die *NEMA*. Van der Linde "National Environmental Management Act 107 of 1998 (*NEMA*)" 198 beskryf die afdwingbaarheid van die nasionale omgewingsbestuurbeginsels soos volg: sou die Departement van Landbou 'n besluit neem of handeling verrig wat die omgewing beïnvloed, sal die departement verplig word om die nasionale omgewingsbestuurbeginsels, soos vervat in a 2 van die *NEMA*, in ag te neem; andersins sal die voorgenoemde besluit of handeling onderhewig wees aan administratiewe hersiening. Sien verder Kidd *Environmental Law* 36.

516 Sien riglyne 4-5 soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie. 'n Volledige bespreking van die menseregtebeginsels, asook die internasionale omgewingsregbeginsels in samehang met die moontlikhede wat dit bied vir die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel, word vervat in afdeling 4.2.3.1 en 4.2.3.2 van hierdie studie.

517 Sien riglyn 6 soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

518 Sien afdelings 3.2.3.5 en 4.2.4 van hierdie studie.

519 GK R673 in SK 36605 van 2 Julie 2013. Hierna die *Draft Conservation of Agricultural Resources Amendment Bill*.

520 A 1A(1) van die *Draft Conservation of Agricultural Resources Amendment Bill*.

Artikel 1A(2) van die *Draft Conservation of Agricultural Resources Amendment Bill* beoog dat die CARA in die toekoms moet bepaal dat die minister, in die uitvoering van sy of haar pligte, moet verseker dat landbougrond en enige ander landbouhulpbronne: op 'n billike wyse verkrygbaar is; ten gunste van die gemeenskap aangewend word; langtermyn voedselsekerheid bevorder; sosio-ekonomiese ontwikkeling verhoog; en bestuur word volgens die omgewingsbestuurbeginsels.⁵²¹ Ten spyte van die feit dat die *Draft Conservation of Agricultural Resources Amendment Bill* bepaal dat landbougrond en enige ander landbouhulpbronne op so 'n wyse aangewend moet word dat dit langtermyn voedselsekerheid bevorder, word: geen definisie van voedselsekerheid weergee nie; geen strategie, plan of beginsels bekend gemaak oor hoe dit verwesenlik sal word nie; en geen verwysing gemaak na die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel nie.

4.3.7 Gevolgtrekking: die CARA

Die gevolgtrekking word gemaak dat die CARA daarin slaag om die bedreigings verwant aan volhoubare landbou, en indirek die bedreigings vir die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel, te hanteer. Hierdie bedreigings sluit onder andere gronderosie; bogronddegradasie, verdigting, aansuring, versouting en onkruidvervuiling in.⁵²² Daar bestaan wye wetgewende moontlikhede om 'n bydrae te lewer tot die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel in die CARA en tans word die wetgewing as onderbenut beskou. Die *Draft Conservation of Agricultural Resources Amendment Bill* poog om sommige van die leemtes in die CARA te hanteer en te beredder.⁵²³ Ten spyte daarvan dat hierdie wetsontwerp bepaal dat die betrokke minister binne die uitvoering van sy of haar pligte langtermyn voedselsekerheid moet bevorder,⁵²⁴ word daar steeds nie genoegsaam na spesifieke metodes verwys om die beskikbaarheid, stabiliteit, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel te bewerkstellig en te handhaaf nie. Vanweë die onbepaalde en negatiewe invloede wat klimaatsverandering op beide die natuur en die mens uitoefen, sal afdeling 4.4 verder kortliks oor die verbintenis

521 A 1A(2) van die *Draft Conservation of Agricultural Resources Amendment Bill*.

522 Kidd *Environmental Law* 132. Sien ook a 6 van die CARA.

523 Sien afdeling 4.3.6 van hierdie studie.

524 A 1A(2) van die *Draft Conservation of Agricultural Resources Amendment Bill*.

tussen klimaatsveranderingwetgewing en die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel handel.

4.4 Toekomstige klimaatsveranderingwetgewing en die National Climate Change Response White Paper van 2011

Die Suid-Afrikaanse witskrif, die *National Climate Change Response White Paper*, wat handel oor klimaatsverandering verlang 'n *ex ante facto*-versoenbaarheidsevaluasie volgens die FAO se hersieningsproses.⁵²⁵ Die doel van 'n *ex ante facto*-evaluasie van die *National Climate Change Response White Paper* van 2011⁵²⁶ is om te verseker dat toekomstige wetgewing, wat handel oor klimaatsverandering, nie die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel sal teenwerk nie.⁵²⁷ Vanweë die komplekse aard en onbekende faktore wat aan klimaatsverandering verbonde is, sal hierdie afdeling net 'n kortlikse bespreking bevat ten opsigte van die verbintenis tussen klimaatsveranderingwetgewing en die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel. Slegs sekere van die saamgestelde riglyne sal vir gebruik in hierdie wetgewing aanbeveel word.

Die NCCRWP stel twee doelwitte: eerstens om die onvermydelike nadelige gevolge van klimaatsverandering effektief te hanteer en Suid-Afrika se omgewings-, maatskaplike en ekonomiese bestaanbaarheid daarmee te bestuur; en tweedens om die kweekhuisgasvrylatings in die atmosfeer te stabiliseer ten einde sodoende te verseker dat omgewings-, maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling volhoubaar geskied.⁵²⁸

Die NCCRWP erken dat klimaatsverandering alle ekosisteme se natuurlike aanpasbaarheid en funksionering beïnvloed.⁵²⁹ Die beskerming van ekosisteme en natuurlike biome word as 'n hoë prioriteit deur die NCCRWP geklassifiseer, aangesien hierdie ekosisteme en natuurlike biome verantwoordelik is om 'n wye verskeidenheid van hulpbronne en produkte, onder andere voedsel en drinkwater,

525 Sien afdeling 3.2.3.1 van hierdie studie. *Ex ante facto*-evaluasies is op toekomstige sektorale wetgewing van toepassing.

526 Hierna die NCCRWP.

527 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* 3.

528 Regering van Suid-Afrika NCCRWP 5.

529 Regering van Suid-Afrika NCCRWP 8.

aan die mensdom te verskaf.⁵³⁰ Die Suid-Afrikaanse regering beoog om die uitdagings verbonde aan adaptasie⁵³¹ deur middel van regionale verbintenisse te hanteer vanweë die gesamentlike uitdagings⁵³² wat klimaatsverandering aan Afrika lande bied.⁵³³

Die basiese ideaal in terme van die FAO se hersieningsproses en die saamgestelde hersieningsriglyne sal wees dat toekomstige wetgewing wat handel oor klimaatsverandering geformuleer moet wees aan die hand van die internasionaal aanvaarde menseregtebeginsels⁵³⁴ en die inhoud van die internasionale omgewingsregbeginsels moet weerspieël.⁵³⁵

Die *NCCRWP* bevat reeds omgewingsregbeginsels, wat die toon vir toekomstige wetgewing stel, ent insluit: die beginsel van gedeelde, maar gedifferensieerde, verantwoordelikhede en respektiewe bevoegdhede;⁵³⁶ die beginsel van spesiale behoeftes en omstandighede;⁵³⁷ opheffing van behoeftige en kwesbare individue;⁵³⁸ die beginsel van intra- en intergenerasie volhoubaarheid;⁵³⁹ die beginsel van veiligheidsvoorsorg;⁵⁴⁰ die besoedelaar-betaal-beginsel;⁵⁴¹ die beginsel van ingeligte deelname,⁵⁴² en laastens die beginsel van volhoubare ontwikkeling.⁵⁴³

Klimaatsverandering word deur Rumsey en King⁵⁴⁴ as die onbekende faktor in Suid-Afrika se pogings om wetgewende voorsiening vir omgewingsbestuur te maak, bestempel. Om wesenlike bewaring en vooruitgang van Suid-Afrika se omgewing te

530 Regering van Suid-Afrika *NCCRWP* 8.

531 Anders gestel: *adaptation*. UNFCCC 2014 <http://bit.ly/1IZc1P> definieer adaptasie soos volg: 'Adjustment in natural or human systems in response to actual or expected climatic stimuli or their effects, which moderates harm or exploits beneficial opportunities.' Sien ook IPCC 2007 <http://bit.ly/OAmx5a>. Dus verwys adaptasie, ingevolge klimaatsveranderingsreg, na aanpassings, aksies en remedies wat aangewend word om menslike en natuurlike sisteme te ondersteun om by die gevolge van klimaatsverandering aan te pas.

532 Hierdie uitdagings sluit, onder ander, in: voedseltekort en hongersnood; waterskaarste, armoede en onvolhoubare ontwikkeling. Sien Regering van Suid-Afrika *NCCRWP* 14.

533 Regering van Suid-Afrika *NCCRWP* 14.

534 Sien riglyn 4 soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

535 Sien riglyn 5 soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

536 Anders gestel: "principle of common but differentiated responsibilities and respective capabilities".

537 Anders gestel: "principle regarding special needs and circumstances".

538 Anders gestel: "uplifting the poor and vulnerable".

539 Anders gestel: "principle of intra- and inter-generational sustainability".

540 Anders gestel: "precautionary principle".

541 Anders gestel: "polluter pays principle".

542 Anders gestel: "principle of informed participation".

543 Regering van Suid-Afrika *NCCRWP* 11.

544 Rumsey en King "Climate Change" 1048.

bewerkstellig word 'n multidimensionele benadering voorgestel.⁵⁴⁵ Behoeftige en kwesbare individue beskik nie oor die nodige hulpmiddele en vermoëns om by die onafwendbare gevolge van klimaatsverandering aan te pas nie – dus word klimaatsverandering as 'n gebiedend noodsaklike sosiale uitdaging beskou.⁵⁴⁶ Ekosisteme en natuurlike biome is verantwoordelik daarvoor om 'n wye verskeidenheid van hulpbronne en produkte, onder ander voedsel en drinkwater, aan die mensdom te verskaf⁵⁴⁷ en daarom is dit die ideaal dat toekomstige klimaatsveranderingwetgewing eerstens voorsiening moet maak vir die bewaring van die omgewing en tweedens vir die toenemende verwesenliking van sosio-ekonomiese regte, wat direk verband hou met die bevrediging van basiese behoeftes – onder ander toegang tot voedsel.

4.5 Gevolgtrekking

Hierdie afdeling van die studie het ten doel gehad om eerstens die versoenbaarheid tussen Suid-Afrikaanse omgewingsverwante wetgewing en die reg op toegang tot voldoende voedsel vas te stel;⁵⁴⁸ en tweedens om aan die hand van die saamgestelde hersieningsriglyne (soos vervat in afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie) te bepaal tot watter mate daar reeds voorsiening vir voedselsekerheidsaspekte in die geselekteerde omgewingsverwante wetgewing gemaak word,⁵⁴⁹ wat die hersieningsmoontlikhede van die omgewingsverwante wetgewing insluit⁵⁵⁰ en kortliks watter toekomstige wetgewende moontlikhede in terme van toekomstige omgewingsverwante wetgewing, verbandhoudend tot klimaatsverandering, bewerkstellig kan word.⁵⁵¹

As 'n beginpunt word artikel 24 van die Grondwet veronderstel om die versoenbaarheid tussen omgewingsverwante wetgewing en die reg op toegang tot voldoende voedsel aan te toon. Artikel 24 tesame met Artikel 2 van die *NEMA* skep 'n belangrike verbintenis tussen die behoud en beskerming van die omgewing en die verwesenliking van sosio-ekonomiese regte, wat die reg op toegang tot voldoende

545 Rumsey en King "Climate Change" 1048-1049.

546 Rumsey en King "Climate Change" 1054.

547 Regering van Suid-Afrika NCCRWP 8.

548 Sien afdeling 3.2.3.1 van hierdie studie.

549 Sien afdelings 4.1 en 4.2 van hierdie studie.

550 Sien afdeling 4.3 van hierdie studie.

551 Sien afdeling 4.4 van hierdie studie.

voedsel insluit. In hierdie hoofstuk is die saamgestelde hersieningsriglyne gebruik om Suid-Afrikaanse wetgewing te evalueer en voortaan sal daar in Hoofstuk 5 gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word aangaande die uitkoms van hierdie evaluasie.

HOOFTUK 5

5 Gevolgtrekking en aanbevelings

5.1 Gevergtekking

Die doel van hierdie studie was om te bepaal op watter wyse (en volgens welke riglyne) omgewingsverwante wetgewing hersien kan word ten einde tot die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel by te dra.⁵⁵²

Die FAO se drievlakstrategie⁵⁵³ vir die wetgewende voorsiening van die reg op voedsel, naamlik die inkorporasie van die reg op voedsel in lande se grondwette;⁵⁵⁴ die ontwikkeling van 'n voedselraamwerk;⁵⁵⁵ en die hersiening van sektorale wetgewing⁵⁵⁶ is ten opsigte van die huidige Suid-Afrikaanse posisie ontleed. Dié strategie beskik oor multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale eienskappe⁵⁵⁷ wat voorsiening maak vir verskillende wetgewende moontlikhede om die reg op toegang tot voldoende voedsel te verwesenlik.⁵⁵⁸

Die klem was egter op die derde vlak, naamlik die FAO se voorstel vir die hersiening van sektorale wetgewing wat met die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel versoen kan word.⁵⁵⁹ Daar is bevind dat die FAO se bedoeling met hierdie vlak van wetgewende voorsiening is dat alle sektorale wetgewing wat 'n moontlike invloed op die beskikbaarheid, stabiliteit, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel kan uitoefen, geïdentifiseer en hersien moet word aan die hand van die FAO se voorgestelde hersieningsproses. Verskillende sektore, tesame met die verbandhoudende wetgewing, is kortliks bespreek met die doel om die multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale aard, wat aan die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel verbonde is, te

552 Sien Hoofstuk 1 van hierdie studie.

553 Sien Hoofstuk 1 en 3 van hierdie studie.

554 Sien afdeling 3.2.1 van hierdie studie.

555 Sien afdeling 3.2.2 van hierdie studie.

556 FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food 2. FAO Guide on Legislating for the Right to Food* 183.

557 Sien afdeling 2.2 van hierdie studie waar verskillende sektore, tesame met die verbandhoudende wetgewing, kortliks bespreek word, om die multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale aard van die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel te beklemtoon.

558 FAO *Voluntary Guidelines 2.*

559 Sien afdeling 3.2.3 van hierdie studie.

beklemtoon.⁵⁶⁰ Vanweë die aard en omvang van hierdie mandaat het hierdie studie slegs gefokus op die hersiening van geselekteerde Suid-Afrikaanse omgewingsverwante wetgewing ten einde 'n bydrae te lewer tot die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel.⁵⁶¹

Die FAO se hersieningsproses maak tans nie aanbevelings ten opsigte van moontlike aspekte wat in omgewingsverwante wetgewing vervat moet wees om 'n bydrae te lewer tot die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel nie.⁵⁶² Gevolglik is daar in hierdie studie hersieningsriglyne saamgestel met betrekking tot die moontlike inhoud van omgewingsverwante wetgewing ten einde 'n gunstige wetgewende omgewing te skep wat 'n bydrae kan lewer tot die toenemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel.⁵⁶³ Die saamgestelde hersieningsriglyne kan aangewend word volgens die wetgewende behoeftes van 'n land.

Vir die doeleindes van die hersieningsproses, meer spesifiek die versoenbaarheidsevaluasie, is artikel 24 van die Grondwet as die beginpunt bestempel om die versoenbaarheid tussen omgewingsverwante wetgewing en die reg op toegang tot voldoende voedsel aan te toon.⁵⁶⁴ Geselekteerde omgewingsverwante wetgewing is ondersoek aan die hand van die FAO se hersieningsproses, asook aan die studie se saamgestelde hersieningsriglyne, ten einde te bepaal tot watter mate daar reeds voorsiening vir voedselsekerheid in die *NEMA* en die *CARA*, gemaak word;⁵⁶⁵ watter hersieningsmoontlikhede in die *NEMA* en die *CARA* oorweeg kan word;⁵⁶⁶ en watter aspekte in toekomstige omgewingsverwante wetgewing, verbandhoudend tot klimaatsverandering, vir doeleindes van voedselsekerheid, ingesluit kan word.⁵⁶⁷

560 Sien afdelings 2.2.1 tot 2.2.6 van hierdie studie.

561 Sien Hoofstuk 4 van hierdie studie.

562 Sien Hoofstuk 1 en afdeling 3.2.3 van hierdie studie.

563 Sien afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

564 Sien afdeling 4.1 van hierdie studie.

565 Sien afdelings 4.1 en 4.2 van hierdie studie.

566 Sien afdeling 4.3 van hierdie studie.

567 Sien afdeling 4.4 van hierdie studie.

'n *Ex post facto-evaluasie*⁵⁶⁸ van die NEMA onthul dat verskeie areas in dié wetgewing reeds vir die realisering van sosio-ekonomiese regte voorsiening maak.⁵⁶⁹ Daar word aanvaar dat die uitdruklike erkenning van die reg op toegang tot voldoende voedsel, onwaarskynlik sal deel uitmaak van die NEMA se oorkoepelende mandaat. 'n Breë interpretasie van die definisie van "omgewing" strek in die algemeen tot voordeel van die verwesenliking van sosio-ekonomiese regte,⁵⁷⁰ wat die reg op toegang tot voldoende voedsel insluit.⁵⁷¹ Die nasionale omgewingsbestuursbeginsels, soos vervat in artikel 2 van die NEMA, bevat beide menseregtebeginsels sowel as internasionale omgewingsregbeginsels en skep 'n belangrike verbintenis tussen die bestuur en bewaring van die omgewing en die verwesenliking van sosio-ekonomiese regte.⁵⁷² Vanweë die aard en die strekking van 'n sosio-ekonomiese impakstudie, blyk dit dat sodanige impakstudie, in samehang met omgewingsmagtigings, 'n wesenlike bydrae kan lewer om die reg op toegang tot voldoende voedsel toenemend vir alle individue te verwesenlik – mits dit in die toekoms deur wetgewing geïmplementeer word.⁵⁷³ Dit blyk dat 'n sosio-ekonomiese impakstudie, na gelang van hierdie studie, as 'n toekomstige instrument beskou kan word waardeur sosio-ekonomiese regte in die omgewingsbestuur sektor prakties bevorder kan word.⁵⁷⁴

Die noue verband tussen omgewings- en landbou-aangeleenthede en die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel, is in hierdie studie beklemtoon.⁵⁷⁵ 'n *Ex post facto-evaluasie*⁵⁷⁶ van die CARA onthul dat die bedreigings verwant aan volhoubare landbou indirek die bedreigings vir die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel weerspieël.⁵⁷⁷ Hierdie bedreigings sluit onder andere gronderosie; bogronddegradasie, verdigting, aansuring, versouting en onkruidvervuiling in.⁵⁷⁸ Dus, in oorleg met riglyn 1⁵⁷⁹ van die saamgestelde riglyne, sal

568 Sien afdeling 3.2.3.1 van hierdie studie.

569 Sien afdeling 4.2 van hierdie studie.

570 Nel en Kotzé "Environmental Management: An Introduction" 5, 7.

571 Sien afdeling 4.2.2 van hierdie studie.

572 Sien afdeling 4.2.3 van hierdie studie.

573 Sien afdeling 4.2.4 van hierdie studie.

574 Sien afdeling 4.2.4 van hierdie studie.

575 Sien afdelings 2.2.1 en 4.3 van hierdie studie.

576 Sien afdeling 3.2.3.1 van hierdie studie.

577 Sien afdeling 4.3 van hierdie studie.

578 Kidd *Environmental Law* 132.

579 Sien afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

daar spesifieke aktiwiteite geïdentifiseer moet word wat verband hou met voedsel en in ooreenstemming met die aktiwiteite sal sekere beheermaatreëls in plek gestel moet word. Deurlopende navorsing aangaande vooruitgang in die landbousektor ten gunste van voedselsekerheid moet deur die CARA geïnisieer word.⁵⁸⁰ Die *Draft Conservation of Agricultural Resources Amendment Bill* poog om sommige van die leemtes in die CARA te hanteer en te beredder, maar steeds word daar nie genoegsaam verwys na spesifieke metodes om die beskikbaarheid, stabiliteit, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel te bewerkstellig en te handhaaf nie.⁵⁸¹ Desnieteenstaande beskik die CARA oor die potensiaal om in die toekoms tot die toenemende beskikbaarheid, stabiliteit, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel by te dra.

Klimaatsverandering word as 'n onbekende faktor in Suid-Afrika se pogings om wetgewende voorsiening vir omgewingsbestuur te maak, bestempel.⁵⁸² Dus is daar 'n kortlikse *ex ante facto*-evaluasie van die NCCRWP afgelê om te bepaal watter aspekte in toekomstige klimaatsveranderingswetgewing ingesluit moet word om nie die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel teen te werk nie.⁵⁸³ Daar is bepaal dat, aangesien die impak en gevolge van klimaatsverandering tans onbekend is, toekomstige klimaatsveranderingswetgewing eerstens voorsiening moet maak vir die bewaring van die omgewing en tweedens vir die toenemende verwesenliking van sosio-ekonomiese regte, wat direk verband hou met die bevrediging van basiese behoeftes, onder andere toegang tot voedsel.⁵⁸⁴ Om hierdie doel te bereik word aanbeveel dat, as beginpunt, toekomstige wetgewing aangaande klimaatsverandering in oorelog met menseregtebeginsels geformuleer moet word en die internasionale omgewingsregbeginsels moet bevat.⁵⁸⁵

Vanweë dié omvangryke, uiteenlopende en komplekse aard van die FAO se voorgestelde hersieningsproses om wetgewende voorsiening te maak vir die reg op toegang tot voldoende voedsel by wyse van wetgewende hersiening, is daar vasgestel dat hierdie proses nie willekeurig moet geskied nie, maar eerder deeglik

580 Sien afdeling 4.3.3 van hierdie studie.

581 Sien afdeling 4.3.6 van hierdie studie.

582 Rumsey en King "Climate Change" 1048.

583 Sien afdeling 4.4 van hierdie studie.

584 Sien afdeling 4.4 van hierdie studie.

585 Sien afdeling 4.4 van hierdie studie.

beplan moet word ten einde 'n betroubare evaluering van die verskillende sektorale wetgewing te bewerkstellig.⁵⁸⁶

Beide die aard en inhoud van omgewingsverwante wetgewing, asook die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel, is vervat in ingewikkelde internasionale perspektiewe en norme wat bydra tot die kompleksiteit van die hersiening van omgewingsverwante wetgewing om bydraende voorsiening te maak vir die reg op toegang tot voldoende voedsel in Suid-Afrika.

5.2 Aanbevelings

Die multidimensionele, interdissiplinêre en kruissektorale aard van die reg op toegang tot voldoende voedsel word in hierdie studie erken en bevestig dat verskeie sektore en rolspelers betrokke is by die verwesenliking daarvan. Die FAO se hersieningsproses sal, indien dit toegepas word op alle verbandhoudende sektore, groot uitdagings aan die Suid-Afrikaanse regering bied ten opsigte van beskikbare kennis, vaardighede, kontrolering, verkrygbare hulpbronne en finansiële middele. Die implementering van hierdie sektorale hersienings ten gunste van die verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel sal egter 'n gefragmenteerde benadering tot gevolg hê wat deeglike regulering en samewerkende regeringsinisiatiewe vereis. Die Suid-Afrikaanse regering sal, indien die FAO se drievlakstrategie deur die regering oorweeg word, moet vasstel of die reg op toegang tot voldoende voedsel deur 'n voedselraamwerkwyd of deur hierdie sektorale wetgewende hersiening óf 'n kombinasie van die twee opsies toenemend verwesenlik sal moet word.

Na aanleiding van die bespreking in Hoofstuk 4 van hierdie studie rakende die hersiening van geselekteerde omgewingsverwante wetgewing, kan die volgende aanbevelings gemaak word. Die NEMA sal uitdruklik moet vereis dat 'n sosio-ekonomiese impakstudie, tesame met die afhandeling van omgewingsmagtigings, moet geskied ten einde te bepaal hoe die beskikbaarheid, stabilitet, toeganklikheid en toereikendheid van voedsel deur gelyste aktiwiteite beïnvloed word.⁵⁸⁷ Gevolglik sal die definisies van die NEMA uitgebrei moet word om vir 'n definisie van sosio-

586 Terblanche Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit 311.

587 Sien afdeling 4.2.4 van hierdie studie.

ekonomiese impakstudie voorsiening te maak. Die CARA moet aktiwiteite identifiseer wat verband hou met omgewings- en landbou-aangeleenthede (en dienooreenkomsstige beheermaatreëls instel) om binne die doelstellings van die CARA die beskikbaarheid, toeganklikheid, stabilitet en toereikendheid van voedsel te help bevorder.⁵⁸⁸ Toekomstige wetgewing wat handel oor klimaatsverandering moet geformuleer word aan die hand van die internasionaal aanvaarde menseregtebeginsels⁵⁸⁹ en moet die inhoud van die internasionale omgewingsregbeginsels weerspieël.⁵⁹⁰ Die uiteindelike ideaal hiervan is dat toekomstige klimaatsveranderingwetgewing eerstens voorsiening moet maak vir die bewaring van die omgewing en tweedens vir die toenemende verwesenliking van sosio-ekonomiese regte, wat direk verband hou met die bevrediging van basiese behoeftes, onder andere toegang tot voedsel.⁵⁹¹

Vanweë die uiteenlopende verskeidenheid van omgewingsverwante wetgewing in Suid-Afrika word verdere navorsing aanbeveel om te bepaal hoe die hersiening van ander omgewingsverwante wetgewing kan bydra tot die tonemende verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel. Die saamgestelde hersieningsriglyne, soos in hierdie studie geïdentifiseer is, bied geleentheid vir verdere uitbreidings wat die invloede van ander omgewingsaangeleenthede kan insluit.

588 Sien afdeling 4.3.1 van hierdie studie.

589 Sien afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

590 Sien afdeling 3.2.3.5 van hierdie studie.

591 Sien afdeling 4.4 van hierdie studie.

BIBLIOGRAFIE

Literatuur

Aucamp *The Role and the Place of Social Impact Assessment in the Project Life Cycle*

Aucamp IC *The Role and the Place of Social Impact Assessment in the Project Life Cycle* (LLM-skripsi Noordwes-Universiteit 2003)

Badenhorst, Pienaar en Mostert *Silberberg and Schoeman's The Law of Property*

Badenhorst PJ, Pienaar JM en Mostert H *Silberberg and Schoeman's The Law of Property* 5de uitg (LexisNexis Durban 2006)

Beyerlin en Marauhn *International Environmental Law*

Beyerlin U en Marauhn T *International Environmental Law* (Hart Publishing Oxford 2011)

Bonfiglioli *Food and the Poor*

Bonfiglioli A *Food and the Poor* (UNCDF New York 2007)

Botha *Wetsuitleg*

Botha C *Wetsuitleg 'n Inleiding vir Studente* 5de uitg (Juta Kaapstad 2012)

Brand "Introduction to Socio-Economic Rights in the South African Constitution"

Brand D "Introduction to Socio-Economic Rights in the South African Constitution" in Brand D en Heyns C (eds) *Socio-Economic Rights in South Africa* (PULP Pretoria 2005) 1-56

Brand "The Right to Food"

Brand D "The Right to Food" in Brand D en Heyns C (eds) *Socio-economic Rights in South Africa* (PULP Pretoria 2005) 153-190

Burdge en Vanclay 1996 *Impact Assessment*

Burdge RJ en Vanclay F "Social Impact Assessment: A contribution to the state of the art series" 1996 *Impact Assessment* 59-86

Buro van die WAT *Sinonieme en Verwante Woorde*

Buro van die WAT *Sinonieme en Verwante Woorde* (Pharos Kaapstad 2006)

Chetty en Viljoen 2007 *South African Journal of Science*

Chetty L en Viljoen CD "GM biotechnology: friend and foe?" 2007 *South African Journal of Science* 269-270.

Coomans en Yakpo 2004 *AHRLJ*

Coomans F en Yakpo K "A Framework on the Right to Food – An International and South African Perspective" 2004 *AHRLJ* 17-33

Cowen 1989 *THRHR*

Cowen DV "Toward distinctive principles of South African environmental law: Some jurisprudential perspectives and a role for legislation" 1989 *THRHR* 3-30

Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook*

Currie I en De Waal J *The Bill of Rights Handbook* 5de uitg (Juta Kaapstad 2005)

De Vos "The Right to Housing"

De Vos P "The right to housing" in Brand D en Heyns C (eds) *Socio-economic Rights in South Africa* (PULP Pretoria 2005) 85-106

Dugard *International Law*

Dugard J *International Law A South African Perspective* 4de uitg (Juta Kaapstad 2011)

Du Pisani *Social Impact Assessment: The Status of Practice in the North West Province of South Africa*

Du Pisani JA *Social Impact Assessment: The Status of Practice in the North West Province of South Africa* (Omgewingswetenskappe Meestersgraad-verhandeling Noordwes Universiteit 2005)

Du Plessis en Du Plessis "Striking the sustainability balance in South Africa"

Du Plessis W en Du Plessis A "Striking the sustainability balance in South Africa" in Faure M en Du Plessis W (eds) *The Balancing of Interest in Environmental Law in Africa* (PULP 2011) 413-458

Feris 2008 *SAJHR*

Feris L "Constitutional environmental rights: An under-utilised resource" 2008 *SAJHR* 29-49

Feris "Environmental Rights and Locus Standi"

Feris L "Environmental Rights and Locus Standi" in Paterson A en Kotzé LJ (reds) *Environmental Compliance and Enforcement in South Africa Legal Perspectives* (Juta Kaapstad 2009) 129-151

Fukuda-Parr 2012 *ESR Review*

Fukuda-Parr S "Debate on the right to food in South Africa: Entitlements, endowments and the role of economic and social policy" 2012 *ESR Review* 6-11

Giliomee "Agriculture"

Giliomee JH "Agriculture" in Strydom HA and King N (reds) *Fuggle and Rabie's Environmental Management in South Africa* 2de uitg (Juta Kaapstad 2009) 937-950

Hoexter *Administrative Law*

Hoexter C *Administrative Law in South Africa* 2de uitg (Juta Kaapstad 2007)

Hunter, Salzman en Zaelke *International Environmental Law and Policy*

Hunter D, Salzman J en Zaelke D *International Environmental Law and Policy* 3de uitg (Foundation Press New York 2007)

Khoza 2004 *SAJHR*

Khoza S "Realising the Right to Food in South Africa: Not by Policy Alone - A Need for Framework Legislation" 2004 *SAJHR* 664-683

Khoza "The Role of Framework Legislation"

Khoza S "The Role of Framework Legislation in Realising the Right to Food: Using South Africa as a Case Study of this New Breed of Law" in Eide WB en Kracht U (reds) *Food and Human Rights in Development: Volume I Legal and Institutional Dimensions and Selected Topics* (Intersentia Oxford 2005) 187-204

Kidd *Environmental Law*

Kidd M *Environmental Law* 2de uitg (Juta Kaapstad 2011)

Kleyn en Viljoen *Beginnersgids vir Regstudente*

Kleyn D en Viljoen F *Beginnersgids vir Regstudente* 3de uitg (Juta Kaapstad 2002)

Koch *The Food Security Policy Context in South Africa*

Koch J *The Food Security Policy Context in South Africa* (International Policy Centre for Inclusive Growth Brasilië 2011)

Kotzé et al *South African Environmental Law through the Cases*

Kotzé LJ et al *South African Environmental Law through the Cases* (LexisNexis Durban 2008)

Liebenberg *Socio-Economic Rights*

Liebenberg S *Socio-Economic Rights in the Context of the Bill of Rights* (Juta Kaapstad 2010)

Lim Tung 2011 *Woord en Daad*

Lim Tung O "The South African regulatory framework on genetically modified organisms" 2011 *Woord en Daad* 28-32

Møller en Schlemmer 1983 *Social Indicators Research*

Møller V en Schlemmer L "Quality of Life in South Africa: Towards an Instrument for the Assessment of Quality of Life and Basic Needs" 1983 *Social Indicators Research* 225-279

Momtaz en Kabir *Evaluating Environmental and Social Impact Assessment in Developing Countries*

Momtaz S en Kabir SMZ *Evaluating Environmental and Social Impact Assessment in Developing Countries* (Elsevier Oxford 2013)

Nel en Du Plessis 2001 *SAJELP*

Nel J en Du Plessis W "An evaluation of NEMA based on a generic framework for environmental framework legislation" 2001 *SAJELP* 1-37

Nel en Kotzé "Environmental Management: An Introduction"

Nel JG en Kotzé LJ "Environmental Management: An Introduction" in Strydom HA and King N (eds) *Fuggle and Rabie's Environmental Management in South Africa* 2de uitg (Juta Kaapstad 2009) 1-33

Odendaal en Gouws *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*

Odendaal FF en Gouws RH *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* 5de uitg (Pearson Kaapstad 2005)

Olivier, Myakayaka en Richards "Indigenous Plants"

Olivier NJJ, Myakayaka AG en Richards RL "Indigenous Plants" in Strydom HA en King ND (eds) *Fuggle & Rabie's Environmental Management in South Africa* 2de uitg (Juta Kaapstad 2009) 342-393

Rabie "Nature and Scope of Environmental Law"

Rabie MA "Nature and Scope of Environmental Law" in Fuggle RF en Rabie MA (eds) *Environmental Management in South Africa* (Juta Kaapstad 1992) 83-98

Rumsey en King "Climate Change"

Rumsey AB en King ND "Climate Change: Impacts, adaptation, and mitigation; threats and opportunities" in Strydom HA en King ND (eds) *Fuddle & Rabie's Environmental Management in South Africa* 2de uitg (Juta Kaapstad 2009) 1048-1077

Shaw *World Food Security: A History since 1945*

Shaw DJ *World Food Security: A History since 1945* (Palgrave Macmillan New York 2007)

Tangermann "Agricultural policy"

Tangermann S "Agricultural policy" in Hasse RH, Schneider H en Weigelt K (eds) *Social Market Economy History, Principles and Implementation From A to Z* (KAS Johannesburg 2008) 83-85

Terblanche *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit*

Terblanche A *Voedselsekerheid as ontwikkelingsdoelwit in Suid-Afrikaanse wetgewing: 'n Menseregte-gebaseerde benadering* (LLD-proefskrif Noordwes-Universiteit 2011)

Terblanche en Pienaar 2012 *PER*

Terblanche A en Pienaar GJ "Raamwerkwetgewing ter verwesenliking van die reg op toegang tot voldoende voedsel" 2012 *PER* 229-286

Vanclay 2003 *Impact Assessment and Project Appraisal*

Vanclay F "SIA principles: International Principles for Social Impact Assessment" 2003 *Impact Assessment and Project Appraisal* 5-11

Van der Elst 2012 *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*

Van der Elst H ""n Nuwe benadering tot grondhervorming as 'n ontwikkelingsfaktor in die Suid-Afrikaanse politieke landskap" 2012 *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 566-580

Van der Linde "National Environmental Management Act 107 of 1998 (NEMA)"

Van der Linde M "National Environmental Management Act 107 of 1998 (NEMA)" in Strydom HA and King N (eds) *Fuggle and Rabie's Environmental Management in South Africa* 2de uitg (Juta Kaapstad 2009) 193-221

Van der Walt en Pienaar *Inleiding tot die Sakereg*

Van der Walt AJ en Pienaar GJ *Inleiding tot die Sakereg* 6de uitg (Juta Kaapstad 2009)

Van der Walt 2011 *AgriProbe*

Van der Walt C "Volhoubare landbou – waarom die fokus hierop?" 2011 *AgriProbe* 6-7

Van Schooten, Vanclay en Slootweg "Conceptualizing Social Change Processes and Social Impacts"

Van Schooten M, Vanclay F en Slootweg R "Conceptualizing Social Change Processes and Social Impacts" in Becker HA en Vanclay F (eds) *International Handbook of Social Impact Assessment* (Edward Elgar Publishing Limited Cheltenham 2003) 74-91

Van Wyk *Planning Law*

Van Wyk J *Planning Law* 2de uitg (Juta Kaapstad 2012)

Verster et al "Soil"

Verster E et al "Soil" in Strydom HA and King N (eds) *Fuddle and Rabie's Environmental Management in South Africa* 2de uitg (Juta Kaapstad 2009) 294-341

Vidar "The interrelationships between the Right to Food and Other Human Rights"

Vidar M "The interrelationships between the Right to Food and Other Human Rights" in Eide WB en Kracht U (eds) *Food and Human Rights in Development: Volume I Legal and Institutional Dimensions and Selected Topics* (Intersentia Oxford 2005) 141-160

Winkler *The Human Right to Water*

Winkler IT *The Human Right to Water: Significance, Legal Status and Implications for Water Allocation* (Hart Publishing Oxford 2012)

Woods *Human Rights and Environmental Sustainability*

Woods K *Human Rights and Environmental Sustainability* (Edward Elgar Cheltenham 2010)

Staatspublikasies en amptelike verslae

Departement van Landbou *Integrated Food Security Strategy* (2002)

Departement van Omgewingsake en Toerisme *Integrated Environmental Management Information Series 22: Socio-Economic Impact Assessment* (2006)

GK R146 in SK 32975 van 1 Maart 2010

GK R543 in SK 33306 van 18 Junie 2010

GK R544 in SK 33306 van 18 Junie 2010

GK R545 in SK 33306 van 18 Junie 2010

GK R673 in SK 36605 van 2 Julie 2013.

Regering van Suid-Afrika *National Climate Change Response White Paper* (2011)

Wetgewing

Children's Act 38 van 2005

Consumer Protection Act 68 van 2008

Employment Equity Act 55 van 1998

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Merchant Shipping (Safe Containers Convention) Act 10 van 2011

Nasionale Waterwet 36 van 1998

National Credit Act 34 van 2005

National Environmental Management: Air Quality Act 39 van 2004

National Environmental Management: Biodiversity Act 10 van 2004

National Environmental Management: Integrated Coastal Management Act 24 van 2008

National Environmental Management: Protected Areas Act 57 van 2003

National Environmental Management: Waste Act 59 van 2008

National Health Act 61 van 2003

National Land Transport Act 5 van 2009

National Regulator for Compulsory Specifications Act 5 van 2008

Plantverbeteringswet 53 van 1976

Skills Development Act 97 van 1998

Standards Act 8 van 2008

Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996

Suikerwet 9 van 1978

Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997

Wet op Bemarking van Landbouprodukte 47 van 1996

Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne 43 van 1983

Wet op die Internasionale Gesondheidsregulasies 28 van 1974

Wet op die Onderverdeling van Landbougrond 70 van 1970

Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg 62 van 1997

Wet op die Verkryging van Landsvoorraade 89 van 1970

Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond 19 van 1998

Wet op Dieresiektes 35 van 1984

Wet op Geneties Gemanipuleerde Organismes 15 van 1997

Wet op Grondhervorming: Beskikbaarstelling van Grond en Bystand 126 van 1993

Wet op Internasionale Handelsadministrasie 71 van 2002

Wet op Korrektiewe Dienste 111 van 1998

Wet op Landbouplae 36 van 1983

Wet op Landbouprodukstandaarde 119 van 1990

Wet op Maatskaplike Bystand 13 van 2004

Wet op Mededinging 89 van 1998

Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels 36 van 1947

Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998

Wet op Openbare Finansiële Bestuur 1 van 1999

Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk 71 van 1997

Wet op Planttelersregte 15 van 1976

Wet op Rampbestuur 57 van 2002

Wet op Reëling van die Uitvoer van Bederfbare Produkte 9 van 1983

Wet op Veiligheid van Vleis 40 van 2000

Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels 54 van 1972

Wysigingswet op Herstel van Grondregte 22 van 1994

Wysigingswet op Herstel van Grondregte 15 van 2014

Regspraak

Suid-Afrikaanse regspraak

Fuel Retailers Association of SA (Pty) Ltd v Director-General Environmental Management Mpumalanga and Others 2007 (6) SA 4 (KH)

HTF Developers (Pty) Ltd v The Minister of Environmental Affairs and Tourism 2006 (5) SA 512 (T)

Mashava v The President of the Republic of South Africa 2004 12 BCLR 1243 (KH)

Mazibuko and Others v The City of Johannesburg and Others (Centre on Housing Rights and Evictions as amicus curiae) 2010 4 SA 1 (KH)

MEC, Department of Agriculture, Conservation and Environment v HTF Developers (Pty) Ltd 2008 (2) SA 319 (KH)

Regionale regspraak

Social and Economic Rights Action Centre and Another v Nigeria (2001) AHRLR 60 (ACHPR 2001)

Internasionale en regionale instrumente en verbandhoudende publikasies

African Charter on Human and Peoples' Rights (1981/1986)

CESCR General Comment 12: The Right to Adequate Food (1999)

Copenhagen Declaration on Social Development, (1995)

Declaration of the World Food Summit: Five Years Later (2002)

Millennium Development Goals, (2000)

Rio Declaration on Environment and Development, (1992)

Rome Declaration on World Food Security (1996)

Stockholm Declaration of the United Nations Conference on the Human Environment (1972)

Universal Declaration of Human Rights (1948)

World Food Summit Plan of Action (1996)

Internetbronnen

Codex Alimentarius Commission 2014 <http://bit.ly/1E04YxN>

Codex Alimentarius Commission 2014 *About Codex* <http://bit.ly/1E04YxN> [datum van gebruik 4 September 2014]

FAO 2005 <http://bit.ly/1IXeK0C>

FAO 2005 *What is the World Food Summit?* <http://bit.ly/1IXeK0C> [datum van gebruik 11 September 2014]

IPCC 2007 <http://bit.ly/OAmx5a>

IPCC 2007 *Issues related to mitigation in the long-term context* <http://bit.ly/OAmx5a> [datum van gebruik 29 Oktober 2014]

UNFCCC 2014 <http://bit.ly/1IZcilP>

UNFCCC 2014 *Glossary of climate change acronyms* <http://bit.ly/1IZcilP> [datum van gebruik 29 Oktober 2014]

Verenigde Nasies 2014 <http://bit.ly/1xllqVN>

Verenigde Nasies 2014 *Goal 1: Eradicate Extreme Poverty and Hunger* <http://bit.ly/1xllqVN> [datum van gebruik 22 November 2014]

Verenigde Nasies 2014 <http://bit.ly/1HDV5L0>

Verenigde Nasies 2014 *Goal 7: Ensure Environmental Sustainability* <http://bit.ly/1HDV5L0> [datum van gebruik 25 November 2014]

Ander

FAO *Constitutional and Legal Protection of the Right to Food Around the World* beskikbaar by <http://bit.ly/1Bve5XV>

FAO *Global Plan of Action for the Conservation and Sustainable Utilisation of Plant Genetic Resources for Food and Agriculture* beskikbaar by <http://bit.ly/1FKkiS0>

FAO *Guide on Legislating for the Right to Food* beskikbaar by <http://bit.ly/1IXiejR>

FAO *Right to Food Handbooks: Development of Specific Right to Food Legislation* beskikbaar by <http://bit.ly/1rYiwtm>

FAO *Right to Food Handbooks: Review of the Compatibility of Sectoral Laws with the Right to Food* beskikbaar by <http://bit.ly/1qNJy2M>

FAO *Right to Food Handbooks: The Right to Food Within The International Framework of Human Rights and Country Constitutions* beskikbaar by <http://bit.ly/1Bvf22p>

FAO *The Right to Food and Access to Natural Resources* beskikbaar by <http://bit.ly/YAITsr>

FAO *The Right to Food Guidelines: Information Papers and Case Studies* beskikbaar by <http://bit.ly/1Bvfldl>

FAO *Voluntary Guidelines to Support the Progressive Realization of the Right to Adequate Food in the Context of National Food Security* beskikbaar by <http://bit.ly/1qnO8Hj>

Office of the United Nations High Commissioner for Human Rights *Fact Sheet No. 34: The Right to Adequate Food* beskikbaar by <http://bit.ly/1pbEOqs>